

GENESIS

'n Gids oor God se grootheid en genade

Dr J de Koning

INHOUD

Inleidend	4
Hoofstuk 1 <i>As jy wil verstaan</i>	6
Hoofstuk 2 <i>Genesis 1 en God se groot tempel!</i>	12
Hoofstuk 3 <i>Genesis 2: In die allerheiligste van God se tempel</i>	23
Hoofstuk 4 <i>Genesis 3:1-24 Die grootste tragedie ooit</i>	33
Hoofstuk 5 <i>Genesis 4-9: Sonde, oordeel, belofte – wat jy moet weet!</i>	44
Hoofstuk 6 <i>Genesis 10-12: Jy, die nasies en die God van Abram</i>	57
Hoofstuk 7 <i>Genesis 15: Geloof en bang wees</i>	70
Hoofstuk 8 <i>Genesis 16-17: Is jy al besny?</i>	83
Hoofstuk 9 <i>Genesis 18: Goeie nuus vir moedelse bidders</i>	91
Hoofstuk 10 <i>Genesis 18-19: God werksaam in die wêreld: Wat kan jy verwag?</i>	98
Hoofstuk 11 <i>Genesis 20: Abraham, Abimeleg en God se verrassende optrede: Wat jy moet weet</i>	110
Hoofstuk 12 <i>Genesis 21-22: Ons liefdevolle gevoelvolle God in aksie</i>	118
Hoofstuk 13 <i>Genesis 23-24: God se omvattende leiding vir Sy verbondsmense</i>	127
Hoofstuk 14 <i>Genesis 25-27: Sonde in verbondsmense: Wat jy moet weet</i>	135
Hoofstuk 15 <i>Genesis 28-29: God se beloftes: Hoe lyk die regte reaksie daarop?</i>	144
Hoofstuk 16 <i>Genesis 32: Om aan God alleen</i>	156

<i>vas te klou</i>	
Hoofstuk 17 <i>Genesis 34-35: Kan jy God se gunste koop?</i>	168
Hoofstuk 18 <i>Genesis 37-40: Lesse geleer by Josef: (1)</i>	178
<i>God werk stadig en soms pynlik</i>	
Hoofstuk 19 <i>Genesis 41-47 (Gen 45:5-8): Lesse geleer by Josef: (2) Hoe God 'n minus in 'n plus verander.</i>	189
Hoofstuk 20 <i>Genesis 50: Slawe van die God wat gans anders is</i>	201
Bronne	213

Inleidend

Genesis. ‘n Dokument wat wat duisende jare gelede geskryf is in ‘n taal en binne ‘n kultuur wat feitlik geen ooreenstemming toon met my en jou taal en kultuur nie. Kan só’n dokument hoegenaamd relevant wees vir my en jou?

My antwoord? Ja. Verseker. Die lesse van Genesis is ryk en wyd. Maar ek en jy moet baie versigtig met hierdie dokument omgaan sodat ons nie uiteindelik eindig met wat ons wil hê Genesis moet sê, indeste daarvan dat ons die boodskap hoor wat God wil hê ons moet hoor nie.

Kyk, as enige kultuur op enige tydstip enige vrae aan Genesis kon vra en sy antwoorde kry – wel dan sou die boodskap van die boek elke nou en dan verander. Ons doelwit moet altyd wees om so goed as wat ons kan te probeer verstaan wat Genesis beteken het toe dit oorspronklik geskryf is. Ons moet vra hoe dit inpas by God se een boodskap in die Bybel. Dan eers kan ons kyk na spesifieke konsepte wat betrekking het op ons tyd.

Tradisie wil dit hê dat Moses die outeur van Genesis is, alhoewel die boek self geen sulke aansprake maak nie. Dit is verseker moontlik dat ander kon bydra tot hierdie werk. Ons aanvaar egter vir nou dat die inspirasie, doel en kreatiewe denke agter Genesis, van Moses afkomstig is. ‘n Moses wat deur God geïnspireer is.

Die eerste gehoor van Genesis was dus die Israëliete iewers tussen hulle vertrek uit Egipte en hulle binnegaan van die Beloofde Land.

Wat hulle in Genesis kry is die aard van hulle God. Wie is Hy? Wie is hulle as Sy volk? Hulle wat anders is as die nasies rondom hulle.

As ons Genesis wil verstaan moet ons so goed as moontlik in hierdie wêreld van Moses en die mense wie hy bedien, inkom. Wat was belangrik vir hulle? Hoe het hulle oor God en die lewe gedink? Hoe is

hulle beïnvloed deur die kulture rondom hulle? Op watter behoeftes en vrese het Moses gereageer?

Vergeet dus vir 'n oomblik van al jou vooropgestelde idees oor Genesis. Vergeet van jou idees rondom die stryd tussen evolusie en skepping.

Probeer Genesis hoor soos die eerste gehoor dit gehoor het, en kyk watter wonderlike dinge jy gaan leer oor God, die mens en die wêreld.

Hier in Genesis sien jy waar begin die groot verhaal van die werklikheid, die verhaal waarvan jy deel is. Dit begin met 'n toestand van volkome harmonie. God se mense is op die plek waar hy hulle wil hê, onder die heerskappy van Sy woord.

Jy gaan sien hoe dinge tragies skeef loop. Jy gaan sien hoe God 'n nuwe begin maak, beloftes maak wat nou nog geldig is en elke dag besig is om waar te word.

Geniet Genesis!

Hoofstuk 1 *As jy wil verstaan*

h *Die sleutelvers*

Wanneer jy wil verstaan wat aan die gang is in Genesis 1- 3 moet jy verstaan wé die God is waarvan vers 1 praat wanneer ons lees: *In die begin het God....*

Kom ons blaai gou na hoofstuk 2:4. Hierdie vers is 'n sleutel tot die verstaan van hoe ons met die eerste drie hoofstukke van Genesis moet omgaan.

Dit is dan die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het...

Insiggewend! In die Hebreeuse taal het ons hier te make met twee name. JAHWE (Here) en ELOHIM (God).

Ek weet name is vir ons nie so betekenisvol nie, maar vir die mense van die Ou Testamentiese bedeling was name geweldig betekenisvol! Dit het iets gesê van wie die persoon was.

Wie was JAHWE? Wel, dit was die naam waarmee God Homself bekend gemaak het aan Moses by die brandende bos in Eksodus hoofstuk 3.

Die naam JAHWE beteken “Ek is wat Ek is...” (vgl. Eks. 3:14-15). Dit is die naam van die God wat Israel verlos het uit Egipte, die naam van die God wat met Abram ‘n verbond gesluit het. Die Verbondsgod van Israel. Die God wat in 'n verhouding met die volk Israel gestaan het. In hierdie verhouding het God die inisiatief geneem om hulle God te wees en hulle moes Sy volk wees.

Ons kan dit baie eenvoudig stel: JAHWE was Israel se *Verlosser*.

Hoekom is dit alles belangrik? Wel, dit raak uiters belangrik as daar in gedagte gehou word dat ELOHIM, die naam was van die God wat die wêreldskepper was, ook volgens Israel se bure.

So wat probeer die skrywer sê in Genesis 2:4? Hy wil hard en duidelik sê: ***Israel se Verlosser is die Skepper van die wêreld!***

So hulle het God eers as verlosser leer ken, nou moes hulle Hom as skepper leer ken as hulle wou leef as Sy mense. Hulle moes uit God se skeppingswerk leer wat hulle verlossing, meer presies hulle verbondsverhouding, behels en in hoe mate hulle lewe - dit rondom hulle, saak maak nou dat hulle verlos is.

Anders gestel, hulle moes begin raaksien dat hulle verlossing en verbondsverhouding met God, *'n skepping is!*

En dit is wat ons, die ware Israel, ook moet verstaan.

h Hoe het hierdie mense gedink?!

Die vraag is natuurlik nou: “Maar hoekom wil die skrywer dit duidelik stel dat Israel se Verlosser die skepper van die wêreld is?”

Eenvoudig omrede daar heelwat ander skeppingsverhale die rondte gedoen het. In daardie skeppingsverhale was dit nie JAHWE wat die skepper God (ELOHIM) was nie.

Al hierdie skeppingsverhale het hulle verstaan van die werklikheid uitgedruk.

Die skrywer van Genesis 1-3 wil dus apologeties teenoor hierdie skeppingsverhale dit duidelik kom stel wie regtig geskep het en wat die implikasies daarvan is vir die lewe in hierdie wêreld.

Wanneer ander skeppingsverhale van die tyd bestudeer word, is dit opvallend dat die skeppingsverhaal van Genesis 1-3 groot ooreenkomste toon maar ook radikale verskille.

Ons moet dus verstaan dat Genesis nie totaal vreemd is aan die wêreld van die dag nie en binne-in die wêreld van die dag, met die

¹ Van die insigte omtrent die denke in hierdie tyd is afkomstig uit John H Walton se boekie: *The lost world of Genesis one*.

gebruikmaking van dit wat wat vir hulle bekend is, duidelik maak wie die God is wat geskep het.

Met die gebruik van hulle denkraamwerk wil Moses onder leiding van die Gees duidelik maak wie die God is wat geskep het, en wat hulle kan verwag in hulle verhouding met Hom. Wat was die vrae waarmee hulle worstel wat deur Genesis beantwoord word?

Nie evolusie versus kreasionisme nie! Nee, “Wie is verantwoordelik vir reën en sonskyn en groei?” Randon hulle is baie ander volke met gode, en hulle maak daarop aanspraak dat hulle gode alles gemaak het en reën gee en wat nog als.

Hulle het nie soseer belang gestel oor hoe *presies* dit gebeur het dat ‘n voël vlerke het en diere bene het, of hoe presies die son saamgestel is en waaruit dit bestaan nie.

Nee, “Wie laat alles funksioneer?” Wie laat plante groei?” “Wie laat die son skyn?” “En vir watter doel?”

Maar meer belangrik: “Wie is hierdie God wat hulle bevry het? Hoe is Hy, hoe werk Hy?” “Stel Hy belang in hulle oeste?”

Anders gestel: “Wat kan hulle verwag in hulle verbondsverhouding met hierdie God?”

En God inspireer Moses om dit vir hulle duidelik te maak - en daaruit kan *ons* geweldig leer. Want ons staan mos weer in ‘n verbondsverhouding met God in Christus Jesus.

Jy sien Moses gebruik die taal en terme van die dag, net soos Jesus die taal en terme en denkraamwerk van Sy dag gebruik het, en net soos Jesus, as Hy vandag hier sou kon wees, sou praat van atome en neurone en hardeskywe... Ek dink jy hoor wat ek probeer se

Indien ‘n mens dus hoegenaamd Genesis se eerste 3 hoofstukke wil verstaan moet jy onthou dat God se openbaring na hulle kom binne die verstaan raamwerk van hulle tyd. Onthou altyd dat Jesus, God se finale,

laaste Woord (Heb. 1:1-3) kom ook na die wêreld binne 'n bepaalde tyd. Jesus lyk soos 'n eerste eeuse Jood, praat hulle taal, gebruik die beelde wat hulle gebruik. 'n Mens dink byvoorbeeld aan Jesus se uitspraak dat die mosterdsaad die kleinste van alle saad is. Dit is hoe daar in daardie dag gedink is. Ons weet vandag dat 'n mosterdsaad nie die kleinste saad is nie. Daar is heelwat sade wat kleiner is. Gaan *google* dit maar vir jouself. Het Jesus dus gelieg? Nee, wat was die punt wat Hy wou maak? Hy maak die altyd geldende stelling dat die Koninkryk van God so klein, byna onsigbaar is in hierdie wêreld, maar uiteindelik die grootste van alles gaan wees. Dit is die waarheid. Dit bly. As Jesus vandag die waarheid wou oorbring sou Hy net dit anders verpak het. Hy sou met ander woorde na 'n ander saad verwys het, om Sy punt te maak.

As ons daarom kyk na Genesis se eerste hoofstukke, moet ons verstaan dat ons hier te doen het met die Antieke Ou Nabye-Ooste se verstaan raamwerk wat betref die Kosmos en Sy ontstaan. God gee die waarheid wat Hy wil hê die mense van daardie tyd en ons moet verstaan, binne hierdie verstaansraamwerk.

Ons het hier te doen met antieke kosmologie én kosmogonie. “Kosmologie”, kom van die woord “kosmos” af wat geordende wêreld of universum beteken. Dit beteken die leer of teorie oor die aarde en struktuur van die kosmos. Soms sluit dit ook verklarings oor die oorsprong van die kosmos in. Maar in laasgenoemde geval moet 'n mens liever praat van ‘kosmogonie.’


Hoe dit ook al sy, die openbaring van Genesis 1 -3 vind plaas binne antieke kosmologie en kosmogonie.

Hoe het hierdie mense na die wêreld gekyk? Die mense van daardie tyd het die wêreld gesien as bestaande uit drie verdiepinge: die *hemel*, die *aarde* en die *onderwêreld*.

In die hemel daarbo was daar 'n aantal pakkamers agter die uitspansel. Daar was die pakkamer van die sneeu (Job 38:22), die pakkamer van die hael (Job 38:22) en die pakkamer van die wind (Psalm 135 :7).

Elke pakkamer het 'n sluis gehad waardeur die inhoud na die aarde toe kom (Gen. 7:11-12). Die hemel self rus op pilare wat op die aarde gegrond is (Job 26:11), terwyl die aarde op sy beurt weer op pilare rus wat in die onderwêreld gegrond is (Job 9:6) die onderwêreld bestaan hoofsaaklik uit 'n watermassa wat baie diep is (Gen. 7:11) en wat deur twee groot riviere gevoed word (Psalm 24:2 let wel; strome is dieselfde as riviere).

Dit lyk min of meer so:



Kortliks: As jy wil hê al die uitsprake in hierdie eerste gedeeltes moet ooreenstem met hedendaagse wetenskaplike bevindings – wel dan lees jy nie meer die Bybel soos dit bedoel is om te lees nie. Punt.

Wat ook belangrik is, veral as jy nou op Genesis 1-2 gaan insak, is om te weet dat die mense van hierdie tyd gedink het as dit kom by die begrip *skep* of *geskep* in Genesis 1:1. As ons dink aan *skep* dink ons onmiddellik aan *niks* wat was nie en nou is daar *iets*. Die iets, die materiële ding wat tot stand gekom het is vir ons gelyk aan – nou bestaan iets. Nou is iets geskep.

Resente studies van die gebruik van die woord, *bara*, wat ons met *skep* vertaal, dui daarom dat dit alles te make het met hoe dinge begin funksioneer. Julle sal weet ‘n besigheid, of kom ons sê ‘n restaurant *bestaan* eers as dit funksioneer.

Dit was die tipe denke in hierdie tyd.

Terloops, in hierdie tyd het Israel se bure die uitspansel, son, maan en aarde as gode aanbid. Daar is dus belang gestel in hoe werk hierdie gode en nie soseer in die werklik materiële strukture nie.

Nou is jy reg om weg te sak in Genesis 1!

Hoofstuk 2 *Genesis 1 en God se groot tempel!*

h *Genesis 1 se “skep”*

Jy weet nou al hoe die mense van daardie tyd gedink het oor skep en oor wanneer iets bestaan.

Die woordjie skep, “*bara*” in die Hebreuse taal, se betekenis het dus nie te make met hoe materie ontstaan het nie. Alle lewende organismes en hul nie-lewende omgewing is uit materie opgebou. Materie kom voor in 4 fases: vaste stowwe, vloeistowwe, gasse en plasma. *Bara, skep*, het nie te make met hoe *dit* ontstaan het nie.

Dit gaan nie in Genesis 1 soseer oor *iets* teenoor *niks* nie , maar oor *georganiseerd* teenoor *chaoties*. In die Psalms is God ook dikwels die een wat die chaotiese neutraliseer

Dit is wat belangrik was – daar was vir hulle natuurlik geen twyfel dat God alle materie ook tot stand gebring het nie, maar daar was geen debat daaroor nie. Dit was ‘n gegewe. Daar was geen debatte oor wat Hy gebruik het en hoe lank en hoe hy dit gedoen het nie. Vir hulle was dit belangrik hoe het alles *begin werk* en hulle *doel bereik* – *wie sit agter dit...* vir watter doel? Doel, betekenis, funksie. Dit was belangrik.

En dit is wat ons in Genesis 1 kry. Natuurlik verwys gedeeltes in die Nuwe Testament, soos Kolossense 1:16,17 en Hebreërs 11:3 na die feit dat God ook alle materie geskep het. Maar Genesis 1 gaan nie soseer daaroor nie.

h *Die woord “begin” verwys na die 7 dae periode*

Waarna verwys die frase “in die begin? Die begin van wat? Weereens moet ons nie *ons* verstaan van *in die begin* hier inlees nie, maar probeer verstaan wat die Hebreuse begrip wil sê.

En ‘n studie hiervan wys dat dit nie soseer verwys na soseer na ‘n vaste punt waar alles begin het nie. Nee, dit verwys na ‘n periode, soos byvoorbeeld die periode van ‘n konings se eerste regerings jare.

“En in dié jaar, in die begin van die regering van Sedekía, die koning van Juda, in die vierde jaar, in die vyfde maand, het Hanánja, die seun van Assur, die profeet, wat uit Gibeon afkomstig was, met my gesprek (Jer 28:1).

Watter periode is hier ter sprake in Genesis 1? Wel die periode wat afgesluit word in Genesis 2:1. Hierdie begin word beskryf in die 7 dae! Verseker word hier verwys na 24 uur dae. Aand en môre. Maar onthou nou die “skep” hier, het *nie te make met hoe alle materie ontstaan het en hoe lank nie, maar hoe alles gebring is tot funksionering vir ‘n doel* en ons gaan die verrassende van daardie doel nou net sien. Dit word in die 7 dae beskryf!

Maar goed: In die begin is dus die literêre inleiding tot die periode wat eindig in 2:1.

h Wat hulle en ons moes weet van die toestand voor God geskep het (vers 2)

Ek sê hulle en ons, want soos hulle moes leer en verstaan dat hulle verlossing uit Egipte en vorming as volk, ‘n nuwe skepping is, en hulle dus moet leer *uit* die skepping oor hulle verlossing, so moet ons leer dat ons verlossing van sonde ‘n nuwe skepping is.

Genesis 1:2, indien reg verstaan, bevestig dat wat beskryf word in die 7 dae alles te make het met die begin van *doelgerigte funksionering*. As dit gegaan het oor die skep van materie uit niks, sou daar geen materie wees nie. Maar daar is. Jy sien wat jy ookal maak met die vertaling wat as *woes en leeg* (53 vertaling) vertaal word, daar is melding van *waters*, dus alreeds *materie*!

Die gedagte agter hierdie woorde, wat ons vertaal met woes en leeg of onbewoonbaar, as mense kyk na die gebruik daarvan in die Ou Testament en ander literatuur, is weereens: *Die aarde en alles daarop het nog het nog nie gefunksioneer soos dit moet funksioneer nie.*

Wat Israel moes leer uit hoe hulle Verbondsgod geskep het is dit: Voor hulle verlossing as volk was hulle disfunksioneel, sonder rigting en doel.

En net so ek en jy...

h Hoe werk God in hierdie situasie?

God skep deur Sy woord (Gen. 1:3 e.v.). Ons sien ook Sy Gees was hier betrokke. Maar nie bloot op tower meganiese manier nie.

God *beveel* dat daar iets moet wees, en dan is dit daar. Kyk na vers 3 en 9. Maar let ook op wat gebeur in vers 11 en 12. God beveel *die aarde* om iets voort te bring en *die aarde* doen dit.

So God se Woord werk ook middellik.

God werk egter ook as kosmiese kunstenaar. As ons die eerste helfte van die week teenoor die tweede helfte plaas, sien ons die volgende interessante verskynsel.

God verander die toestand van nie- funksionering van vormloosheid en leegheid van die skepping deur vorm en volheid sodat dit kan funksioneer – en baie belangrik sodat die mens daarin volkome tot sy funksionering kan kom naamlik om God sigbaar voor te stel, te weerspieël en die aarde te vul.

Eerste helfde Toho (woes/vormloos) Tweede helfde Boho (leeg)

Skei

Dekoreer

1e dag

4de dag

Lig /donker

son en maan (ligte...).

2e dag

5e dag

Uitspansel wat skeiding maak

tussen

- 1) Waters in die lug, en
- 2) Waters op die aarde

- 1) voëls (in lug)
- 2) visse (waters)

3e dag

- 1) Droë grond (afgeskei van see)
- 2) Plante

6e dag

- 1) diere op grond
(plante =voedsel)
- 2) mens op grond
(plante =voedsel)

Ek hoop jy sien die klem is op hoe alles begin funksioneer het, met ‘n doel.

Let kortliks op:

Dag 1: Lig? God sê uitdruklik hierdie lig het Hy *dag* genoem (vers 5). Nou wil sommige ouens die wetenskaplike verklaring van die materie van lig en hoe dit eerste sou kon wees, hier inlees. Nee, dit gaan oor lig in sy *funksie* as dag, dus die begin van tyd.

Dag 2 se “uitspansel” het ook ‘n funksie: Dit gaan nie oor hoe hierdie sogenaamde uitspansel van niks tot ‘n uitspansel gekom het nie. Nee, waarvoor het dit tot stand gekom? Wat is sy funksie? Hierdie koepel maak skeiding!

Dag 3 gaan alles oor skeiding en ‘n aarde *wat reeds kan voortbring*. Let op: Die plante word *as voedsel* voortgebring

Dag 4 is veral interessant. Die son en maan wat deur godsdienste rondom Israel as gode aanbid is word “ligte” genoem. En hulle word

weereens vir funksies geskep. Skeiding maak, tekens wees en heers. In die res van die Pentateug sien ons dat “tekens” daar is om te herinner aan God se getrouheid. Diere sou jy opmerk het ook weer ‘n funksie!

Dag 5 is ook vol funksionering. Dit is veral in die seëning wat God uitspreek dat ons die doel sien: Om vrugbaar te wees en te vermeerder. God het hulle geskep met die vermoë om dit te doen en hulle moet nou die onderskeie gebiede waarin hulle hulself bevind, vul!

Dit bring ons by die mens

h God... en die die mens

Genesis 1: 26 begin weer met die bekende uitdrukking: *en God het gesê*. Maar let op die woorde van God wat volg is nie die verwagte onpersoonlike bevel: *Laat daar ‘n mens wees nie...*

Nee, kyk dit is in die eerste persoon. Dit is ‘n persoonlike uitdrukking van die wil van God: *“Kom laat ons mense maak...”*

Treffende kontras nie waar nie? Soos ‘n spreker wat ‘n formele toespraak hou en ewe skielik persoonlik begin praat...

Verder meer, elke skepsel so ver is *volgens sy eie soort* gemaak, voortbring, tot funksionering gebring

Die mens deel deel sy gelykenis met Sy maker.

Let ook: Man en vrou. Soos die God wat “ons” is. Die mense is na sy wese in verhouding. Soos God. Met God en met ander mense.

As rentmeester heersers, het die mens die funksie om die aarde te vul met die beeldraers van God!

***h Die verrassende rus van die sewende dag(Gen. 2:2): God en mens in 'n kosmiese tempel!*²**

Die literêre simmetrie van dag 1 tot 3 en 4 tot 6 kom tot 'n klimaks in dag 7.

As ek en jy lees dat God *gerus* het na die 6 skeppings dae, kom ons wees eerlik, maak dit bitter min sin vir ons. Ek meen, punt nommer een: *hoe kan God moeg word?* Lees ons nie juis in die res van die Bybel dat Hy nie slaap of sluimer of moeg word nie? Is dit nie juis ons groot troos nie? Hy is tog nie 'n fisiese wese wat fisiese werk gedoen het met die skepping nie? Wat beteken dit?

Wel, weereens is die sleutel tot verstaan: Wat sou die eerste lesers verstaan het?

Ek wil die stelling maak hulle sou hier tot die duiselingwekkende besef gekom het dat die hele kosmos God se tempel is!

Hoekom? Wel omrede gode *gerus* het in tempels. Ons kry dit oral in die literatuur, die inskripsies wat die rondte gedoen het in die tyd tot Israel op trek was na die land.

Sekerlik die beste plek om te sien dat die *Israëliete* dit wel ook so verstaan het, dat ook hulle God *gerus* het in 'n tempel, is om te kyk na wat die Psalmis baie later skryf;

Kom ons gaan sy woning binne, kom ons buig daar in aanbidding voor Hom. Kom na u rusplek toe, Here, U en die ark, die teken van u mag. Ja, die Here het Sion gekies en dit vir Hom as woning begeer: Dit is my rusplek vir altyd; hier wil Ek woon, dit is my begeerte.
(Psalm 132:7-8,13-14)

² Die insigte rondom Genesis 1- 2 en God se kosmiese tempel is verkry uit J.H. Walton se boekie *The lost world of Genesis one*

Dit raak veral ook interessant as mens na Eksodus en die bou van die tabernakel, wat Israel se beweegbare tempel was, kyk. Ek dink jy sal saamstem dat 'n mens onmiddellik sien wat hulle onder rus sou verstaan!

- Wanneer Moses op die berg gaan om instruksies vir die tabernakel te ontvang, sê die skrywer dat die heerlijkheid en die wolk die berg vir ses dae bedek het (Eks. 24:16).
- Op dieselfde wyse, aan die einde van hoofstuk 31:13, sluit Jahwe (die Here) die tabernakel-instruksies af met die bevel *tot onderhouding van die Sabbat*.
- Die ooreenstemming is treffend in (Eks. 40:33-38);. Ons lees: *“So het Moses dan die werk voltooi”*, waarna die wolk die tent van samekoms bedek het, wat kommunikeer het dat die volk uiteindelik gerus het van hulle omswerwinge terwyl Gen. 2:1-3 so lees: *“So is dan voltooi die hemel en die aarde ...En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.”*
- Die formule *“Hy/hulle het gemaak ... soos die Here Moses beveel het”*, kom sewe keer voor in Eksodus 39 (39:1,5,7,21,26,29,31).Beide die sewevoudige herhaling en die inhoud herinner aan Genesis 1-2 en die formule: *“En God het gesê ... en dit was so.”*
- Verder in Eksodus 39:43: *“En Moses het die hele werk bekyk – en hulle het dit gemaak soos die HERE beveel het, so het hulle dit gemaak. Toe het Moses hulle geseën”*, ‘herinner aan Genesis 1 se “God het gesien ...”, wat dan uiteindelik uitloop op die seën (heiliging) wat uitgespreek word oor die voltooiing van die skepping (Gen. 2:1-3).

So Genesis 1 wil ons wys is dat die hele kosmos God se tempel is. Wat ons daarom kry in die 6 skeppingsdade, is die regmaak, die in die plek kry van alles in hierdie tempel sodat God in waarheid aanbid kon word.

As ons net weer dink aan die tabernakel:

“Uiteindelik was al die werk vir die tabernakel, die tent van ontmoeting, klaar. Die Israeliete het alles gemaak presies net soos die Here vir Moses beveel het.”
(Eksodus 39:32)

Blaai nou in jou Bybel na Eksodus 39:43. Sien jy dit? Alles is na Moses gebring, dit is geïnspekteer en hy verklaar dit waardig vir seën. Dan, in Eksodus 40:9-16 word alles in plek geplaas, gesalf en toegewys. Die tabernakel kan nou begin funksioneer.

Kyk nou na Eksodus 40:34!

“’n Wolk het die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul.”

Jy sien Genesis 1 het alles te make met God wat vir Sy verbondvolk wil sê: *“die hele kosmos is My tempel en was bedoel as plek van verhouding met My.”*

Die sewe skeppingsdae het te make met hoe God hierdie tempel ingerig het en tot funksionering gebring het.

Hy wil vir hulle sê: *“dit was My aanvanklike doel om met my mense in verhouding te wees in die hele kosmos. Die hele skepping moes die tempel wees waar Ek die mens ontmoet in ‘n persoonlike verhouding en hy My aanbid in ‘n persoonlike liefdes verhouding...”*

Ek en Ek alleen het alles vir My tempel ingerig. Die mens is gemaak om My beeld te wees, My sigbaar voor te stel in hierdie kosmiese tempel. Die mens is gemaak om My manier van ordening en skepping en My versorging van die kosmos te vertoon.”

Alles is daarom: “baie goed”

h Wat Israel moes hoor

Wat Israel dus moes hoor in Genesis 1 is dit:

“Julle God, *Jahwe* het alles vir Sy doel geskep. Hy is nie deel van die skepping nie.

Julle staan nou in ‘n verbondsverhouding met hierdie God, *soos Adam en Eva* in die begin.

Julle het my verbondsvolk geword *op dieselfde manier* as wat julle nou gesien het. Ek het julle geskep. My Gees het beweeg oor julle wat nie gefunksioneer het nie. Ek het julle laat begin funksioneer soos julle moet.

Julle was nie-funkioneel, vormloos en leeg.

Ek het julle tot stand gebring as volk om te vermeerder en My sigbaar voor te stel, deur My Woord.

Wat julle moet weet is dat Ek deur My Woord werk. Ek orden deur My woord maar ek gebruik *julle*. Ek gebruik my knegte. Soos Moses.

Die tabernakel wat julle het en uiteindelik die land wat julle sal ingaan is ‘n teken van my vasbeslotendheid om weer terug te beweeg na so verhouding.

Julle moet ‘n afbeelding wees van My aanvanklike skeppings doelwit vir die wêreld.

Julle moenie vrees vir die ander nasies en hulle afgode wat daarop aanspraak maak dat hulle reën en goeie oeste kan gee nie. Julle moet nie son en man en sterre aanbid nie. Julle moenie dink dit wat rondom julle is, die geskape dinge, is sleg nie.

Julle moet weet dat Ek alles wat nie funksioneer nie maak funksioneer vir My en tot voordeel van julle, deur My woord.

Julle moet weet dat alles wat julle rondom julle sien, plante diere – is *in My tempel*, en julle moet dit so hanteer en dienooreenkomstig daarvoor heers.

Alles wat julle doen, word dus gedoen – *in my tempel* en is dus aanbedding van my. Julle as volk is ‘n heilige volk en Koninklike priesterdom wat diens doen in My tempel

Julle is daar sodat die nasies uiteindelik weer in My kosmiese tempel kan leef in aanbedding van My.”

h Wat ons moet hoor

Kom ons vergeet die eindelose debatte oor skepping en evolusie. Ons groot antwoord op siening dat alles van self ontstaan en op pad is na niks nie, is: “*Nee, Genesis 1 skreeu van funksie, plan en doel!*” Hier is iets ontsaglik groots vir ons:

Ek bestaan as mens omdat God wil hê ek moet bestaan. Meer nog: Ons totstandkoming as Christene, ons as nuwe skepping kom van hierdie God. Gaan lees: 2 Korintiërs 4:6; 2 Korintiërs 5:17

Hierdie God is:

- Ü Ewig
- Ü Een
- Ü Onderskeibaar van die skepping
- Ü Soewereine Koning oor die skepping
- Ü Magtig
- Ü Persoonlik

Sonder God se herskepping, sonder dat Sy Gees oor jou beweeg het, is jy vormloos, nie funksioneel nie. Jy “werk” nie... jy is nie mens nie.

God skep deur Sy woord. En wie of wat is Sy woord? Wel gaan lees weer Johannes 1:1,14!

Hy het ons geskep deur Jesus.

Hy werk steeds deur Sy woord en skakel ons daarby in.

Wie is ek?

- Ü ‘n Skepsel! Ek is nie God nie.
- Ü In *verhouding* met God.
- Ü Die beeld van God, dus:
 - soos God
 - maar anders as God
 - Ek moet vir die wêreld wys hoe lyk God.

Man en vrou is egter saam die beeld van God. Saam stel ons God sigbaar voor in die wêreld.

Hoe moet ons dink oor hierdié wêreld?

- Ü Dit is geordend deur God se Woord
- Ü Dit is histories
- Ü Dit is goed (daar is variëteit en harmonie)

Ü Dit is deel van God se koninkryk

Ons is *nou* in die posisie van Adam en Eva, en die posisie waarin Israel hulleself later bevind het.

Ons moet as Christene vermeerder en vrug dra. Dit is ons funksie waarvoor ons geskep is, om te vermeerder as gelowiges en as beeldraers van God die wêreld, Sy tempel te vul (Vgl. Matt. 28 se opdrag).

Ons het nie 'n spesifieke land soos Israel gekry waar ons dit moet doen nie. Ons moet in die wêreld vir die wêreld wys wat God wou (nie net in die land nie). Ons moet dit weer doen in die hele wêreld, in die kosmos. Ons moet vir die wêreld wys dat die hele kosmos God se tempel is, waar Hy geëer moet word en waar alles vir en tot Sy eer aangewend moet word.

Ons houding teenoor die skepping is belangrik!

Alles wat ons in die skepping doen is deel van ons aanbidding in God se tempel!

Alles in hierdie tempel wil ons ook lei tot aanbidding!

Ons is nou 'n koninklike priesterdom, soos Israel. Ons as Sy kinders. Ons doen diens in God se kosmiese tempel elke dag (vgl. 1 Pet. 2:9).

Ons wag vir nuwe hemel en aarde....

Hoe moet ons dink oor ons rus, ons sabbatviering? Baie korliks behels dit die erkenning dat Hy in beheer is, nie ons nie. Ons weet alles is deur Jesus geskep en word deur Hom in stand gehou. Daarom rus ons as ons in Hom in vlug deur die geloof (vgl. Heb. 4:1-11).

Hoofstuk 3 *Genesis 2: In die allerheiligste van God se tempel*

h *Genesis 2 op die oppervlak*

Wanneer jy na Genesis 2 beweeg, sien jy dadelik interessante *verskille* met Genesis 1. Genesis 1:1 begin met die volgorde: Hemel en aarde. Genesis 2:4b praat van aarde en hemel. Die klem in die res van Genesis 2 is dan ook op die aarde. Daar is nooit sprake van die uitpansel, ligte en dies meer nie.

Genesis 2:2-5 los ons met 'n aarde wat soek vir 'n mens wat dit kan bewerk. En die fokus verskuif dan ook na die mens.

Waar die mens in Genesis 1 die eindpunt van 'n piramide is in die 6 dae, is die mens hier die middelpunt van 'n sirkel. Elke besonderheid word in verhouding met die mens geplaas.

- Die tuin word vir hom geplant.
- Die bome is daar sodat hy kan eet.
- Die twee bome waarvan ons lees staan in besondere verhouding met die mens.
- Die diere en voëls is na die mens gebring sodat hy vir hulle kan name gee.

Wat Eden betref: Op die oppervlak gesien verskaf Eden voedsel sodat die seëninge van Genesis 1 tot vervulling kon kom.

h Genesis 2 dieper bekyk

In hoofstuk 1 het ons gesien die vreemde ‘rus’ is die sleutel om te verstaan wat God uiteindelik vir Sy verbondsvolk en ons wil sê oor die skepping.

As ons by hoofstuk 2 kom kan ons sê, *Eden is die sleutel* tot ‘n dieper verstaan.

As alles van Genesis 1 se sewe dae, die inrigting van die kosmiese tempel van God was, wat sou ons dink sou Eden logies voor staan? Wel, sekerlik ‘n deel in hierdie tempel?

Maar kom ons staan nader aan Eden om te kyk of ons reg is. Nou die woord self, volgens die nuutste studies verwys na ‘n *oorvloed van water voorsiening*.

Dit is interessant: Tempels in Egipte en Mesopotamië is gesien as gebou op fonteine. En tuine is natuurlik geassosieer met plantegroei. Die woord tuin verwys eintlik na ‘n park, soos ons dit verstaan. Ons lees daar is ‘n tuin in Eden geplant, die res van die Bybel praat egter van die tuin *van* Eden.

Interessant is ook die feit dat tuine voor paleise geplant is, as ‘n *voorvertrek*. Dit lyk asof ons die tuin moet verstaan as dit wat aan hierdie waterryke plek Eden soos ‘n *voorvertrek* geheg was.

Met dit in gedagte kom ons kyk na die res van die Bybel om te sien of Eden wel verstaan is as deel van ‘n tempel.

Eerstens moet ons daarop let dat Eden gesien is, nie as die mens se tuin nie, maar in die eerste plek as God se tuin.

h God se tuin...

Nou gaan die Here Hom oor Sion ontferm, Hy gaan Hom oor al die puinhope daar ontferm. Hy gaan die woestyngedeeltes maak soos Eden, die barre wêreld soos die tuin van die Here. Daar sal vreugde en blydschap in Sion wees, daar sal gedank en gesing word (Jes. 51:3).

Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei (Eseg. 28:13).

Eden is die plek waar *God* bly. Waar het God gebly na die oprigting van die tabernakel?

h In die profete en Psalms vloei water uit die tempel

Daarna het hy my terugbring na die ingang van die huis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die huis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersy muur van die huis uit, suid van die altaar (Esegiël 47:1).

Oor die strome van die rivier is daar blydschap in die Godstad, in die heilige woning van die Allerhoogste (Psalm 46:4).

Daardie dag sal daar 'n vars stroom water uit Jerusalem vloei, een helfte na die see in die ooste toe

en een helfte na die see in die weste toe, somer en winter (Sag. 14:8).

Sien jy dit?

h Verrassende ontdekking uit die boek Openbaring

Ons het gekyk na die verskil in volgorde tussen Genesis 1:1; en Genesis 2:4b.

Hemel en aarde. Teenoor aarde en hemel. Kyk nou na Openbaring 21:1.

Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie

Maar dan verskuif die fokus na Jerusalem en uiteindelik kry jy die volgende in Openbaring 22:1e.v.!

Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit

So Openbaring 21: 1 neem ons as't ware terug na Genesis 1:1 en Openbaring 22 na Genesis 2. En wat sien ons dan? Sien jy dat daar water vloei uit die troon van God? Die plek waar God spesifiek woon? Waar Hy sit!

h Die verrassende inhoud van die tabernakel

Ons het gesien met die instruksies van die tabernakel bedek die wolk die berg vir 6 dae gevolg deur 'n oproep tot Sabbatsonderhouding. Nadat alles in plek gekry is vul die teenwoordigheid van God die tabernakel.

As ons kyk na wat in die tabernakel *voor* die allerheiligste was is dit baie interessant.

Die goud en oniks van die tuin verskyn weer in die tabernakel, waar goud in oorvloed gevind is en die oniksstene nou gegraveer is met die name van die seuns van Israel (Eks. 28:9-12; vgl. 25:7).

Die boom van die lewe word gesimboliseer in die goue kandelaar met sy “stam”, sy “kelkies”, sy “knoppe” en sy “blomme” (Eks. 25:31-40).

Gerubs word gevind tussen die palms en blomme in die binnekamers, op die gordyne en die gordyn van die tabernakel (Eks. 26:1; 31; 36:8; 35), sowel as bo-op die ark van die verbond *met hulle vlerke uitgesprei* (Eks. 25:18-22; vgl. ook 1 Kon. 6:23-28). ‘n Mens kan nie anders as om die verband te sien met die engele wat die ingang na die tuin bewaar het aan die oostekant van Eden se ingang (Gen. 3:24; vgl. Eseg. 28:14).

Wat is die punt? Ons het gesien die tuin moet verstaan word as ‘n *voorvertrek* van Eden, waar die water is. Ons het gesien water vloei uit die plek waar God spesifiek woon. Nou het ons gesien dat die tabernakel niks anders as ‘n afbeelding van die tuin van Eden is nie, en daar sien ons dat alles wat in die tuin gevind word (voor Eden – die plek van water) in Genesis 2, hier *voor* die allerheiligste gevind word.

Ek dink ons kan daarom met vrymoedigheid die volgende stelling maak: *Eden is die allerheiligste en die tuin is die vertrek voor die allerheiligste van God se tempel.*

h God en mens in ‘n intieme verhouding

Die verassende is verder dat ons sien dat God met die mens in hierdie heiligdom ‘n baie intieme verhouding gehad het.

Wie is die mens?

Die besondere van die mens is nie daarin geleë dat hy, soos die (OAV) dit stel, ‘n “lewende siel”, of “lewende wese” (NAV) geword het nie. In die Hebreeus word dieselfde terme in Genesis 2:18 gebruik vir diere!

Nee, die besondere wat ons hier sien is dat die Here *self Sy asem in die mens* gebalaas het.

En hy word werk gegee. Om die tuin te bewerk en te bewaak.

Baie interessant: Die opdrag aan Adam om die tuin te bewerk (*'ābad*), en te bewaak (*šāmar*), is funksies wat ook geassosieer word met levitiese en priesterlike pligte (vgl. bv. Num. 1:53). Dit bevestig dat ons Eden as 'n heilidom moet verstaan.

Adam se ordening van die diere wêreld deur hulle name te gee, stem ooreen met die priesterlike opdrag om te onderskei tussen rein en onrein diere en die vasstelling van watter diere vir offerande gebruik kan word.

Nog iets bevestig dat ons moet sien dat Adam as 'n priester diens gedoen het in 'n heilgdom:

Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. (Eseg. 28:13).

Hoekom is dit interessant? Die enigste mens in Eden was Adam en daardie edelgesteentes wat genoem word, is presies wat op die kleredrag van die hoëpriester gevind word.

Verder sien ons hier dat die mens 'n vrou gegee word wat by hom pas. Ons sien ook hier dat die mens totaal anders is as die dier. Niemand van die diereryk is geskik nie. (Ja, jou *budgie* is nie bedoel as jou lewensmaat nie!)

God sê ten diepste: *Jy moet My mens wees. 'n Wese in verhouding. Wat vir My diens doen.*

Wie is God?

Ons sien hier baie duidelik dat God *persoonlik* is. Hy tree in gesprek met die mens, in wie Hy Sy lewensasem geblaas het.

Hy is ‘n *vrygewige* God. “*Van al die bome mag jy eet*”. Dit is die Satan wat God se woorde verdraai in Genesis 3:1.

Die verbod op die die eet van die boom van kennis van goed en kwaad? Die kennis van goed en kwaad verwys waarskynlik na ‘n status van onafhanklikheid van God, waarin Adam en Eva self sou besluit, los van God, wat is goed en wat is sleg. So die eet van hierdie boom sou ‘n verklaring wees dat hulle onafhanklik, los van God wil wees en leef. In die lig van wie God is, sou dit ‘n ramp wees. In elke geval, hoe ons dit ookal moet verstaan, dit was definitief nie bedoel om die mens iets te misgun nie, maar in die lig van wat wel later gebeur het, kan ons sê dit was daar om die mens te beskerm. Uit liefde.

God doen iets aan die enigste situasie wat as “nie goed” beskryf word. God gee aan die mens ‘n vrou wat by hom pas.

‘n Verbondsverhouding

Dit is moeilik om nie te sien dat alles wat God hier doen, neerkom op dit wat Hy later in die verbonds verhouding min of meer só verwoord nie: *Ek wil vir jou ‘n God wees... maar luister na my, vir jou eie beswil moenie eet van daadie boom... jy moet my mens(volk) wees.*

Die eenheid tussen man en vrou?

Binne dit wat ons nou gesê het, hoe moet ons dit verstaan dat Genesis 2, eindig met vers 25?

Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie.

Pas dit?

Met die eerste oogopslag kan ‘n mens dink die rede waarom hulle nie skaam was al was hulle naak nie, is omrede daar nog nie sonde was nie, so hulle kon nog nie sien dat hulle eintlik moes skaam wees nie. Nou die implikasie hiervan is dat daar iets fout is met naaktheid. Dat daar iets snaaks en gebrekkig aan naaktheid is. Maar dit kan nie wees nie: God het die mens so geskape en gese dit is goed. Daar was geen vlek of rimpel fisies nie. Daar is ook niks moreel fout met fisiese naaktheid nie, dit is perfek. Dit is nie sonde in sigself nie.

Dit is interessant om te kyk na die betekenis van die Hebreuse woord wat ons met *skaam* vertaal: Die hoof betekenis van die stam is: *om in die skande te kom, in onguns te verval, deur die mislukking of van jouself of van iemand wat jy vertrou*. Dit hou ook verband met die betekenis van vernedering, om verpletter te word, ontmoedig te word, frustrasie te beleef en die verloor van hoop. Die punt is dus dat die man en vrou nie só was teenoor mekaar nie.

Kyk, wat ons moet sien is dat vers 25 se, *nie skaam* wees, net kan plaasvind as daar ‘n verhouding is soos wat in vers 24 geskets is. ‘n “*Een word*” verhouding.

‘n Verbonds eenheid. Ons kan die stelling maak dat die mens, wat volgens Genesis 1 na die beeld van God geskape is, as man en vrou bedoel was om in die allerheiligste in ‘n huweliksverhouding met God te staan. En die eenheid tussen man en vrou, *moes hulle altyd daaraan herinner*.

Menswees is dus bedoel om ‘n huweliksverhouding met God te wees, waarin jy nie bang is om verneder, verpletter en sonder hoop te wees nie.

Gaan ons te ver? Nee, die res van die Ou Testament teken die verhouding tussen God en Israel, die verbondverhouding as ‘n huwelik. Dit is oral. Dink net aan Hosea.

En luister na Paulus. Efesiërs 5:31-32

Daar staan in die Skrif: “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.” Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.”

h En die res van die aarde (Gen. 2:3-5)?

Daar is nog een iets waarna ons moet terugkom. Wat van die aarde waarvan ons lees in verse 3-5?

Die implikasie waarmee die skrywer ons los is dit: Die mens moes die heiligdom, die tuin, uitbrei na die res van die skepping deur te vermeerder - kyk maar weer na hoofstuk 1!

h Wat Israel moes hoor

God wil die volgende sê vir Israel:

“Ek wil met julle in ‘n verbondsverhouding staan soos met die eerste mens. Elke keer as julle die tabernakel sien moet julle daaraan dink.”

Interessant, in Levitikus 26:11-12 (OAV) lees ons:

“En Ek sal my tabernakel onder julle oprig, en my siel sal van julle geen afsku hê nie. En Ek sal in jul midde wandel en vir julle ‘n God wees, en julle sal vir My ‘n volk wees.

“Elke keer as julle die hoëpriester sien inbeweeg, weet dan Ek wil met alle mense so ‘n intieme “in die heiligdom” verhouding hê. Ek wil met julle ‘wandel’ soos ek met die mens in Eden gewandel het. Ek is op pad daarheen. Dit is wat Ek bedoel het toe Ek vir Abram gesê het Ek wil hom en sy nageslag tot seën vir die nasies maak. Maar Ek wil dit uitbrei na al die nasies. Dit is waarvoor julle daar is. Om ‘n seën te wees vir die nasies.”

h Wat ons moet hoor?

Eerstens sien ons in Genesis 1 en 2 wat die Koninkryk van God beteken waarvan die Nuwe Testament praat as Jesus kom en sê: “*Die koninkryk van God het naby gekom.*” Dit beteken God, mens en die geskape werklikheid in ‘n intieme verhouding.

Ons het reeds uit 2 Korintiërs 4:6 gesien dat dieselfde God wat geskep het, ons nuwe skepsels gemaak het.

Ons moet raaksien dat deur wat Jesus gedoen het kan ons nou altyd in die heiligdom leef, in so ‘n huweliksverhouding. Luister na Hebreërs 10:19-20:

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaar deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.

En let op die konteks - as gemeentes het ons hierdie toegang.

Ons kan al klaar dus beleef wat die Israeliete nie kon nie. Ons almal, nie net 1 man 1 maal per jaar nie. God is baie nader aan Sy oorspronklike bedoeling!

En ons opdrag tot bewerk en bewaak sluit nou in om hierdie tipe verhouding vir meer en meer mense aan te bied. In alles wat ons doen – in ons leefwyse.

God wil steeds die aarde gevul hê met Sy beelddraers wat in ‘n intieme, allerheiligste verhouding met Hom leef. Gaan dink bietjie oor die implikasies wat dit inhou vir sending!

As ons nou as individue en as gemeentes die tempel en allerheiligste is wat in die wêreld ingedra moet word, wat beteken dit vir ons *eie reiniging van sonde*? Hoedanig moet ons lewe? Bedink dit! Hoeveel te meer moet ons erns maak met sonde in ons lewens nie!

Ja, ons is ‘n stap verder as Israel. Maar meer wag. As gevolg van die werk wat Jesus gedoen het, kan ons weet ons is op pad na Openbaring 22:1 e.v.!

Hoofstuk 4 *Genesis 3:1-24 Die grootste tragedie ooit*

h *Werklike geluk?*

Wat dink jy sal jou werklik gelukkig maak? Moenie nou die antwoord gee wat jy dink ‘n goeie Christen daarop behoort te gee nie. Nee, wees eerlik. Sou jy gelukkig wees:

- As jy iewers elders gebly het? Dalk in die Kaap, by die see in ‘n lieflike huis? Met ander woorde as jou omgewing anders was?
- As jy dalk ‘n ander werk gehad het met beter ure, en groter inkomste?
- As jou vrou mooier was en liefdevoller? Jou man meer vol begrip en meer sensitief?
- As jy ‘n ‘mooier liggaam gehad het? Meer gewild was. ‘n Mooier meisie of ou gehad het?

Met hierdie vraag in die agterkop, kom ons kyk na Genesis 3

h *Net ‘n legende?*

Miskien moet ons net vinnig die vraag beantwoord: Het ons hier te make met werklike gebeure? Historiese gebeure – of is dit net ‘n mooi legende? Wel ek dink as ons eerlik is met die teks het die skrywer dit definitief bedoel as geskiedenis. Kyk na Genesis 2:4. Let op: Die “geskiedenis.” En Genesis 3 is nog deel van hierdie groter struktuur, wat geskiedenis beskryf.

h *Die wêreld in Genesis 2*

Kom ons herinner ons aan die situasie wat ons het teen die einde van hoofstuk 2. Wat het ons gesien?

Ons het vir mekaar gesê wat ons in Genesis 1 kry is God wat in 7 dae alles in die kosmos regskuif en in plek kry as Sy tempel. Ons het gesien

die feit dat Hy rus op die 7de dag spel dit uit. Met ander woorde die hele geskape werklikheid was volkome, perfek deel van God se heiligdom. Elke boom, bos en dier is volmaak en in God se kosmiese tempel.

Die mens is in *hierdie* omgewing geplaas.

Meer nog, die mens is binne in hierdie kosmiese tempel, in die allerheiligste van daardie tempel geplaas in Genesis 2. *In Eden*. Hy is in 'n perfekte situasie binne in die groter skepping geplaas. 'n Plek waar hy in 'n intieme verhouding met die Skepper van alles gestaan het. Genesis 3:8 bevestig dit wanneer ons sien God *wandel* hier. Dit is die plek waar God nou was.

Vanuit hierdie verhouding vanuit Eden moes die mens in die groter skepping inbeweeg en dit al meer verander in Eden.

As ons terugstaan kan ons hier 3 volmaakte verhoudinge sien:

- 'n Volmaakte, diep, “geen skaamte” verhouding met God.
- n Volmaakte, “geen skaamte” verhouding met mekaar. Mens met mens,
- en 'n volmaakte vreugdevolle verhouding met die geskape werklikheid rondom die mens. In hierdie volmaakte omgewing sou daar vreugdevolle werk wees, soos die mens vermeerder. Die aarde moes bewoon e ontwikkel word en oor die heiligdom moes gewaak word, dit moes beskerm word.

Waarom doen God dit alles? God doen dit om Homself te verheerlik (vgl. Psalm 19). Hy doen dit om Homself as't ware op te lig as onbegryplik wonderlik en heerlik. So ons kan sê die mens is geskep, gemaak om God op te lig en groot te maak, te verheerlik en te geniet. Of as jy wil, hy is gemaak om God te verheerlik deur Hom te geniet, vreugde in Hom te vind. Om die kollig op Hom te plaas.

So alles wat God vir die mens gee is gegee vir hierdie doel. Hier het die mens se grootste vreugde gelê.

h En die boom dan?

Maar wat nou van die boom in die middel van die tuin? Was dit nie ‘n bewys dat alles nie so goed was nie? Is dit nie bietjie negatief nie?

Kom ons dink daaroor. In die lig van alles wat God vir die mens gegee het, dink ek ons kan sonder twyfel sê dat God wou gehad het die mens moes glo dat God sy beste belange op die hart dra. Die mens moes op hierdie punt weet God alleen weet wat *goed is en nie goed is nie*.

Jy sien *die punt van die boom en vrug is dit*: ongehoorsaamheid aan God sou beteken jy maak jouself die bron van wat reg of verkeerd, goed/sleg, waar en vals.

En as jy self die bron van reg en verkeerd is, is jy in ‘n haglike toestand. Nie ‘n goeie toestand nie! Ons sien iets daarvan later in die Rigter tyd as ons lees:

In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë. (Rigters 17:6, & 21:25)

Gaan lees maar self hoe het dit regtig gegaan in die Rigter tyd.

Ek dink ons kan sê die boom en die vrugte het die mens konstant herinner aan die feit dat hulle *leef deur gehoorsaamheid aan God se woord*. Reg en verkeerd, en daarom lewe, was alleen te vind by God en deur gehoorsaamheid aan God. Ek en jy moet onself steeds afvra: “Wie is die outeur van reg of verkeerd: ek of God?”

Die boom het dus daar gestaan as ‘n herinnering aan wie God is. Sy goedheid. ‘n Herinnering: “Moenie van Hom wegdraai, en so van julle eie grootste vreugde nie.”

Belangrik egter: Selfs hierdie verbod op die eet van die boom *is deel van die wonderlikheid* van die toestand in Genesis 1-2. God gee dit vir hulle eie vreugde.

h Wat het verkeerd geloop? God se verduideliking in Genesis 3

Hoe op aarde het die wêreld wat ek en jy rondom ons sien gekom vanaf die posisie van Genesis 1 en 2; al die perfekte verhoudinge in God se kosmiese tempel, tot dit wat ons rondom ons sien? Gebroke verhoudings, haat en minagting van God. Vernietiging en bemorsing van die skepping?

Wel, hier kry ons God se antwoord. Ons kry hier 1) die *antwoord* op hoekom dinge so lyk, maar ook 2) ‘n *waarskuwing*. Vir Israel wil God waarsku: “julle is nou weer in verbondsverhouding soos ek met Adam en Eva gestaan het. Moenie weer toelaat dat julle beland waar Adam en Eva belang het nie. Wees gewaarsku.” En ek dink die waarskuwing geld ook vir ons as nuwe verbonds mense!

h Die aard van die versoeking tot sonde

‘n Mens kan sekerlik baie dinge hier uitlig, maar kom ons lig net twee uit. Lees net eers Genesis 1:3-5 (1953 vertaling)

Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

Ø ‘n Positiewe bevel word negatief gestel

Wat Satan ten diepste hier doen is om *God se positiewe bevel, se positiewe woord, na ‘n negatiewe te verander*. Satan wil die klem laat lê op die verlies van die goeie, i.p.v. al die goeie wat gegee is.

Luister na Genesis 2:16

*En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê:
Van al die bome van die tuin mag jy vry eet*

Nou as jy dink daar was net twee mense, was die goeie waarvan hulle kon eet eintlik te veel om te hanteer. Hulle het werklik geen behoeftes gehad nie. Daar is voorsien in alles.

God se klem is dus duidelik. “Eet! Kyk wat het ek voorsien.”

Satan se klem is op die negatief. ‘n Voorbeeld kan hier dalk help. As jy klein kindertjies, of nie so klein, in jou huis het en jy sê: *Julle kan al die eetgoed daar op die tafel eet, daar is iets van alles. Vir later, is daar ietsie in die yskas....* Wat gebeur?

Jy sien as Satan ons aandag kan kry op dit wat ons nie mag doen nie, sal ons dit verseker doen. Anders gestel as jy begin fokus op wat jy nie mag doen nie, is dit baie moeilik om dit nie te doen nie.

Ø God se goedheid word bevraagteken

Satan sê in werklikheid hier: “God hou iets goeds van julle weg. Julle sal uitmís as julle dit nie het nie. Julle sal nie julle volle potensiaal kan bereik nie. God is nie regtig goed nie. Dit lyk net so. Hy wil eintlik die een boom wat jou regtig gelukkig gaan maak, van jou weghou!”

Is dit nie nou nog hoe hy ons versoek nie? As jy net met een vrou getroud bly gaan jy uitmis. Net seks het met een persoon gaan jy uitmis! As jy eerlik is op jou belastingvorm, gaan jy te veel moet betaal en jy

gaan dan nie uitkom nie. As jy nie saam drink met die manne nie, gaan jy iets mis.

As jy nie werk en werk en werk.... en jou familie bietjie opsy stoot nie gaan jy uitmis op 'n hoër pos en meer aansien...

Jy sien hierdie versoeking bevraagteken God se goedheid en eintlik ook Sy almag, om jou te gee wat Hy beloof het, sonder jou eie ingrype.

As jy ingee tot hierdie versoeking, soos Adam dan vernietig jy die heerlikheid van God waarin jou eie vreugde lê, want jy bevraagteken Sy goedheid, wat deel is van Sy heerlikheid.

h Die proses van versoeking tot sonde

Lees net gou weer vers 6.

Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Ons kry hier 'n *verbeel* van 'n lewe in ongehoorsamheid aan God se Woord (hoe goed en lekker dit sal wees) en dit gaan dan oor in 'n *doelbewuste ongehoorsamheid* aan God se Woord.

h Die eintlike wesens karakter van sonde

Ons kan dit so stel: Eva verwerp die doelwit van God vir alles, naamlik om Hom te verheerlik en daarin jou eie grootste vreugde te vind.

Ten diepste sê sonde: *Ek het God nie nodig om gelukkig te wees nie. Ek kan geluk iewers anders kry.*

h Die impak van sonde

Ons het gesien daar was 3 volmaakte verhoudinge in Genesis 1-2, *wat doen sonde daaraan?*

Ø Verhouding met mekaar

Ons het gesien hulle was een, en naak en nie skaam nie. Nou bedek hulle hulself, kruip weg. Let wel daar was niemand anders om voor skaam te wees nie, so hulle *kruip weg vir mekaar*. Hulle is nie meer oop vir mekaar nie. Nee, daar is *blamering van mekaar*

Kyk na vers 16: Eva is geskep om juis ‘n familie te kan verskaf, as hulp vir die man. En dit is nou juis in daardie funksie dat sy pyn gaan beleef. Ek dink nie hier word net verwys na die pyn van geboorte gee nie, maar ook van die grootmaak van kinders!

Jou *begeerte* sal na jou man wees? Dit is nie ‘n romantiese uitspraak nie. Die woord beteken ‘n begeerte om “*te heers oor*”. Die man reageer natuurlik weer daarteenoor en onderdruk dit op die verkeerde manier.

Skaamte, blamering, pyn – dit is wat oorbly van die volmaakte verhouding tussen die man en vrou.

Ø Verhouding met die skepping

Die skepping is vervloek. Die skepping bring nie meer vervulling vir die mens nie. Die skeppings taak word ‘n las... Die mens beleef dit nie meer as ‘n heerlike tempel van God nie.

Natuurlik raak dit spesifiek die man. Onthou die man is spesifiek na die tuin geneem, die vrou spesifiek na die man. Beide is geskaad in hulle wese.

Ø Verhouding met God

Kyk na vers 8. ‘n Mens kan jou voorstel dat die mens voorheen na God gehardloop het met vreugde. Geweldig. Hulle kon sonder skaamte in die allerheiligste met God leef.

Nou is daar *vrees*.

Let op dat God steeds na die mens roep. En die geweldige is dat die *mens God blameer!* (vers 12)

Die uiteinde van alles ? Die mens word *uit Eden gedryf. Uit die allerheiligste van God se tempel.*

All spheres of life—marriage and family, work and worship, school and state, our play and art—bear the wounds of our rebellion. Sin is present everywhere—in pride of race, in arrogance of nations, in abuse of the weak and helpless, in disregard for water, air, and soil, in destruction of living creatures, in slavery, deceit, terror, and war, in worship of false gods, and frantic escape from reality. We have become victims of our own sin.

Adam en Eva vernietig hulle 3 verhoudings en ons sin. Jy sien *hulle het vir ons ‘n geskenk gelos.*

- Die *geneigdheid tot sonde* het ons van hulle geërf.
- Ons dra aan hulle *skuld*, ons staan skuldig a.g.v. Adam se sonde en ons voeg nou elke dag ons eie by. Of jy daarvan hou of nie, hy het jou verteenwoordig.

Dit los ons in ‘n haglike situasie. Ons soek volgens Romeine 3:1 nie meer vir God nie.

Ons is in ‘n haglike toestand. Ons verdien oordeel. God kan regverdiglik almal hel toe stuur.

Meer nog ons is in ‘n *toestand van dood*. “Die dag as julle eet sal julle sterf...” wat gebeur? Nie ‘n fisiese sterf nie, maar as jy vergelyk dit wat voor die eet gebeur het en dit wat na die eet gebeur het is dit duidelik: Ons is geestelik dood en dit beteken, ons is uit verhouding met God, mekaar en die geskape werklikheid.

h God se genade

Kom ons plaas ons vir ‘n oomblik in Adam en Eva se skoene. Wat gaan gebeur? Wat gaan hierdie God met ons doen? Gaan God regverdiglik Sy gesig in woede na ons draai, of in liefde?

Kom ons kyk;

Luister weer na vers 15.

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Hier praat God van die *vrou se nageslag*, Hy gaan die mens dus nie uitwis nie. Die *uitstel van oordeel* wys ook God se genade (vgl. Rom. 2:4).

So voor God nog direk met hulle praat sê Hy reeds dat Hy hulle nie dadelik gaan dood maak nie.

Baie interessant: as Adam die vrou *Eva* noem in vers 20, sê Adam daarmee “ek glo God se woorde, naamlik dat Hy ‘n verlosser gaan gee deur ons nageslag.”

Daar is egter meer as ‘n belofte van kinders. Daar is ‘n belofte van ‘N *KIND*. Luister weer na 3:15. Let op die meervoude en enkelvoud.

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Ons weet die Satan is die slang. Luister na Openb. 12:9

want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.

Die kind? Natuurlik verwys dit na Jesus.

En dan die *klere van vel* (vers 21).

Waar kom vel vandaan? Wel 'n dier moes geslag word. Dit wys daarop dat 'n lewe gegee moet word vir bedekking. Ons het waarskynlik hier 'n vooruitwysing na hoe die saad vir sonde gaan betaal. Jy sien dood is nodig vir sonde om vergeef te word.

Omrede sonde hoogverraad is. En self dood is.

Genesis 3 eindig met die mens wat uit die tuin verdryf is en die tuin wat dan bewaak word deur engele met vlamme swaarde.

Wat het gebeur? God se mense was nie meer op God se plek onder God se woord nie. Hulle was nie meer deel van die koninkryk van God nie.

h Nader aan jou lyf

Wat sal jou gelukkig maak? Moenie dwaas wees nie. Adam en Eva het alles gehad, en was nie gelukkig nie. Daar is geen geluk buite die leef vir die verheerliking, die op lig, van God nie. Net 'n lewe wat geleef word om God wonderlik te laat lyk in alles wat ek doen, bring ware vreugde.

En daardie lewe begin deur erkenning dat jy dit nie het nie. Erkenning dat jy nie in 'n verhouding met Hom is en met mense rondom jou nie.

Die impak van die sondeval was ontsaglik. Die ongehoorsaamheid van die een man het ontsettende gevolge gehad. My en jou enigste hoop is die werk van gehoorsaamheid van die laaste Adam, Jesus.

Wil jy nie nou na Hom toe vlug in geloof en bekering nie? As Jesus sê “*die Koninkryk van God het nou naby gekom*” dan bedoel Hy: Nou kan ek en jy weer in die regte verhouding met Hom en mekaar kom deur Hom, in ‘n allerheiligste, Eden verhouding. Hý het in jou plek die Eden lewe geleef. In jou plek is Hy uit Eden gedryf, in die oomblikke van duisternis op Golgotha. As Hy sterf skeur die voorhangsel. Deur Hom kan jy terugkom na Eden, na die allerheiligste en in God se tempel, die geskape wêreld wat steeds Sy tempel is, alhoewel geskaad deur sonde, elke dag leef.

Jy kan deel aan die herstel en uitbreiding van Eden - totdat Openbaring 22:1 e.v. sal plaasvind!

Hoofstuk 5 *Genesis 4-9: Sonde, oordeel, belofte – wat jy moet weet!*

h Die vraag na Sy wederkoms

Glo jy dat Jesus weer kom? Glo jy dat *Hy* die wêreld soos dit nou is gaan beëindig, en ‘n nuwe hemel en aarde gaan bring waarin geregtigheid woon?

In Openbaring 22, sê Jesus, “*Kyk Ek kom gou*. Dit is nou meer as 2000 jaar sedert Johannes hierdie woorde geskryf het. Kom *Hy* regtig gou?

Daar is baie wat nie glo dat *Hy* terugkom nie. Selfs baie wat hulleself Christene noem. Sommige maak ‘n grap daarvan. Ander dink dit is bloot ‘n kruk gedagte vir die wat nie die harde realiteit van die lewe kan hanteer nie.

Petrus het baie baie lank gelede al reeds gesê dat dit so sal wees:

Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot en sê: “En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af.” Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het. Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelf sal word. Een ding moet julle

egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan (2 Pet 3:3-10)

Verstaan jy die vloei van Petrus se argument? Hy sê spotters sal sê: “*Hy het belowe, maar Hy kom nie. Almal weet dat die wêreld nie dramatiese kataklismiese veranderinge ondergaan, soos hierdie wat geprofeteer word oor die laaste dae nie. Die wêreld het nog altyd net aan en aan gegaan, en dit sal maar altyd aan en aan gaan.*”

Wat sê Petrus? Hy sê: *Dit is nie so nie!* Hulle vergeet doelbewus dat God eenmaal tevore die aarde geoordeel en vernietig het – *en dieselfde sal weer gebeur!*

En dan verduidelik Petrus waarom dit so lank neem. Eerstens God se siening van stadig is nie soos ons siening van stadig nie, en tweedens, Sy geduld is genadige geduld – Hy gee kans vir bekering.

Die beloofde dag *sal egter kom*. Skielik, sonder waarskuwing. En op daardie dag sal die wêreld soos ons dit ken en alles wat daarop bereik is, vernietig word.

So sien jy wat hier gebeur? Petrus gebruik die historiese voorbeeld van Noag om te wys dat die belofte van Jesus se terugkeer *seker* is. Om te wys dat die belofte dat Hy die teenswoordige aarde gaan vernietig, *seker* is.

So die vloed was 'n voorafskaduwing van die einde van die wêreld. Die vloed is 'n historiese prentjie van die einde van alle tyd. In Matteus 24 kyk Jesus ook terug na die tyd van Noag (Matteus 24:38-39)

Ek dink jy sal saamstem dat dit dwaas sal wees om nie na Genesis 6-9 te kyk en die lesse te leer wat ons moet leer van die vloed nie.

h Hoofstuk 3-5 se sonde spiraal

Kom ons dink net gou aan dit wat ons sien het in hoofstuk 3-5 van Genesis.

In **hoofstuk 3** sien ons

- hoe die 3 perfekte verhoudinge verbreek word, as die mens instem tot die versoeking van Satan om God se goedheid te betwyfel en God se positiewe bevel in 'n negatiewe lig te sien.
- Die mens word gedryf uit die plek waar die mens in noue kontak met God moes leef.
- Daar is egter die belofte van 'n verlosser wat gebore sou word uit die saad van die vrou. Hy sou die Satan verbrysel.
- As Kain gebore word mag jy as eerste leser dink hy is die een. Dalk het die vrou ook so gedink.
- Insteede daarvan is hy egter 'n moordenaar van sy broer.
- Kain se nageslag is 'n perfekte prentjie van hoe mense sonder God lyk.
- Terwyl hulle 'n mate van aardse sukses beleef, word hulle gekenmerk deur lewens sonder God. Lewens wat draai om hulleself. Die toppunt daarvan is Lameg, wat selfs die digkuns gebruik as instrument van haat.
- So die goedheid van die skepping is wel nog geniet: familie en kulturele ontwikkeling.
- Alles is egter besoedel deur sonde: moord, wanbestuur van kulturele ontwikkeling. Die feit dat die mens die beeld van God

is, is nie totaal vernietig nie, maar sonde het die *hoe* ontsaglik beïnvloed.

In hoofstuk 5 kry ons

- ‘n Lys van die nakomelinge van Adam deur Set. Hierdie nakomelinge roep die naam van die Here aan.
- Ons lees in hoofstuk 5 dat Henog, die sewende generasie van Adam met “God gewandel” het en dat God hom weggeneem het.
- Een van Henog se nakomelinge – ‘n ander, Lameg – het die vader van Noag geword.

Ons gaan nou na 4 hoofstukke kyk.

h ‘n Oorsig oor die verhaal

Ek gaan net hoogtepunte uitlig. Ek gaan nie alles lees nie want jy ken waarskynlik, in breë trekke, hierdie verhale.

Die aarde is korrup en vol sonde en God besluit om die aarde te oordeel. Een regverdige man, Noag spandeer dekades om ‘n groot hout ark te bou. God stuur ‘n paar van elke diersoort na Noag. Op God se bevel gaan Noag en sy familie en al die diere in die ark in. God sluit die deur van die ark en dan reën dit vir 40 dae en nagte. Alle lewende wesens, en ook die mens word vernietig. God hou egter sy belofte aan Noag en onthou hom en sy familie in die ark. God laat die water opdroog en sê aan Noag dat hy uit die ark moet kom.

En dan maak God ‘n verbond, of belofte met Noag en sy nageslag waarin Hy belowe om nooit weer die aarde op dieselfde wyse deur water te vernietig nie. Dit is die basiese verloop van die verhaal.

h Drie teologiese bakens:

Ø Sonde

Luister net hierna:

Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief (Genesis 6:5-6).

Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot (Genesis 6:11-12).

Onthou jy die taal in hoofstuk 1 van Genesis? Herhaaldelik lees ons daar dat God sê: “...*en dit was goed.*” Wat sien Hy nou? Boosheid, geweld en korrupsie - by almal.

Baie belangrik: Was die mense basies ten diepste goed behalwe vir hier en daar ‘n misstappie as gevolg van hulle ouers se foute en die omgewing? Nee, dit is nie wat God sê nie: Die 1953 vertaling stel dit vir my die beste: *Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was* (Genesis 6:5)

Hier sien ‘n mens duidelik dat daar nie net verwys word na die uiterlike optrede wat uiteraard ook sondig was nie. Die skrywer wil beklemtoon dat die mens in sy hart, sy diepste wese, korrup was. Sy gedagtes en begeertes was sleg.

Dieselfde mens wat geskep is om God te verheerlik deur Hom te geniet en die aarde te vul met mense wat God sigbaar voorstel, die mens wat in die allerheiligste van die kosmiese tempel met God moes leef – hierdie mens het God innerlik, in sy hart, sy gedagtes verwerp en daardie

verwerping het sigbaar geword in sy optrede. Die aarde het begin vol word van *hierdie* mense.

Het God nou besluit om in die lig van hierdie korrupte toestand die vloed te stuur en die kwaad en boosheid uit te wis en dan met 'n perfekte nuwe man te begin?

Wat sien ons? Ons lees wel dat Noag 'n regverdige man was en onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef (6:9). Maar dit beteken nie hy was perfek en sondeloos nie. Die voortgaande realiteit van sonde word gesien in God se woorde aan Noag nadat hy geoffer het toe hy uit die ark kom.

"Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie (Genesis 8:21).

God sê ten diepste hier: "Ek het dit nou eenmaal gedoen, dit het 'n doelwit gehad – maar die mens se hart is boos, selfs as kind. As Ek elke keer 'n vloed stuur as die mens so sleg is sal Ek net elke keer die aarde vernietig. Ek het 'n beter plan.."

So God het geweet die oplossing vir sonde was nie om die beste man te kies en oor te begin nie. Om dit absoluut duidelik te maak, lees ons in hoofstuk 9 oor die sonde van Noag en sy Seun Gam (Genesis 9:20-27).

Hier sien ons hoe Noag, as die eerste wingerdboer, homself aan drank te buite gaan en kaal op sy bed lê. Geen beheer oor homself nie. Gam se vertel aan Sy broers het waarskynlik meer 'n gespot van hulle pa behels. Sy broers, instelle daarvan om 'n grap te maak van hulle pa, bedek hom.

Maar daar is familie breuk en vervloeking.

Sonde manifesteer dus aaklig en duidelik. Noag sondig, Gam sondig. Een uit elke 8 wat gered is uit die vloed sondig. Sonde is springlewendig. Die vloed het wel die geslagslyn van Kain uitgewis, maar dit het nie sonde uitgewis nie.

Jy sien God se hele doel met die vloed was nie om sonde daar en dan uit te wis nie, maar om 'n prent, 'n voorskou te gee van die finale vernietiging van sonde.

Ø Oordeel

God belowe in Sy aanvanklike interaksie met Noag dat Hy die aarde gaan vernietig:

Die Here het gesê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het (Genesis 6:7).

Toe sê God vir Noag: "Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg (Genesis 6:13).

En hoofstuk 7 eindig met 'n beskrywing van die vervulling van God se beloofde oordeel.

So het God alles wat op die aarde geleef het, uitgewis: mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, hulle almal is wegvee van die aarde af. Net Noag en dié by hom in die ark is gespaar. Die water het die aarde honderd en vyftig dae lank oorstrom (Genesis 7:23-24).

Moenie die geweldige hiervan mis nie. Aanvanklik in Genesis 1:2 het water die aarde bedek en dan laat God alles funksioneer vir die mens as

toppunt in Sy kosmiese tempel. Nou het God die aarde weer tot die punt van onbewoonbare chaos gebring. Weer net water. God keer die hele skepping om!

God het dit gedoen het. Die tipiese mens vandag dink nie meer so aan God nie. Mense dink dikwels aan God as 'n ou grysbaard oupa wat knipoog as ons verkeerd doen, en nooit sal vermaan of straf nie. Dit is nie die Bybelse prentjie van God nie.

Ek sê weer: Die mens was gemaak om God te verheerlik deur vreugde in Hom te vind! Tog het die mens sy rug op God gedraai, Hom verag. God het oordeel genadiglik uitgestel in die tyd van Adam en Eva, maar teen die tyd van die vloed was dit duidelik dat die mens in sy diepste wese hopeloos korrup is. En God, deur die stuur van die vloed wys wat is die uiteinde van sonde – Hy wys dit sodat alle mense vir alle tye kan weet dat daar konsekwensies vir sonde is.

Die Morele bewaker van die heelal vee nooit sonde onder die mat nie!

God vernietig die skepping in die vloed en tog in 'n sin herskep Hy dit weer. Wanneer die belofte aan Eva vervul is deur die koms van 'n Verlosser, en wanneer al God se beloftes vervul is, dan sal vernietiging weer kom, deur vuur.

Ø Belofte

So ons het sonde hier gesien ons het oordeel gesien. Maar Genesis 6-9 handel nie primer oor sonde en oordeel nie. Dit gaan primer oor God se beloftes, en Sy getrouheid in die waar maak van Sy beloftes.

Die Verbond met Noag voor die vloed:

Ek gaan 'n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe, te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Alles wat op die aarde is, sal omkom, maar met jou wil Ek 'n verbond sluit. Jy moet in die ark

*ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou skoondogters
(Genesis 6:17-18).*

God sluit 'n verbond met Noag wat beide twee kante het en genadig is.

Baie interessant, die woord wat in die Hebreeus vir die sluit van die verbond gebruik word in hoofstuk 6 dui op die herbevestiging van 'n verbond. En dit dui natuurlik daarop dat daar reeds 'n verbond met Adam was. 'n Verbond wat uit twee kante bestaan het. 'n Verbond wat opgesom kan word in die bekende formule wat ons dwarsdeur die Ou Testament vind: *Ek wil vir jou 'n God wees, jy moet my volk wees.*

En God sê hier: *Ek wil dit weer vir jou wees.*

God se kant word duidelik in hoofstuk 9 as God na die vloed weer met Noag en sy nageslag die verbond bevestig en meer vleis gee (Gen. 9:1-17).

Dit is interessant om net te kyk na Noag se kant, die “jy moet my mens wees” kant van die verbond. Onder andere moes hy 'n ark bou, kos vir die diere bymekaarmaak, terwyl mense hom bespot en belaglik maak. Hy moes die diere in die ark sit, hy moes die vernietiging van die aarde aanskou, en saam met die diere vir 'n meer as 'n jaar op die ark leef...

Dit is belangrik om te sien dat Noag se uiterlike gehoorsaamheid die gevolg was van 'n sekere innerlike toestand:

*Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig
gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie
gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om
sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van
die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van
die vrypraak wat deur die geloof kom (Hebr. 11:7).*

‘n Mens kan sê die basiese in die voorwaarde van die verbond met Noag, die basiese van sy kant van die verbond is: *vertroue in God dwarsdeur die vloed, ‘n vertroue dat God Sy beloftes sal hou.*

Dit is belangrik om te sien dat dit reeds in Genesis 6 duidelik is dat God meer belof en vervul as wat Hy van Noag verwag!

Hy sê per implikasie “Alles op aarde sal sterf maar Ek sal My verbond oprig met jou sodat jy, jou familie en die diere in die ark Isal bly lewe.

Het God gedoen wat Hy belowe het? Ja, En Hy doen alles wat Noag nie in staat is om te doen nie. Hy bring die diere na Noag (6:20). Hy sluit die deur van die ark (7:16). Hierdie dinge kon Noag nie doen nie. Net God.

Die skrywer van Genesis lê klem op God se teer versorging deur Genesis 8:1 die literêre middelpunt van die storie te maak.:

Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat by hom in die ark was (Genesis 8:1).

Nie dat God ooit vergeet het nie. Die werkwoord wat hier met onthou vertaal word beteken om “*op te tree in die lig van ‘n vorige verbintenis aan ‘n bondgenoot.*”

Die tyd was uiteindelik reg vir God om Sy belofte te vervul. En Hy het. Uiteindelik sê God aan Noag en sy familie om die ark te verlaat. As dit gebeur, besef Noag God se genade en daarom bring hy ‘n brandoffer, om te wys hy behoort geheel aan die Here.

Die verbond *na die vloed* met Noag en sy nageslag

Na Noag se brandoffer kom God en herbevestig Sy verbond met Noag en ook sy nageslag. Jy het dit nou reeds gelees.

Dit val onmiddellik op dat Noag, presies moes voortsit wat Adam moes doen. Vermeerder en die aarde vul. Die aarde vul met mense wat verlossing gesmaak het. Wat beelddraers van God is, alhoewel geskaad. Dit is deel van die "jy moet My mens wees kant" van die verbond. Verder meer mag hy nie bloed eet nie, om so te erken dat God die gewer van lewe en dood is. En die mens het die verantwoordelikheid om die doodstraf te gebruik.

Hier sien ons egter ook duidelik die "Ek wil vir jou 'n God wees" kant.

- Ø God sal nooit weer alle lewende wesens vernietig totdat Hy weer kom nie.
- Ø God beloof implisiet dat Hy die mens die vermoë sal gee om te vermeerder. Hy gee aan die mens alles wat lewe.
- Ø God gee die reënboog as teken om die mens en Homself te herinner aan al Sy beloftes. Genade!

Deur hierdie genadige beloftes kon Noag en sy nageslag in harde na-vloed omstandighede leef.

h Die lesse vir ons?

ü God weet wat in die wêreld aangaan en in jou hart

Ons sien dit hier. Ons het reeds in Genesis 1 gesien God is nie deel van Sy skepping nie, Hy staan buite, maar Hy is betrokke! Hy is nie die Deïste se God wat alles aan die gang gesit het en nou daarvan vergeet het nie.

Hy is betrokke. Hy weet wat rondom ons gebeur. Hy weet van elke goddelose optrede en elke goddelose gedagte. Ook elke gedagte van jou. Kinders, grootmense en oumense.

ü God voel ernstig oor sonde en straf alle sonde

Jou sonde, my sonde, die sonde in die wêreld - dis nie maar 'n grap nie. “*Oeps nou sondig ek weer*” nie! Nee, sonde is hoogverraad teen God. Sonde sê “ek glo nie God is goed nie ek soek geluk en vreugde buite Hom, in dit wat Hy juis nie van hou nie.” Sonde is om teen jou skeppingsdoel in te beweeg naamlik om God te verheerlik deur geluk in Hom te vind en in verhouding met jou mede skepsel en die omgewing te leef.

Omdat sonde hoogverraad is ten God is die enigste straf daarvoor die dood. Alle sonde sal met die dood gestraf word.

En jy is dalk nog in die posisie wat jy nog die dood sal smaak vir jou sonde. Betekende: ewige weg wees van God en enige verhouding. Dit is die dood waarvan ons praat. Nie gerieflike uitwissing nie. Jy is of in daardie posisie, óf in die posisie dat Christus Jesus gedood is in jou plek. In jou plek van God en mense verlaat is.

Ü Daar is net een manier om gered te word

In Noag se tyd was die enigste manier die enigste veilige plek – die ark. Nou is dit Jesus Christus. Sal jy nie inkom nie? Die deur is steeds oop. Ons weet nie wanneer dit gaan sluit nie.

Ü Die verhouding met God is altyd verbondsmatig

Ons sien dit hier. Ook ek en jy staan in ‘n “*Ek wil vir jou ‘n God wees, jy moet my mens wees verhouding.*” In wat God in Jesus vir ons gedoen het sê Hy: “Ek wil vir jou ‘n God wees”. Ons kant? Geloof in Jesus in ons binneste wat oorgaan in daade van liefde teen Hom en ander.

En binne hierdie verhouding kan ons weet dat dit wat hier in hoofstuk 8:1 waar was van Noag, altyd vir ons waar is. ***God dink aan ons, Sy bondgenote.*** Maak nie saak deur watter ellende jy gaan nie. Fisies of emosioneel nie. God sien dit, Hy dink aan jou en Hy gaan optree.

Ü God is ‘n God van tekens

God gee tekens juis om ons hieraan te herinner. Ons het die Nagmaal om ons te herinner aan wat Hy gedoen het en gaan doen.

Ü God se doelwitte bly onveranderd

In wat God aan Noag sê nadat hy uit die ark gekom het leer ons iets uiters belangrik. God wil steeds die aarde vul met Sy mense. Sy beelddraers, al is hierdie beeld gekraak en gebuig. Baie belangrik: God stel belang in getalle. Baie mense, moenie ‘n fout maak nie. Hy wil die aarde vul!

Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe (2 Pet 3:11-15).

Hoofstuk 6 *Genesis 10-12: Jy, die nasies en die God van Abram*

h 'n Paar vrae...

Jy moet 'n paar vrae in jou kop hê wanneer ons gaan kyk na Genesis 10:1-12:3.

- Wat is die ergste sonde waarmee jy kan besig wees? Waarin wys die sondeval van Genesis 3 die duidelikste?
- Hoe voel God oor mense wat hulle skuldig maak aan die ergste sonde?
- Wil God baie mense red of min? Anders gestel; moet ons regtig bekommerd wees oor al die volke en nasies en tale wat nog nie gered is nie?
- Wat beteken dit regtig om aan God te behoort?

h Die Die toring van Babel en die toestand van die nasies

In 9:19 en 10:32 maak die skrywer dit duidelik dat die wêreld afstam van die 3 seuns van Noag. Luister:

Dit was Noag se drie seuns en uit hulle is die hele aarde bevolk (9:19).

En dan 10:32:

Dit is die stamme van die seuns van Noag volgens hulle herkoms onder hulle eie nasies. Uit hulle het die nasies oor die aarde versprei ná die oorstroming.

En dit is wat in hoofstuk 10 beskryf word .

- Vers 5: Uit hulle het die mense wat nou die kusstreke bewoon, daarnatoe versprei, volgens hulle stamme en nasies, elkeen met sy eie taal.
- Vers 20: Hulle is almal die nageslag van Gam, met hulle eie stamme en tale in hulle eie lande en onder hulle eie nasies en
- Vers 31: Hulle is almal die nageslag van Sem, met hulle eie stamme en tale, in hulle eie lande en onder hulle eie nasies.

Maar hoe op aarde het dit gebeur dat hierdie mense versprei het oor die aarde met elkeen hulle eie taal?

Dit is wat die skrywer in hoofstuk 11 vertel. Luister na 11:1

Die hele wêreld het net een taal gepraat.

So die skrywer spring terug en wys wat het gebeur. Dit is natuurlik iets wat skrywers baie doen, ons kry dit dikwels ook in storieboeke. So kronologies kom hoofstuk 11 voor hoofstuk 10.

Ek dink ons almal ken die verhaal van die toring van Babel, maar ek dink nie ons besef almal presies wat hier gebeur het nie.

Wat is regtig die groot probleem hier?

- Dit is duidelik dat hier 'n dramatiese draaipunt is in die geskiedenis van die heeal.
- Tot op hierdie punt het God met die hele bestaande wêreld gewerk en vanaf hoofstuk 12 werk God net met Abraham en sy nageslag.

Baie mense reken die groot probleem is geleë in die feit dat hulle vir hulle “’n naam wou maak.” Wel, dit kan ’n aanduiding wees van sonde, maar nie noodwendig nie. Dit is gaan eintlik maar hier oor die feit dat hulle ’n nagedagtenis wou los. Iets wou vestig. Dit is nie in

sigself verkeerd nie. Ons almal het en moet die begeerte hê om iets na te laat.

Ander sê die probleem lê in die “laat *ons*” Maar wat moes hulle sê? “Laat God vir ons stene maak...?”

Ander meen weer die feit dat hulle nie versprei het nie is die sonde. Maar toe God vir die mens aan die begin gesê het om die aard te vul het Hy dit as ‘n seën gegee nie ‘n bevel nie, as ‘n voorreg en nie ‘n verpligting nie - so hulle kon nie ongehoorsaam wees daaraan nie, en verder meer die vul van die aarde moes nie plaasvind deur verspreiding maar *vermeerdering*. So die enigste manier hoe ongehoorsaamheid aan die vul van die aarde kon plaasvind, was deur te weier op voort te plant, te vermeerder en die aarde te vul.

Nee, die feit dat hulle nie versprei het nie was waarskynlik bloot uit oorlewing.

Maar goed wat is dan die groot sonde. Die groot probleem hier?

Die stad met sy toring!

Die stad waarvan hier gepraat word was nie ‘n stad soos ons daaraan dink, waarin mense woon nie. Nee, die administratiewe geboue as jy wil en die voedselopgaarplekke was hier en dit was alles verbind met ‘n tempel. Die stad hier ter sprake was niks anders as ‘n sogenaamde tempel kompleks nie.

En dit bring ons by die toring. As ons in gedagte hou dat die stad wat hier beskryf word ‘n ou Mesopotamiese stad is, dan is daar geen twyfel dat daar met die toring ‘n sogenaamde *ziggurat* bedoel word nie. Dit was die mees prominente gebou in hierdie ou Mesopotamiese tempel komplekse. Argeoloë se ontdekkings en ou geskifte wys hoe algemeen dit was.

Dit was dus ‘n *ziggurat*! Die skrywer wil hê sy eerste lesers, wat gewet het dat die heidense volke rondom hulle sulke *ziggurats* gehad het, dit moet raaksien.

Nou so 'n *ziggurat* was toegewys aan spesifieke gode. Daar was 'n bed en tafel bo vir die god. Dit was nie die tempel vir die god nie, nee die tempel was langs die *ziggurat*. Dit was eintlik 'n trap vir die god na bo en onder. Dit was daar om die god te versterk op sy pad. 'n Halfweg stasie.

So bo aan die *ziggurat* was die hek van die gode, onder die tempel. Die hele kompleks was dus daar om dit gemaklik te maak vir die god om af te kom en op te gaan, aanbidding daar te kry in die tempel en dan hulle te seën daarvoor.

So wat is die oortreding, wat is die sonde? Onthou nou die Een vir wie hierdie *ziggurat* gebou is, is die ware God. Die God van Genesis 1 tot 3. Die Een wat alles én die mens geskep het vir Homself. Wat die hele kosmos as Sy tempel het. Wat totaal anders is as die mens maar tog in verhouding met die mens wil wees.

Wat die mense hier doen is nie om meer soos God te wees, soos Adam en Eva nie. Nee, hulle *maak God soos hulle*.

Hier is iets meer as afgodery. Hier is 'n *degradering van die aard van God* deur Hom voort te stel as *een wat behoefte het*.

Hoe meer God soos 'n mens raak, hoe makliker natuurlik om te glo.

Maar dan het beide net menslike apteite. En dan kan sedelose kriminele 'n sedelose kriminele god aanbid.

Let op die beweging. Ongehoorsaamheid (Adam en Eva), familie geweld en onderdrukking, Kain se nageslag (Lameg) tot die alles oorheersende korruptheid wat God die vloed laat stuur.

En nou hierdie dramatiese verandering: Dit is nie langer die mensdom wat korrup is nie, hulle *siening van God is verwronge!* Daar is geen realistiese siening van God meer nie! Hulle is nie meer besig met die ware God nie. Hy is nie net menslik nie, Hy is nie eers meer moreel nie.

Met dit alles in gedagte verstaan ons ook hoekom ons lees dat JAHWE (Die Here) *neerkom* (vers 5). Wat die skrywer waarskynlik wil aandui is: *Nou sal niks meer onmoontlik wees in die sin van goddeloosheid nie...* Die inhibisies wat hulle kon verhinder is nou oorkom.

En omdat dit alles plaasgevind het binne hierdie verstedeliking beweging, doen God iets wat hulle beweging na verstedeliking sou verhinder.

Hy verwar hulle taal. Jy ken hierdie deel!

Wat is die betekenisvolheid van die term babel? Die woord babel se letters sinspeel op die woord vir verwarring. Maar hier is meer aan die naam. Dwarsdeur die Bybel staan Babel/Babilonië en Babilon vir die toppunt van sonde. In Openbaring vind ons die stad Babilon as dit wat staan vir die wêreld in vyandskap teen die ware God. Dit word beskryf as 'n goddelose stad.

h God se antwoord in die roeping van Abram

So hierdie mense wat God menslik wou maak is versprei in nasies met elkeen hulle eie taal. En die skrywer van Genesis wil nou wys wat is God se reaksie hierop. Die eerste wat ons moet raaksien is dat hy vanaf vers 10 weer verwys na die geslag van Sem. Die een wat geseën is. Die geseënde geslagslyn. Ons het reeds in Genesis 10:31 van hulle gelees. Die skrywer verwys hier spesifiek na hulle om ons te wys dat selfs hierdie lyn deel was van die sonde by Babel en dit is uit hierdie lyn wat Abram kom (Gen. 11:27 e.v.).

Daar kan min twyfel bestaan oor die feit dat sy vaders afgodediens was. Daar is 'n groot moontlikheid dat hulle maanaanbidders was. Dit is bekend dat die maangod Sin in Haran vereer is. Sarai klink ook baie soos *Sarratu*, vrou van die maangod sin, en Milka na *Malkatu* die dogter van Sin! En luister na Josua 24:2

Toe sê Josua aan die hele volk: So sê die HERE, die God van Israel: Oorkant die Eufraat het julle vaders van

oudsher gewoon—Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien.

Ons moet onmiddellik iets raaksien. Die feit dat God nie dadelik weer die mens vernietig nie, maar versprei en dan Homself wend na een man uit hierdie mense is geweldig. Dit wys dat wat by Babel gebeur het gebeur het so ontsaglik was dat daar net uiteindelik op een manier hiermee gehandel kon word.

Deur die nageslag van Abram! En uit die Nuwe Testament weet ons wie was uiteindelik die finale saad. Jesus. God die seun.

Maar dit kon nie dadelik gebeur nie. God moes Homself weer opnuut openbaar. Hy moes nuut begin. Die verbond was nodig. Die mense het vergeet van die God van Genesis 1 tot 2. Die verbonds God.

Die God wat ewig, Een is. Wat onderskeibaar van die skepping is. Die Soewereine Koning oor die skepping is. Die magtig Een. Maar die Een wat ook persoonlik is en in 'n intieme persoonlike verhouding met mense wil staan...

Dit bring ons by **Genesis 12:1-3**.

Hierdie is 'n radikale roeping. Selfs vir ons wat in die 21ste eeu leef, met al ons hulpmiddele, is dit iets geweldig om van een land na 'n ander te verhuis.

Ons kan net vaagweg raai wat dit beteken het vir 'n persoon soos Abram om absoluut alles wat hy geken het, te los – familie, stam, sy land – vir 'n lang en onsekere tog na 'n misterieuse bestemming.

Baie interessant: Abram word gevra om al die simbole van sekuriteit en outonomie, *waarmee die bouers van Babel probeer het om hulle eie identiteit op te bou* – prys te gee.

Die wonderbaarlike is, Abram gee dit op ter wille van gehoorsaamheid aan God.

In die proses om te volg waar God sal lei, trek hy weg met sy vrou, Sara, sy nefie Lot en hulle uitgebreide familie.

Waarmee is God besig? Hy het sy fokus nou “ingezoom” op Abram. Beteken dit nou dat Hy opgegee het wat betref die res van die mensdom?

Hierdie eerste drie verse van Genesis 12 spel dit wat God beplan het om deur hom te doen vir ons uit – en daardie plan laat jou denke duisel.

God belooft (1) om Abram tot ‘n groot nasie te maak, (2) te seën, (3) sy naam groot te maak, (4) om hom ‘n seën te maak, (5) om te seën die wat hom seën en te vloek (te veroordeel) die wat hom vloek (veroordeel) en (6) om alle mense op aarde deur hom te seën.

Die mense van die aarde het probeer om ‘n naam vir hulleself te maak met die konstruksie van Babel, maar God het hulle ambisieuse plan om dinge op hulle eie manier te doen, verwerp.

Maar nou belooft God dat *Hy* Abram se naam groot sal maak en hom tot ‘n groot nasie sal maak. Die trofee wat die mense van Babel probeer het om vir hulleself in te samel, naamlik roem, sekuriteit en ‘n erflating vir die toekoms – wel dit was nou God se vrye geskenk aan Abram! Hier begin ons sien hoe God sal reageer op wat verkeerd gegaan het in Sy skepping.

Deur Abram sal *Hy* ‘n nasie tot stand bring, Israel, wat God se mense sal wees onder al die mense van die aarde.

Maar, uiters belangrik: deur hierdie nasie sal God vir al die volke van die aarde ‘n seën bring (Lees 18:18-19).

So vanaf hierdie punt verder is dit wel so dat in die verhaal van die Ou Testament, die fokus val op Abram en sy nakomelinge. Maar selfs hier in God se uiters persoonlike beloftes aan hierdie man en sy familie,

vergeet God nie sy doelwitte vir al die nasies van die wêreld nie. As ek en jy die nasies van die wêreld vergeet, is ons denke nie in ooreenstemming met God s'n nie!

In elke geval, dit word duidelik in die woorde wat gekies word vir die beloftes van 12:1-3. Kyk bietjie na die woordie seën:

‘n Sekere vorm van hierdie woord seën word 5 keer gebruik. Hierdie term is ‘n uiters betekenisvolle term in die eerste hoofstukke van Genesis. Die dinamiese woord seën druk God se doelwit vir sy skepsele uit naamlik *om sy skepsele alles te gee wat hulle nodig het om hulle lewens in hierdie skepping te vervul, soos Hy dit vir hulle bedoel het.*

In kontras hiermee, druk die woord “vloek” God se vreeslike oordeel oor sy skepsele uit wanneer hulle rebelleer teen sy doelwitte vir hulle.

En daarom suggereer die woorde van seën aan Abram in 12:1-3, op nog ‘n manier, wat God beplan om deur hierdie man te doen.

Die vyfvoudige herhaling van die woord seën word doelbewus in opposisie gestel tot die vyfvoudige voorkoms van die woord vloek in Genesis 1-11.

God se vloek of oordeel oor die mensdom het die verlies van hulle vryheid gekos (3:14-16), hulle vervreemding van die aarde (vyandskap) (3:17-19), hulle vervreemding van mekaar (4:11), en hulle morele en geestelike agteruitgang (9:25).

Die herhaling van die woordjie seën in Genesis 12:1-3 verklaar dat God deur Abram besig is om die effek van die vloek of dan oordeel oor die skepping, om te keer.

Ons kan dus sê: *Deur sonde het God ‘n vloek oor die skepping gebring. God is hier steeds besig om sy doelwit vir die skepping te herstel, en Abram is die middel van Goddelike herstel van die wêreld* (ons sal later sien dat hy dit in ‘n sin steeds is!).

Deur Abram sal “*alle volke op aarde geseën word.*” Hierdie finale frase in Genesis 12:3, is die konklusie van hierdie verse en wys op die uiteindelijke resultate van God se kies van Abram.

God vernou Sy verlossende fokus tot een man, een nasie. Maar sy uiteindelijke doel is om verlossende seën vir die hele skepping te bring.

God se belofte aan Abram is God se antwoord op sonde wat die hele wêreld besoedel het: GOD SAL SY WÊRELD HERSTEL.

Wat ons moet raaksien is hoe Genesis 12:1-3 alles herstel wat in Genesis 1-2 verkeerd gegaan het. Hoe dit 'n nuwe begin is.

Die belofte aan Abram vernuwe die visie vir die mensdom wat gegee is in Genesis 1 en 2. Hy, soos Noag voor hom, is 'n tweede Adam figuur.

- Ø Aan Adam is die tuin van Eden gegee.
- Ü Aan Abram word die land Kanaän beloof.
- Ø God sê aan Adam om vrugbaar te wees en te vermeerder.
- Ü Aan Abram word beloof dat sy nakomelinge so baie sal wees soos die sterre aan die hemel.
- Ø God het met Adam gewandel in Eden.
- Ü Aan Abram word gesê om voor God te wandel (Gen. 17:1 OAV).

Sien jy hoe Abram se roeping die antwoord is op die probleem van Genesis 1-11? Deur hom sal al die nasies van die aarde geseën word. Al die nasies van hoofstuk 10, elkeen met hulle eie taal!

h Babel en Abram: Nader aan jou lyf

Wat ons leer van onself as deel van die nasies:

Die Babel sindroom vloei dik in ons are!

Dit word nie net gesien in

- Ü die nasies in ver lande wat God sien as 'n mens op hulle vlak met al hulle godjies en dae en feeste nie.
- Ü Hollywood wat dink God is bloot 'n grap en 'n stopwoord nie.

- Ü ons wat dink dat God nie sien as ons lieg en skinder en dan met ‘n vroom gesig in die erediens sit nie.
- Ü ons wat dink ons kan God gerieflik saamneem as ons na buite huwelikse seks op die televisie kyk nie.
- Ü ons wat luister na musiek wat Hom onteer en selfs dans op lirieke wat ‘n lewenstyl buite hom propageer – en *dink Hy is soos ons nie....*
- Ü die sit in geselskappe waar Sy naam misbruik word en ons dink: “ag wat...Hy is oraait daarmee” nie.

Ek sê dit word **nie net daarin** gesien: Dit word ook gesien...

- Ü in gebede vir selfsugtige doelwitte.
- Ü in die sogenaamde “Prosperity Gospel”, die voorspoedsteologie.
- Ü in die misbruik van Sy krag vir ons doelwitte (vgl Simon die towenaar).
- Ü wanneer ons dink ons is onmisbaar vir God a.g.v. die geld wat ons skenk vir sending, of omrede ons oor sekere talente beskik en bediening bedryf.
- Ü as ons God soos ‘n kind behandel en so bid,
- Ü of God sien as ‘n Tiran wat tevrede gestel moet word.

Die Babel sindroom vloei dik in ons are. Ons moet dit besef en dit moet ons dryf tot sonde belydenis, dryf na Christus.

Wat ons leer van God:

Hy is nie ‘n behoefteige God soos die ouens by Babel gedink het nie. Behoefteige gode kan net uiteindelik ‘n onderdrukkende god wees. As jy jou god moet gelukkig hou, aan Sy behoeftes moet voorsien, word Hy onderdrukkend en gebruik jou net.

God is nie so nie. Hy wil met ons in verhouding wees, nie omdat Hy iets van ons moet kry wat Hy nodig het nie, maar omdat Hy wil hê ons moet meer hê van dit wat Hy ‘n oorfloed het. Lewe, vervulling, vreugde.

§ Hy kies nie die goeies nie. Hy kies die slegste sondaars.

- § Hy wil seën bring en nie vloek nie.
- § Hy wil jou gee wat jy nie self kan bereik nie.
- § Hy wil in 'n verhouding met Sy mense staan.
- § Hy wil Homself bekend maak deur 'n volk.
- § Hy het steeds die nasies van die wêreld in Sy visier.

Pinksterdag wys dit. Terloops, Pinksterdag is die groot omkeer van die Toring van Babel. Voor die Toring van Babel het God met die hele wêreld gewerk. Na die Toring van Babel met een man en Sy nageslag, om uiteindelik weer met die wêreld met al sy stamme en tale te werk. Daar het God hulle taal verwar, nou op Pinksterdag met die tale wonder hoor almal weer in sy eie taal van die groot daade van God. Hoe is dit moontlik? Die saad van Abram, Jesus Christus het die oordeel gedra van die sonde van Adam en die verkeerde Godsbeeld van Babel.

Ja, God het die nasies nog altyd in Sy visier en Hy sal eers alles beëindig as daar van elke stam en volk en taal en nasie in die finale Koninkryk is:

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid

en die krag tot in alle ewigheid! En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier en twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid (Openb 5:9-14)

Wat ons moet leer van Christenskap:

As ons daaraan dink dat Abram die vader van die gelowiges is en dat God daarom in hom vir ons wys wat dit beteken om weer aan Hom te behoort, sien ons die volgende:

- Ø Verlossing is nie iets wat ons verdien nie. Ons verdien uitwissing.
- Ø Die evangelie en verlossing is nie vir goeies nie. Net vir slegtes wat weet hulle kan nie hulleself verander nie.
- Ø Verlossing begin met die antwoord op God wat ons roep. Begin met geloof. Ons word gered soos Abram (Rom. 4:1).
- Ø Die rede hoekom Hy ons roep en red deur die evangelie is omdat *Hy getrou is aan Sy belofte* aan Abram (Vgl. Gal. 3:8; Hand. 3:26)
- Ø Hy kan ons roep, want die saad van Abram het die prys betaal. Die rede waarom God Babel oorsien is om vir mense te wys wie Hy is in die verbondsverhouding met Abram en Israel, en omrede niemand in staat is om die straf vir daardie sonde te betaal nie. Net een. Die saad van Abram. Die beloofde saad van Gen. 3:15, Wie is Hy? God die Seun, God self. Net Hy kon hierdie straf dra.
- Ø 'n Christen is 'n kind van Abram (Gal. 3:7).
- Ø Daarom is die Christelike lewe ook 'n lewe van begin tot einde deur geloof. Ons moet deur geloof God leer ken in verbondsverhouding. Dit is Christenskap. Dit is wat 'n kind van God anders maak. Dit is 'n verhouding soos Abram met God gehad het, deur geloof.
- Ø Christenskap behels 'n radikale verlaat van alles wat sinoniem is met die ou lewe van afgodery. Ons sien dit duidelik hier in

Genesis 12:1-3. Lou Christenskap is geen Christenskap nie en God spoeg dit uit Sy mond.

- Ø God se plan het alles te make met 'n nuwe volk (die kerk) wat in verhouding leef en aan die wêreld (volke stamme tale en nasies) wys wie God is en wat dit beteken om Sy mense te wees, sodat hulle kan deel word daarvan. Abram se nageslag ontvang die wet, hulle is 'n koninklike priesterdom, d.w.s. hulle staan tussen God en die wêreld om Hom sigbaar te maak en aan die woord te stel (vgl. Eks. 19:6) En dit is presies wat ons as die nuwe volk, die kerk van Jesus, moet doen (vgl. 1 Pet. 2:9).
- Ø Christenskap het te make met geseënd wees. Geseënd in Jesus, al is jy brandarm!
- Ø Alles wat jy vir jousef wil seek buite die dien van die Here, roem, sekuriteit en 'n erflating vir die toekoms – wel dit is nou God se vrye geskenk aan ons in Jesus Chrsitus

Laastens: Ek hoop jy sien raak dat God se mense, Sy volk, en daarom ons, missionêr moet wees. Sending gerig. Hulle word gekies as 'n kanaal van seën vir ander. Die volke nasies en tale moet op my en jou, ons gemeentes, se agenda wees, anders is ons besig met die verkeerde God.

Hoofstuk 7 *Genesis 15: Geloof en bang wees*

h *Ons probleem*

Ons het gesien dat selfs ons as Christene nog sit met die Babel sindroom. Wat beteken ons is geneig om te dink God is soos ons.

Maar ons sit ook met 'n *ander probleem*. Ons wat deur die genade in 'n verbondsverhouding met Hom staan.

En dit is: Vrees en ongeloof. Bang wees en twyfel. Juis miskien omdat ons dink God is soos ons.

- Sê nou net God is nie regtig lief vir my nie?
- Sê nou hy Hy is moeg vir my?
- Gaan hy my nie los omrede ek so droogmaak nie?
- Sê nou Hy doen nie wat Hy sê gaan doen vir gelowiges nie?
- Sê nou die Bybel is verkeerd?
- Sê nou net Jesus is nie die Seun van God nie, het nie aan die kruis gesterf vir jou sonde en het nooit uit die dood opgestaan nie?
- Sê nou net daar is nie 'n nuwe hemel en aarde waarop geregtigheid woon nie?

Ek moet bely hierdie vrae en vrese het al in een of ander vorm na my gekom.

En ek en jy is nie alleen daarin nie, sulke vrae en vrese het Abram oorval. En ons is kinders van Abram!

En die belangrikste ding vir ons is dat God hierdie vrese moet wegvat deur *iets te doen*. Sy beloftes waar te maak.

Ek wil hê jy moet nou vir jousef vra: “Wat is vir my die belangrikste: ‘n daaglikse verhouding met God, of dat God al Sy beloftes dadelik sal waar maak?”

h *Terugblik oor Genesis 12-14*

In Genesis 12 tot 14 sien ons hoe die beloftes van God bedreig word en ons sien God in aksie. Ons sien hoe Abram groei in geloof, maar nie sonder tye van twyfel en ongeloof nie.

Ons het in die eerste 3 verse van hoofstuk 12 gesien hoe Abram sonder dat Hy kan sien hierdie vreemde God begin volg het. In geloof. En ons is beïndruk.

Maar hy is skaars daar of hy het te make met hongersnood. En dan sien ons hoe Abram die beloofde land verlaat en in vrees na Egipte vlug vir veiligheid. Sonder enige woord van God.

En ons kan sien dat die Landsbelofte bedreig word– ek weet nie of Abram dit regtig eers hier beseft nie! En dan weereens, in vrees, lieg hy vir die Egiptenare en sê Sara is sy suster. ‘n Groot nageslag word nou bedreig!

Deur dit alles, is God geduldig besig met Abram.

In hoofstuk 13 was Lot saam met Abram en weereens is dit ‘n ‘n bedreiging vir die Landsbelofte. Daar is weereens geen aanduiding dat Abram dit eers regtig beseft het nie. Maar God los dit op, waarskynlik sonder dat Abram werklik beseft dat dit is wat gebeur, as hy Lot eerste laat kies en Lot trek weg. En so gaan woon Abram in Kanaän (Genesis 13:12), en nie Lot nie. En dan sê God eksplisiet aan Abram in vers 14-15 dat dit die Land is wat Hy hom sal gee. Onthou in 12:1-3 het God net gesê Hy moet wegtrek na die land wat God hom sal wys.

Ons sien hoe Abram se geloof gegroei het as hy Lot red nadat Lot gevang is deur die invallende konings. Abram erken dat hierdie

onbegryplike oorwinning totaal van God was deur 'n tiende van alles wat gebuit is aan Melgisedek te gee en deur te weier om die land wat van Sodom afgeneem is te vat.

Hy het dus die geleentheid gehad om die land self as't ware syne te maak want hy het hierdie konings wat die land beset het oorwin, maar hy doen dit nie.

Hy wys hierdeur hy glo in God wat belowe het Hy sal vir hom 'n land gee.

So Abram het geweldig gegroei in sy geloof, sy vertrou in God.

Maar die feit dat hy gegroei het het hom nie immuun gemaak teen twyfel en vrese nie.

As die Bybel hom die vader van gelowiges noem beteken dit nie hy was hierdie voorbeeldige, rotsvaste, sondelose reus nie. Nee, hy lieg om uit die moeilikheid te kom en hy was soos ons onder die versoeking om God te betwyfel. Sy beloftes te betwyfel.

h Die situasie van Genesis 15

Dink vir 'n oomblik aan die Abram wat ons teen hoofstuk 15 aantref. 'n Aantal jare het verbygegaan vanaf hoofstuk 12. Daar is geen aanduiding dat God met Abram gepraat het gedurende hierdie jare nie. Geen aanduiding van enige wonderbaarlike ingryping in die lewe van Abram nie.

Tyd gaan verby en daar is steeds geen seun nie.

Steeds lewe Abram in 'n tent, met geen vaste woning nie.

Gaan hy ooit 'n seun hê? Is die beloofde land werklik seker? Gaan al die nasies werklik geseën word deur sy nakomelinge? Gaan God werklik die Satan se kop vermorsel deur deur die saad/nageslag van die vrou - deur sy eie saad/nageslag?

As ons na onself kyk. Is dit nie so dat wanneer daar 'n lank tyd verloop vanaf 'n tyd waar die Here byvoorbeeld duidelik die belofte dat ons onself nie hoef te bekommer oor wat ons sal eet of drink of aantrek, waargemaak het – is dit nie so dat ons dan sukkel om te glo Hy gaan dit môre weer doen en volgende jaar weer nie?

Is dit nie maklik om as't ware op te gee op God *as ons nie sigbare dinge* beleef van Sy waarmaking van beloftes nie?

Jou antwoord op hierdie vrae is deurslaggewend vir jou Christelike lewe.

Kom ons kyk of hierdie gedeelte vir ons lig werp op die saak van vrees, geloof en die lewe van geloof.

h* *Waarom is Abram bang?

Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en Eliëser die man uit Damaskus sal my besittings kry." Abram het verder gesê: "U het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal my erfgenaam wees." Maar Abram vra: "Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, Here my God?(Gen. 15:2,3,8).

Hy is bang want daar was nog geen kind nie, en net as daar 'n kind was sou die res van God se beloftes waar word. Sonder 'n kind was daar geen rede om te glo God is getrou en waar en werklik nie.

Ek raai dat baie christene al in soortgelyke posisies was. Miskien is jy op die oomblik in so situasie.

Wat is ten diepste die probleem by Abram, by jou en my?

Wel dit: Dat God nie werklik daar is, God is, as Hy nie dadelik iets gaan doen nie! Want dalk kan Hy dit dan nie doen nie?

Is Hy nie só ver en onbetrokke dat Hy in elke geval nie 'n saak het met my ou klein dingetjies nie? Hoeveel jare bid ek nou al vir hierdie of daardie belofte om waar te word?

Die bron van ons bang wees is ten diepste 'n tekort aan geloof/vertroue in God se bestaan en Sy aard.

h Wat bevry Abram van sy vrees?

Kom ons kyk na 2 gedeeltes in hierdie hoofstuk.

Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: "Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! (vir jou 'n skild) Jou beloning sal baie groot wees." (Genesis 15:1)

Maar die woord van die Here het tot Abram gekom: "Daardie een sal nie jou erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees." Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: "Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Verder sê die Here vir hom: "So baie sal jou nageslag wees." (Genesis 15:4 -5)

Wat doen God in hierdie verse? Hy onderstreep eerstens Sy belofte. In hierdie verse neem hierdie onderstreping van Sy belofte 'n interessante vorm aan. Hier is 'n bevel, 3 beloftes, en 'n herinnering.

Bevel: Moenie bang wees nie! Dit is die eerste keer waar hierdie bevel in die Bybel voorkom. Hierdie frase kom 33 keer in die Bybel voor. En 29 keer word dit deur God of Christus gebruik. In ander gevalle is dit 'n boodskapper van God wat dit vir God se mense sê. So God sê weer en weer vir ons en ook vir jou:

Moenie bang wees nie!

Ons is onder die versoeking om bang te wees. Maar ons moet dit beveg. Om die versoeking tot vrees te beveg, moet ons die genesing wat God vir ons gegee het gebruik – Sy woord met Sy beloftes.

Indie verse wat ons nou gelees het, praat God en gee God vir Abram 3 beloftes.

- Die eerste een is (letterlik) “Ek sal vir jou ‘n skild wees.” ‘n Skild beskerm ons van die aanvalle van die vyand. Die versoeking om te vrees is só ‘n aanval. Die versoeking om te twyfel aan God se beloftes is so ‘n aanval. Interessant, in die Nuwe Testament is die skild van geloof deel van die wapenrusting (Ef. 6). Hierdie gedeelte wys vir ons dat dit nie gaan oor ons goeie geloof wat ons beskerm nie, nee dit is God self!

Wat die Here dus hierdeur wil sê is dit: Onthou wie Ek is. Ek is getrou aan my beloftes. Laat toe dat dit jou beskerm soos ‘n skild. Wie Ek is. Waarom het Ek in die eerste plek aanvanklik beloftes gemaak? God het hierdie beloftes gemaak as ‘n oorvloei van Sy karakter. Soos Jesus dit stel,

Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee. Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee. (Luk. 12:32)

Dit herinner ons daaraan dat God ‘n ongelooflike ingesteldheid teenoor Sy kinders het. Hy sê, dit is My vreugde, My welbehae om aan julle goed te doen. Ja, My weë is misterieus, maar weet dit: dit is My vreugde om aan julle die Koninkryk te gee!

- God’s se **tweede belofte** aan Abram is dit: “Jou beloning sal groot wees.” Sommige vertalings lees: “I am your very great reward.” Ek dink altwee is moontlik en bevestig vir ons dat God se gawes, wat Hy kan gee, wonderlik is, maar die grootste gawe

is Hyself. Hy is die skat van groot waarde. Hyself is ons vrede. Hyself is die weg die waarheid die lewe. Hyself is ons geliefde.

Die Here sê vir Abram en vir ons; “die beloning daarvan om Myne te wees mag nie lyk asof dit juis iets is nie, maar dit is. GLO dit. Die vreugdes wat julle s’n is, is bo enige iets wat julle julleself kan indink.”

So hou vas aan hierdie ongelooflike waarheid! Veg die geveg om te glo!

God se **derde belofte** aan Abram is: “Jou eie seun sal jou erfgenaam wees.” Die bevel en die eerste twee beloftes geld vir al God se mense, hierdie belofte is aan Abram spesifiek. Uit ‘n menslike oogpunt lyk dit onmoontlik, maar God verseker Abram dat Hy ‘n seun *sal* hê, en hierdie eie bloed seun al sy erfgenaam wees, nie Eliëser van Damaskus nie.

Om hierdie belofte te herbevestig gee God vir Abram ‘n *kragtige herinnering*. Hy sê vir Abram om uit Sy tent te gaan, te kyk na die hemelruim en die sterre te tel. “Tel die sterre ... so sal jou nageslag wees.” So God stel Sy belofte weer en versterk dit. Hy gee Abram eintlik hier ‘n prentjie waarna hy elke aand kan kyk om hom te herinner aan God se beloftes.

Onthou jy hoofstuk 9, waar God die reënboog gegee het? As belofte dat die aarde nooit weer so vernietig sal word nie? Ons het sulke herinnerings nodig né? Wat het jy om aan vas te hou om jou te herinner aan God se getrouheid?

Dit bring ons nou by ‘n tweede deel waar God Sy beloftes onderstreep. Hy doen dit egter op ‘n manier wat vreemd klink vir ons ore: Hy herinner Abram aan Sy eed om aan Abram en Sy nageslag die land te gee.

Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee (Gén. 15:7).

Wat die Here hier sê is eintlik net: “Kyk die hele rede waarom Ek jou hierheen gebring het, is om die land vir jou en jou nakomelinge te gee. Onthou dit!”

En dan na Abram se vrees stelling in vers 8, gee God hom nie ‘n herinnering nie, maar ‘n prentjie van Sy onveranderbare bedoeling om Sy belofte te vervul.

Gaan lees Genesis 15:9-21 rustig deur.

God gebruik hier ‘n vorm van verbondsluiting wat bekend was in die kulture van die dag. Hiervolgens word een of meer diere in die helfte gesny en beide partye in die verbond loop dan tussen hulle deur. Deur dit te doen sê elke party: “Mag dit met my gebeur as ek nie my kant nakom nie.”

Luister hoe Jeremia 34:18 e.v. dit uitlig.

Elkeen wat hom nie gesteur het aan die verbond met My en die voorwaardes van die ooreenkoms wat hulle in my teenwoordigheid aangegaan het, nie nagekom het nie, sal Ek maak soos die kalf wat julle met die verbondsluiting in twee stukke gesny en toe daartussendeur geloop het.

Maar God pas hierdie gebruik aan in die bevestiging van Sy beloftes aan Abram. Ek dink dit is geweldig betekenisvol dat Abram deur ‘n slaap oorval word. Hy dra hier niks by nie. Hier is net 1 party wat deur die karkasse beweeg. God self. En so maak God dit duidelik dat die vervulling van die beloftes totaal van Hom afhanklik is. Hy neem ook die verantwoordelikheid vir Abram se verbreking van die verbond op Hom. (Wag tot ons kom by Isak as offer!). Uiteindelik het God in Jesus ges wys dat Hy alleen die verbondsvoorwaardes nakom.

Let ook op: Hier is ‘n belangrike les m.b.t. God se beloftes. Ons het gesien Abram is vol vrees juis omrede daar so ‘n lang vertraging is in

die waarmaking van God se beloftes. Sê God dus nou vir Abram: “*Goed goed, in die toekoms sal daar nie weer so ‘n vertraging wees nie. Ek sal my beloftes dadelik vervul?*” Nee! Inteendeel. Hulle gaan vir 400 jaar onderdruk word. Dit is asof God sê: Jy moet hierdie les leer sodat die wat na jou kom dit ook kan leer.

Hoe dit ookal sy, watter verdragings daar ookal mag wees – die finale uitkoms is seker: Vir jou nageslag sal ek hierdie land gee. In die Hebreeus is hierdie stelling in die perfektum so jy kan dit vertaal. “Aan jou nageslag *het* ek hierdie land gegee.” Die belofte is so seker dat dit gestel kan word asof dit reeds bereik is.

Hierdie gedeelte het baie om vir ons te leer omtrent die vashou aan God God se beloftes.

- Abram moes terugkyk en onthou hoe God hom uit Ur gelei het. God wil hê ons moet terugdink aan ons eie roeping. Hoekom het Hy jou aanvanklik gered? Net om jou te los?
- Dink aan Golgotha, sien Golgotha en sien God self in jou plek doen wat jy nie kan doen nie. Sien die leë graf.
- Ons moet onthou dat God altyd werk deur verdragings heen! Jy sien wat Abram moes leer en ons moet leer is dat die verhouding met die Here, *die pad wat ons met Hom stap voordat Sy beloftes vervul word, eintlik belangriker is as die vervulling self.*

Hoe het Abram gereageer? (v. 6)

Hier sien ons dat Abram wat aanvanklik vreesagtig is, God glo.

Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het. (NAV) Genesis 15:6 En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken (OAV)

Abram beoefen geloof te midde van vrees te midde van beproewinge en verdragings.

Abram veg die geveg van geloof – die geveg om te glo dat God getrou is aan Sy beloftes. Die geveg om God op Sy woord te vat al sien jy niks.

Hy dink terug aan God se getrouheid in die verlede, hy onthou God se karakter, hy het gesien hoe God beproewinge in sy lewe gebruik in die waarmaak van Sy beloftes, so hy sit die vrees agter hom en vat God op Sy woord, al kan hy nie sien nie.

Wat het Hy geglo? Hy het geglo dat God Sy beloftes van die land gaan waarmaak, en dat die nasies wat uit hom voortkom al die nasies op die aarde sal seën.

Hy vat God op Sy woord in die lig van dit wat hy nou al beleef het... Hy kon nie hier sien dat Hy gaan pa word met alles wat daaruit sal voortvloei nie.

Ons moet versigtig wees om te dink Abram het hier ‘n Christen geword, dat Abram hier gered word deur geloof soos ons. Nee, maar dit wat Hy doen om God te neem op Sy belofte, op Sy woord, is ‘n voorbeeld van hoe ons God op Sy woord moet neem vir verlossing deur Jesus.

Dit is natuurlik ook so dat al die beloftes aan Abram uiteindelik sou waar word in Jesus Christus en wat Hy gedoen het. Hy is die uiteindelijke nageslag van Abram. Abram het dit nog nie hier geweet nie. So ons moet versigtig wees om te sê Abram het geweet hy glo eintlik in Jesus as hy hier glo. Nee, hy het God net op Sy woord geneem.

Wat is die lesse vir ons?

- Herinner jouself aan die getrouheid van God in die verlede – in die lewe van Bybel karakters, in die geskiedenis en in jou eie lewe.

- Sien al jou beproewings as dinge wat jou help om God meer aan die werk te sien, sodat jy kan glo.
- En glo ten diepste in Jesus Christus, in wie al God se getrouheid opgesom is. In Hom het jy alles, selfs te midde van pyn , swaarkry, teenkanting.

Wat gee God vir hom? (v. 6)

Kyk weer na Genesis 15:6

En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken

Nou weereens moet ons versigtig wees om te dink dat Abram se regverdigmaking deur geloof presies dieselfde beteken as ons sin. Die frase wat die 1953vertaling met “God het dit as geregtigheid gereken” vertaal, beteken eintlik bloot dat God Abraham nou beskou het as *in die regte verbondsverhouding met Hom*.

Belangrik vir ons, Abram is *nie* deur God beskou as in die regte verhouding met Hom deur wat hy gedoen het of omrede hy nooit gefaal het om te glo nie, hy het. Ook nie omdat dat hy nooit gesondig het nie, hy het.

Nee, God beskou hom in die regte verhouding bloot *omdat hy God hier op Sy woord geneem het*. Sy woord dat Hy Sy beloftes kan waar maak al kan hy (Abram) geen bydrae lewer nie.

Ons? Ons neem God op Sy woord dat Jesus in ons plek die lewe geleef het wat ons nie kan leef nie, dat Hy gesterf het in ons plek en dat Hy opgestaan het in ons plek, sodat as ons in Hom glo, God ons sien as mense wat in die regte verhouding met Hom is.

Gaan lees gerus Romeine 4:17 en verder en jy sal verstom staan.

En jy sien dit is belangrik. Die lewe van geloof is ten diepste om in die regte verhouding met God te staan, al sien jy niks anders wat vir jou reg uitwerk nie. Al sien jy nie nou al, al die beloftes waar word nie. Hierdie in die regte verhouding staan met God is die belangrikste.

Dit gee vreugde en berusting selfs al sien jy in hierdie lewe geen beloftes waar word nie.

Dit is hoekom ons ten diepste nie hoef te vrees nie. God sien ons as in die regte verhouding met Hom as ons, te midde van alles wat nie uitwerk soos ons gedink het nie, net vashou aan wat Hy belooft het.

En daardie vashou in sigself is die lewe wat ons nou leef!

***h* Nader aan jou lyf**

Vir my bly dit geweldig dat Paulus aan die einde van sy lewe uitroep: “Ek het die geloof behou! Ek gaan voort om God, Jesus op Sy woord te neem, selfs al sien jy hier en nou baie min daarvan.” (vgl. 2 Tim. 4:7)

Want in hierdie neem van God en Jesus op Sy woord, beleef ons Hom.

Jy sien dit is die Christelike lewe.

Deur die geloof word jy in die regte verhouding met God geplaas. Dit is in Hom wat jy alles verkry al sien jy niks wat jy wil sien nie. In Hom kry jy vrede, lewe, oorfloed, bewaring, vertroosting.

Dalk sê jy, “ja maar as God so duidelik met my gepraat het soos met Abram...” Moenie vergeet dat God in die 100 jaar, net 8 keer met Abram gepraat het nie! Dit is ontsaglik min. En hy het nie beheer oor daardie geleentheid gehad nie.

God wil ons ongeloof genees. Onthou Romeine 10:17 (O.A.V.) “geloof kom deur gehoor en gehoor is deur woord van God.”

Ek en jy het God se beloftes, Sy woord aan ons. Dit is vas. Elke dag kan jy hoor wat Hy vir jou sê in en deur Sy laaste woord Jesus.

Die manier hoe Hy *jou* na buite vat en die sterre wys is niks anders as om Sy woord met die beloftes in Jesus, en die tekens van die nagmaal en doop aan jou te wys nie.

Wat Jesus histories aan die kruis gedoen het en die leë graf – dit is ons brandende fakkel wat deurgaans deur die gehalveerde diere.

God wil ons vrees wegvat deur ons ongeloof te genees. Dit gebeur wanneer ons glo. Hom vat op Sy woord.

En dan gee Hy ons - nie dadelik altyd die waarmaak al Sy beloftes nie- maar eerstens nuwe status, tweedens 'n verhouding van geloof.

Onthou *al* die hindernisse en struikelblokke in ons lewens, word deur God gebruik om hierdie *verhouding* deur geloof te versterk. Moenie probeer om Sy beloftes self vinnig waar te maak nie: *God is nie haastig nie!* En vir ons in die selfoon en *iPad* era is dit moeilik. Ons wil hê alles moet vinnig gebeur. Al God se beloftes moet vinnig waar word...

Laat dit aan Hom oor! En hoe meer jou verhouding groei en jy beleef hoe al die beloftes in Jesus *ja en amen* is, hoe sekerder is jy van die uiteindelijke waarmaking daarvan. En veral van die die laaste dag wanneer al Sy beloftes waar word.

Leef die *lewe van geloof* – totdat Hy kom – dit is die ware Christelike lewe! (Heb. 11:8 e.v.)

En onthou: God is nie soos ons nie!

Hoofstuk 8 *Genesis 16-17: Is jy al besny?*

h 'n Radikale stelling

Ek wil hierdie hoofstuk begin met 'n radikale stelling: “Een van die groot redes waarom ons Christelik lewe dikwels sonder vreugde is, sonder vryheid is, is omrede ons nie die besnydenis verstaan nie!”

h Die besnydenis probleem in die Nuwe Testament

Het jy al raakgesien dat dit een van die groot probleme van Christene in die Nuwe Testament was? 'n Gesukkel met die besnydenis? Paulus skryf aan die Galasiërs omrede hulle hulle weer laat besny het...

Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie (Gal. 5:2).

Hy skryf aan die Kollossense mense omrede hulle nie verstaan het dat hulle wel besny is nie (Kol 2:11a)

Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny....(Kol. 2:11a)

h Die besnydenis in die verlossingsgeskiedenis.

Die besnydenis is geen geringe saak nie, ons moet onthou dat alle verlossingsgeskiedenis na Abraham groei uit die vervulling van die Abrahamitiese Verbond, waarvan die *besnydenis* die teken was.

Wie is verlos uit Egipte? Die ouens wat besny is. Kinders van Abraham. Met hulle is die Ou Verbond (verbond met Moses) gesluit wat bestaan

het uit die hou van al die insettings en stipulasies wat vanaf die berg en vanuit die tent van samekoms afgekondig is

Wie is die wat verlos is van sonde in die Nuwe Testament? Wel, hulle word genoem die kinders van Abraham. En hulle het ook 'n besnydenis ontvang (Gal. 3:29; Kol. 2:11 e.v).

h Genesis 16 &17 en die besnydenis: Waarvoor staan die besnydenis?

Kom ons kyk eers na Genesis 17. In Genesis 17 word die woord *besny* 13 keer gebruik.

Nou dit is baie duidelik dat die besnydenis 'n teken was van die verbond tussen God en Abram. Kyk na vers 11

Julle moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle

Dit is interessant dat die woord wat gebruik word vir die sluit van 'n verbond, die woord "sny" is. Jy sny 'n verbond. "*Karat berit.*" Daar was dikwels, kom ons noem dit "mes rituele," betrokke in verbondsluitings in die Ou Testamentiese tyd, ook by ander volke van die tyd.

Wat ons moet verstaan van hierdie verbondsluitings is dit: Die verbond was tussen twee partye en dit was 'n belofte wat met 'n eed gesweer is. "Ek sal dit doen, jy moet dat doen." "Ons sweer met 'n eed dat ons dit sal doen."

Indien een party nie sy oorekoms nagekom het nie, was daar geweldige konsekwensies. Hy kom onder die vloek van verbondsverbreking.

Die gebruik was om 'n teken te gee vir die verbond wat gesluit is en in die teken self het 'n mens al klaar iets gesien van wat sou gebeur as jy jou kant van die verbond verbreek het. In die geval van die besnydenis was dit duidelik dat jy afgesny sou word van die verbond. Dit is

interessant jou naam sou spesifiek afgesny word en jou nageslag sou afgesny word van hierdie verbond.

h Die twee partye: Genesis 16 se herinnering

Wie was die twee partye tussen wie hierdie verbond gesluit is in Genesis 17? Wel, God en Abram. Nou ons het reeds gesien wie Abram was. Ons het reeds gesien dat hy aanvanklik 'n afgodsdienaar was wat uit Ur geroep is deur God. Ons het gesien hoe hy uit vrees gelieg het. Ons het gesien hoe God getrou was.

Hoofstuk 16 wat net voor hoofstuk 17 kom, herinner ons net gou weer, voor hierdie teken van die verbond gegee is, aan die twee partye.

In Genesis 16 sien ons hoe Sarai nog steeds nie kinders het nie en sy dan die plan kry om Hagar vir Abram te gee.

Nou dit was blykbaar 'n algemene gebruik in daardie tyd.

Die probleem is, God het aan Abram beloof in hoofstuk 15 dat sy eie kind sy erfgenaam sal wees.

Hier in hoofstuk 16 stem Abram nou in met Sarai se plan. En as Hagar swanger is raak die probleme meer. Ons lees dat Hagar Sarai geminag het omdat Sarai nie swanger was nie. Nou ons moet verstaan Hagar was 'n tipiese heiden van die dag en as jy nie swanger geword het nie, was dit 'n bewys dat die gode teen jou was, jou vervloek het.

Ons sien egter hoe Abram Hagar oorgee aan Sarai om te doen met haar wat sy wil. En dit wat dan gebeur is nie baie mooi nie. Sarai behandel haar so sleg in vers 6, dat sy wegloop.

Die ongelooflike is dat God haar daar sien, met haar ontmoet in die woestyn en vir haar beloftes gee vir haar nageslag en haar terugstuur na Sarai.

So wat sien ons hier van die twee partye?

Abram: Ongeloof en onreg.

God: Hy is genadig, sien nood en bly getrou aan Sy beloftes.

Onthou die feit dat God aan Hagar ‘n groot nageslag belof is deel van die waarmaak van Sy beloftes aan Abram. Ons weet dat die belofte van die land en evangeliese seën deur Isak en sy nageslag sou wees. Die belofte van baie nasies is egter onder andere in *Ismael* vervul. Daarom is hy ook besny. Die Ismaeliete kom uit hom voor (Arabiere). “*Baie nasies sal uit jou voortkom en ‘n groot nageslag..’*”.

h Die verbond se twee kante

So ons is diep onder die indruk van wie die twee partye is as ons by hoofstuk 17 kom. Nie waar nie?

So wat behels die twee kante van die verbond?

God se kant

Wel God brei uit op wat Hy reeds belof het (*groot nageslag, ‘n land, baie nasies, nageslag in wie die hele aarde geseën sal word*) aan Abram en Hy voeg dinge by. Wat hier onmiddelik die oog tref is dat God noem dat Hy *vir Abram en Sy nageslag ‘n God sal wees.*(vers 7) Dit is die kern van alles!

Iets wat hier bykom en wat van belang is, is dat God Abram se naam verander na Abraham (vers 5).

Abraham beteken letterlik ‘vader van baie nasies.’ Dit is iets besonders wat hier gebeur. Dit dui op ‘n baie *intieme verhouding*. Dit is ouers wat kinders name gee met ‘n sekere verwagting van die kind né. As God hier ‘n naam, ‘n identiteit vir Abraham gee dui dit op ‘n baie, baie spesiale verhouding.

Nog iets wat bykom by God se beloftes aan Abraham, is dat *konings* uit Abraham sal voortkom. Ons weet dat die koning van alle konings ook uiteindelik uit Sy nageslag sou kom.

Abraham se kant

Ons kry 'n aanduiding daarvan in vers 1. “Lewe naby my en wees opreg”. Letterlik, “*wandel* naby My en wees opreg.” Nou dit is insiggewend. Die letterlike woord, *wandel*, wat hier gebruik word herinner aan Genesis 3 waar ons sien dat God en die mens saam gewandel het.

Maar veral die woordjie *opreg* is fassinerend hier. Want juis Abram se leuens was sigbaar voor hierdie gebeure (hfst. 12) en weer hierna (hfst. 21) sou hy weer nie opreg wees nie!

H Hoe kon Abraham die besnydenis dra sonder om te sterf?

Dit bring ons by die vraag: “Hoe op aarde kon Abraham in 'n verbondsverhouding met God leef waarvan die teken die besnydenis was? Hoe kon hy oorleef.

Ek dink die antwoord word vir ons in Romeine 4 gegee.

Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken. Hoe is dit dan toegereken toe hy besnede of onbesnede was? Nie as besnedene nie, maar as onbesnedene. En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word (Rom. 4:9-11).

Wat sê Paulus? Hy sê die besnydenis was die teken van (lett.) *die regverdigverklaring van Abraham deur die geloof*. En dit is wat ons in Genesis 15:6 gesien het, nie waar nie? Abraham het in God gelo en dit

is hom tot geregtigheid gereken. Dit beteken letterlik God verklaar hom as in die regte verbonds verhouding, deurdat hy geglo het.

Maar hoe kon God dit doen? Is God nie eerlik met die besnydenis nie? Hoe kan Hy 'n verbond sluit met die besnydenis as teken en Abraham laat leef?

Die “Saad”/Nakomeling en besnydenis

Die antwoord lê natuurlik in dit wat deel was van wat Abraham geglo het. Hy het geglo dat in sy nageslag, letterlik sy *saad*, sal al die nageslagte geseën wees. En wie was daardie saad? Wel vergelyk

Galasiërs 3:16:

God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie “aan nakomelinge”, meer as een nie, maar: “en aan jou nakomeling”, net een, en hierdie nakomeling is Christus

Maar dit is veral belangrik om te verstaan wat met hierdie nakomeling gebeur het. Blaai na Jesaja 53:8b

Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk

Dit is die rede waarom Abraham as geliefde van God, as een aan wie beloftes gemaak is en aan wie die beloftes vervul is, met Hom kon wandel al was hy nie in homself opreg nie. Al was hy 'n verbondsverbreker.

En baie belangrik: God het onder die verbond met Moses baie duidelik gewys dat mense wat besny is *nie self* getroue bondgenote kan wees nie. Die hele doel vandie verbond met Moses, die ou verbond, was bloot om

sonde as sonde uit te lig, deur God se wet (Gal 3:19). Dit het Hy gedoen sodat dit duidelik kan wees dat die volk en elke mens verbondverbekers is en sodat Een onder die vloek van verbondsverbreking afgesny kon word. Jesus.

h Terug na Galasiërs en Kolossense

Galasiërs: Die verkeerde besnydenis

Wat was die probleem by die Galasiërs? Hulle het gedink dat as jy onder die nuwe bedeling jou weer laat besny jy aanvaarbaar voor God is. Hulle het nie beseft dat die besnydenis, die fisiese besnydenis ‘n teken was van dit wat Jesus gedoen het in hulle plek nie. So as jy weer jou laat besny maak jy tot niet wat Jesus gedoen het.

Kolossense: Die regte besnydenis

Vir die Kolossense mense maak Paulus dit duidelik dat hulle reeds besny is. Luister weer **Kolossense 2:11 e.v.**

Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem

Sien jy dit? Hulle is besny met die besnydenis van Christus. Hulle het dus deur geloof deel aan Christus wat klaar in hulle plek afgesny is as verbondsverbreker. Nou het hulle deel aan die opgestane Jesus, hulle is nou mense wat aanvaarbaar is voor God – ware bondgenote! Hulle hoef nie ‘n lewe te leef van allerhande moets en moenies om die Here te beïndruk nie (Kol. 2:20 e.v).

Natuurlik lei hierdie nuwe posisie tot ‘n heilige lewe! (Kol. 3:1 e.v.).

h Is jy besny?

Ek hoop jy sien nou waarom dit van kardinale belang is dat ons die besnydenis verstaan!

Is jy besny? Is jy besny met die regte besnydenis. Leef dan met die wete dat jy soos Abraham, ‘n nuwe naam voor God het. ‘n Nuwe identiteit. Dat jy regverdig voor God is ten spyte van jou mislukkings. Weet dat Hy jou God wil wees. Weet dat Hy Sy beloftes, al die beloftes in Jesus sal waar maak – nie omrede jy jou kant bring nie, maar a.g.v. die feit dat hy die vloek kant van die besnydenis gedra het.

En watter God is hy nie? Dink aan hoofstuk 16! Hy is die God wat jou sien as jy in die woestyn is, in nood. Hy is vol ontferming, maar Hy bly getrou aan Sy verbond!

Hoofstuk 9 *Genesis 18: Goeie nuus vir moedelose bidders*

h *Ons gesukkel met gebed*

Ek dink ons almal het al geworstel met die vraag: “*Het my gebed enige inpak, maak dit sin om te bid?*” En ek praat nou spesifiek oor voorbidding.

Mors ek nie eintlik maar tyd nie? Kyk, as dit dit baie duidelik is dat 'n gebed beantwoord is, dan was daardie gebed sinvol, maar daar is baie baie gebede waarvan ons net nooit ooit weet of daar enige iets van gekom het nie.

Of nog erger. Wanneer ek gebid het vir 'n saak en baie duidelik is dit nie beantwoord nie. Wat dan?

Ek bid vir 'n persoon se redding en daardie persoon sterf as iemand wat die Here verwerp. Was my gebede nie 'n vermorsing van tyd nie.

h *Abraham se oënskynlike nuttelose gebed*

Ek wil hê ons moet nou kyk na die gebed van Abraham wat ons in hierdie gedeelte vind. 'n Gebed wat op die oog af ook 'n vermorsing van tyd was.

Ek wil hê ons moet nou kyk na hierdie gebed:

Drie manne waarvan een 'n verskyning van die Here self blyk te wees, verskyn aan Abraham. Abraham is gasvry en bedien hulle en dan sê hulle aan Abraham dat Sara die volgende jaar daardie tyd 'n kind sal hê. Sara lag, en die Here vra hoekom sy lag, want sou iets vir die Here te wonderbaar wees? Wat dan volg is die Here se besluit om Sodom te vernietig en daarmee saam die verlossing van Lot en sy dogters terwyl Lot se vrou in 'n soutpilaar verander.

Maar binne hierdie gedeelte vind ons hierdie interessante gebed van

Abraham. En hierop wil ek fokus aan die hand van 'n paar basiese vrae

Wie bid hier?

Abraham bid hier. Die afgodsdienaar uit Ur wat deur die ware God geroep is en met wie God in 'n *verbondverhouding* ingegaan het. Met wie God 'n geweldige *wedersydse ooreenkoms* aangegaan het. 'n Verbond beteken per definisie dat dit 'n wedersydse belofte is wat met 'n eed gesweer is en wat jy nie kan verbreek sonder ernstige konsekwensies nie.

Ons het nou gesien wat hierdie verbond behels het. Ons het gesien God het belowe Hy sal vir Abraham 'n God wees - met alles wat dit behels. Verder meer het Hy beloftes gemaak.

En Hy het Abraham se naam verander. Hy gee Abraham 'n unieke identiteit binne 'n intieme verhouding.

Maar natuurlik het 'n verbond twee kante. Abraham moes voor God leef en opreg wees.

Ons het gesien hierdie verbondsooreenkoms het 'n teken gehad. Die besnydenis. Die teken het iets gesê van wat met jou sal gebeur as jy hierdie verbond verbreek. Jy sal afgesny word, jou naam word afgesny en jou nageslag word afgesny van die verbond.

Hoe kon Abraham as bondgenoot bly leef? Wel ons het gesien Romeine 4:11 gee die antwoord. Die besnydenis was in Abraham se geval die teken dat God hom geregverdig het deur geloof. In Genesis 15:6 het ons dit gelees. God het Abraham gesien as in die regte verbondsverhouding met hom deur geloof.

Maar hoe kon God dit doen? Die verbondsteken vereis dat jy afgesny moet word as jy die verbond verbreek! En Abraham was nie opreg nie! Hy het gelieg in hoofstuk 12 en weer gelieg in hoofstuk 21.

Die antwoord is natuurlik geleë in een van die beloftes wat aan Abraham gemaak is, wat deel was van wat hy geglo het. Die saad, of

dan nageslag, wat uit hom sou voortkom. En wie was dit? Wel Galasiërs 3:16 is duidelik hieroor:

God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus.

En van hierdie nakomeling word reeds in Jesaja 53:8b gesê. *Dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes.*

So die punt wat ons moet vat is dit: Die man wat hier bid is nie in homself iets wonderliks, iets besonders nie. Hy is 'n gebroke sondaar wat deur God gesien word as 'in die regte verhouding' op grond van iemand anders wat die vloek van sy verbondsverbreking in die toekoms sou dra.

Hoekom bid Abraham?

As ons daaraan dink dat gebed in die algemeen en spesifiek Abraham se gebed hier niks anders as 'n gesprek met God is nie, kan ons sê: Abraham bid, omrede hy *vrymoedigheid* gehad het om met God te praat. Nie omrede hy so oulik was nie maar omrede God in 'n vriendskap verhouding met Hom gestaan het deur die verbond.

Let op, God sien hom as 'n vertroueling.

en toe dink die Here: sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek wil doen? (Gen. 18:17)

God het niks weggesteek vir Abraham nie.

So Abraham Hy bid omrede God aan hom bekend gemaak het wat Hy gaan doen.

Verder meer dink ek nie ons sal verkeerd wees om te sê dat Abraham

bid ook in die lig wat wat God gesê het in vers 14 nie. **Sou iets vir die Here te wonderbaar wees? Is iets te buitengewoon vir die Here?** So hy bid omdat hy die woord van die Here het wat hom nog meer vrymoedigheid gee.

Hoe bid Abraham?

Dit is interessant. Onthou nou dat God aan Abraham bekend gemaak het wat Hy gaan doen. Hy gaan die stad verwoes. En let nou op. Abraham *aanvaar dit nie sommer* nie. Hy sê nie by wyse van spreke: “Ag Here maar dit is ‘n goeie plan nie.”

Nee, Abraham gaan as’t ware in ‘*n argument met die Here*. Jy sien hy kan dit doen omrede hy God se bondgenoot is, ‘n vertroueling is.

Let op die verskil tussen die twee vertalings. Volgens 1983 het die Here by Abraham bly staan, en volgens die 1953 het Abraham voor die aangesig van die Here bly staan. Hy bly staan voor die aangesig van die Here en hy vra hom reguit: “**Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig?**”

Amper asof Hy wil sê: “*Here dit is tog nie hoe U is nie. Dit is nie hoe ek U leer ken het nie. Ek is ‘n bewys daarvan. Here sou U iets vir U te wonderbaar wees.*”

En dan ken ons die gebed van Abraham verder. Hy hou aan en aan, totdat hy en God as’t ware stop by die ooreenkoms dat as daar 10 regverdiges in Sodom is, wel dan sal die Here Sy plan verander.

Vir wie/wat bid Abraham?

Hy bid vir genade vir regverdiges. Hy pleit dat die Here nie die regverdiges in Sodom saam met die goddeloses sal ombring nie. Hy bid dus vir die wat soos hy onverdiende guns in God se oë gevind het.

Wat is die oënskynlik uitkoms van sy gebed?

Daardie oggend het Abraham vroeg opgestaan en na die plek toe gegaan waar hy in die teenwoordigheid

van die Here gestaan het. Toe Abraham in die rigting van Sodom en Gomorra en van die hele vlaktestreek kyk, sien hy oor die hele wêreld trek rook op asof dit 'n steenoond is. (Gen 19:27-28)

Wat ons hier sien is dat Abraham die oggend vroeg gaan kyk wat is die uitslag van sy gebed. Het God 10 regverdiges gekry en hulle gespaar? Wat hy sien, lei tot die onvermydelike konklusie: God het nie 10 regverdiges gevind nie en as daar minder was, wel God het Hom nie oor hulle ontferm nie. Daar trek die rook.

In kort; Abraham se gebed het nie uitgedraai soos hy gehoop het nie

h Die werklike, verrassende uitkoms van Sy gebed

Kyk na Genesis 19:29:

Toe God die stede in die vlakte verdelg het waar Lot gewoon het, het God aan Abraham gedink en vir Lot laat wegkom uit die plek waar die verwoesting plaasgevind het.

God het gedink aan Abraham. God het gedink aan Abraham se pleidooi. Sy gebed. En God laat Lot en sy familie wegkom. Hy ontferm hom oor die regverdiges, selfs al was hulle minder as 10. Ja, Hy het die stad verwoes, maar Hy ontferm Hom. Sy gebed was nie verniet nie

So ons kan sê: God spaar Lot en sy dogters op grond van Abraham en sy gebed vir die regverdiges.

Maar vanaf vers 30 gebeur daar dan iets vreemds.. Nog meer vreemd is die feit dat die skrywer dit wel opteken. 'n Gedeelte wat jy nie sommer by jou huisgodsdienst gaan lees nie. Lot se twee dogters besef hulle gaan nie daar mans kry nie en besluit toe om kinders te kry by hulle eie pa.

Wat ons moet raaksien is dit. Die oudste het 'n seun in die wêreld gebring wat Moab genoem is. So die Moabiete het hier hulle begin gehad. En die fassinerende is dat Rut, die Moabitiese vrou uiteindelik deel uitmaak van die geslagsregister van Jesus Christus.

Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai; Isai was die vader van koning Dawid. (Matt 1:5-6)

Wat is die punt? Genesis 18:14! “Sou iets vir God.....?”

Abraham se gebed het gevolg gehad wat hy nooit sou kon raai nie. Nooit oor sou kon droom nie. Wat hy gesien het was die rook oor Sodom.

Wat God gedoen het... iets totaal anders as wat Abraham kon gedink het! Op grond van sy gebed spaar God Lot en sy dogters. En uit daardie dogters se nageslag word die saad van Abraham gebore. Die Een in Wie alle nasies geseën sou word.

h Wat ons moet leer van gebed?

Is enige gebede nutteloos: Nee! (Vgl. Openb. 8:1-5) Beteken die feit dat vir God niks te wonderbaar is, dat Hy gebede antwoord soos ons wil? Nee. Wat jy sien as God se antwoord op gebed en wat in werklikheid gebeur stem nie altyd ooreen nie. Maar moenie op grond daarvan tot die slotsom kom dat sommige dinge vir God te groot is nie. Nee, Hy is baie baie groter. Hy antwoord gebede deur ellende en pyn, smarte en sonde heen!

Kan en moet ons met vrymoedigheid, aanhoudend argumenteer met God in gebed? Ja! Wat ons hier gesien het sien ons by Moses (Eks. 32:10 e.v) by die gelykenis van die onregverdige regter en die weduwee (Luk. 18), en die gelykenis van die onbeskaamde vriend (Luk.11).

Hoekom kan ons so bid? Nie omdat ons so geestelik is nie. Nie omdat

ons so ver gevorderd het op die geestelike pad dat ons nou so kan bid nie. Nee, omdat ons op grond van Jesus se lewe en sterwe in ons plek, nie meer onder God se vloek vir verbondsverbreking staan nie, maar in 'n intieme vertrouensverhouding met God staan!

Hoofstuk 10 *Genesis 18-19: God werksaam in die wêreld: Wat kan jy verwag?*

h 'n Paar stellings

E Baie van ons worstel met die realiteit van die Here in ons daaglikse lewens. Ons wonder of die Here werklik *weet* van ons elke dag se worsteling en stryd, fisies en geestelik. Stel Hy werklik belang daarin? Ons wonder of Hy regtig ooit intree in ons daaglikse roetine? Of is ons net te ongeestelik? Ons kyk na die wêreld rondom ons die geestelike en sosiale verval en politieke chaos en goddeloosheid en wonder sien God dit? Doen Hy iets daaromtrent?

E Baie van ons het ons min werklike ontsag, Bybelse vrees vir hierdie God en daarom min vreugde

E Ons sukkel om te glo dat ons as 'n klein gemeente 'n inpak kan hê op ander se daaglikse praktiese lewe en op die toestand van die wêreld.

h Terugblik

Kom ek herinner jou net baie oorsigtelik aan wat ons reeds gesien het. Ons het in Genesis 1-2 gesien waar die groot verhaal van die wêreld, die ware verhaal van die werklikheid begin het. Dit het begin waar God, die mens en die geskape wêreld in 'n noue intieme verhouding gestaan het met mekaar. Die hele skepping is God se tempel met die mens wat in die allerheiligste van daardie tempel, in Eden, met God gewandel het. Dit was God se bedoeling dat die mens in daardie verhouding sou uitbeweeg en die aarde sou vul en bewerk. Ons het gesien hoe die mens onder versoeking van die Satan, God se goedheid bevraagteken, en God se positiewe bevel as negatief sien. Die rug op God draai. Sonde was nou in die wêreld. Sonde het al hierdie verhoudings radikaal beïnvloed en vermink. En tog het God beloftes gemaak dat Hy uiteindelik die kop

van die slang sal vermorsel. Ons het gesien sonde het so 'n invloed gehad op alles dat God by die punt gekom het waarop Hy alles vernietig het. Maar uit genade en in groot liefde het hy een man en sy gesin gered. Noag. Maar hierdie man se nageslag het by Babel nog verder gegaan met sonde. Wat die mense hier doen is nie om te probeer om meer soos God te wees, soos Adam en Eva nie. Nee, hulle *maak God soos hulle*, ons het gesien dit is wat gebeur as hulle 'n toring, 'n ziggurat bou sodat God na hulle kon afklim en kom eet en dies meer.

Wel, God gooi hulle planne omvêr en sorg dat hulle met verskillende tale versprei en dan begin God weer met een man. 'n Afgodsdienaar uit Ur. 'n Kinderlose man met 'n ou vrou. Hy maak duiselingwekkende beloftes aan hom. Hy sluit 'n verbond, 'n onverbreekbare eedgesweerde kontrak met Hom, dat Hy Abraham se God gaan wees, dat Hy deur Abraham die nasies gaan seën, dat Hy vir hom 'n land gaan gee en 'n groot nageslag. Deur sy nageslag sal daar seën kom vir almal. En dit is duidelik dat God deur hierdie een man en sy nageslag op pad is na 'n nuwe Eden.

Wanneer ons by Genesis 18 en verder kom is die situasie dus: 'n Gevalle wêreld aan die een kant, en die ware God aan die ander kant wat Homself tot een man en Sy nageslag verbind en op pad is na iets groter.

En die vraag is onmiddellik. Wat gaan ons sien? En is dit relevant vir ons?

Ek dink dit is uiters relevant. Ons wat nou na die koms van Jesus leef, het steeds 'n gevalle wêreld aan die een kant, en 'n God wat verbind is tot Sy verbond aan die ander kant. Die nuwe verbond wat volgens Galasiërs eintlik niks anders is as die herbevestigde verbond met Abraham nie!

So ons *moet* weet: Is Hy teenwoordig in hierdie wêreld? Werk Hy? Hoe werk Hy?

En dit lyk my hierdié gedeelte is veral belangrik omrede Jesus in Lukas 17 dit duidelik maak dat wat in Genesis 19-8-19 gebeur relevant is vir Sy wederkoms.

Ons het nou al na hoofstuk 18-19 gekyk en spesifiek gefokus op Abraham se gebed binne die konteks en die bemoediging wat dit vir ons eie gebedslewe gee.

Nou wil ek het ons moet meer *inzoom* op die wêreld waarin Lot homself bevind, Sy bevryding en wat met sy vrou gebeur het, maar natuurlik sal ons weer raak aan Abraham se gebed.

h Die wêreld waarin God teenwoordig was en is

Ons het nou reeds gesien dat God, die Verbondsgod teenwoordig is in 'n *gevalle* wêreld.

Wat ons *hier* sien van Sodom in 18:20-21 en 19:13 is dat daar 'n *groot geroep* oor Sodom was. Nou dit kan of verwys na die feit dat wat daar gebeur het geroep het om optrede deur die God wat deur Abraham in 18:25 die *regter van die hele wêreld* genoem word, of dit kan verwys na die mense wat daar swaargekry en gely het se uitroep.

So uit die groot geroep oor Sodom en uit die die naam Sodom wat verwys na Sodomiete, (homoseksuele) sowel as uit dit wat ons lees die mense van die plek wil doen aan die besoekers van Lot, sien ons dat die wêreld wat hier geteken word ver weg is van Eden. Ver weg is van wat God wou gehad het dit moes wees.er

Kom ons kyk gou wat leer ons uit die Nuwe Testament or Sodom. Blaai gou na **2Petrus 2:6-10**:

Die stede Sodom en Gomorra het Hy tot verwoesting veroordeel en tot as verbrand, en met hierdie voorbeeld het Hy getoon wat oor die goddelose mense gaan kom. En tog het Hy vir Lot gered, 'n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige

lewenswyse van sedelose mense. Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit 'n foltering was vir sy opregte gemoed. Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou. Veral hulle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag. Hierdie leraars is uitdagend en verwaand en huiwer nie om hemelwesens te beledig nie.

Hier sien ons dat Sodom gekenmerk was deur losbandige lewe deur sedelose mense, en vers 10 dui daarop dat hulle absoluut toegegee het aan hulle wellustige begeertes, so hulle het gedoen dit wat hulle wou om hulle natuurlike drange te bevredig en ons sien hulle het die gesag van die Here verag.

Dit is egter baie interessant om Jesus se uitspraak oor Sodom te lees in Lukas 17:26-33.

Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis. In die tyd van Lot het dit ook net so gegaan: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink, gekoop en verkoop, geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot Sodom verlaat het, het vuur en swael uit die hemel gereën, en dit het almal uitgewis. Net so sal dit ook gaan op die dag wanneer die Seun van die mens verskyn. Dan moet die man wat op die dakstoep sit, nie ingaan om sy besittings in die huis te gryp nie. Net so moet ook die man wat op die land is, nie omdraai huis toe nie. Onthou wat met die vrou van Lot gebeur het!

Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen wat dit verloor, sal dit behou.

Hier sien ons iets interessant van die wêreld waarin God opgetree het. Dit was 'n wêreld waarin alles maar soos altyd gebeur het. Dit is wat Jesus hier uitlig.

'n Wêreld wat nie verwag het God kan in hulle doen en late betrokke raak en inbreek nie. Lot en sy familie het hulleself daar bevind en ek en jy bevind onself in so wêreld want Jesus sê dit sal so wees as Hy weer kom.

h God sien wat aangaan in hierdie wêreld en neem dit ter harte

Die interessant ding is dat God in 18:21 sê dat Hy gaan ondersoek instel. Die 1953 vertaling sê eksplisiet Hy gaan neerdaal om te kyk. Daar gaan dus 'n regsak plaasvind. God stel belang, intens belang en gaan neerdaal en ondersoek instel.

Kyk na die einde van hoofstuk 19:16. *“Die Here het Hom oor Lot ontferm.”* Die Here is betrokke by Lot in hierdie wêreld waarna ons nou gekyk het en Hy ontferm Hom. Die Engelse vertalings sê God was *merciful towards them*.

En let op die een wat deur God aangesien word, het volgens 2 Petrus 2: 7-8 die volgende beleef.

En tog het Hy vir Lot gered, 'n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige lewenswyse van sedelose mense. Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit 'n foltering was vir sy opregte gemoed

Jy sien God sien Sy mense aan wat so swaarkry en vrae vra. Daar is 'n interessant opmerking in **19:22**. Sien jy?

Vlug gou daarnatoe, want ek kan niks aan die ander stede doen voordat jy in die dorpie aangekom het nie.

Ek kan niks....., God is as't ware gebind in Sy optrede deur Sy barmhartigheid aan Sy mense!

h God is teenwoordig by Sy mense deur bevryding & oordeel

Bevryding:

Kyk weer na 19:15-16. God sien niet net en ontferm nie net nie. Hy red Lot uit hierdie stad met alles wat daarmee saamgegaan het.

Blaai nou weer na 2 Petrus 2:9

Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red...

So wat is die punt wat ons hier moet sien? God het Lot uit die beproewing waarin hy hom bevind het in 'n wêreld waarin alles maar net voortgegaan het.

Oordeel:

Maar ons mag nie van Lot se vrou vergeet nie: In Genesis 19:26 lees ons die bekende vers dat sy omgekyk het en in 'n soutpilaar verander het. Dit is interessant dat Jesus spesifiek Lot se vrou uitlig as Hy met Sy dissipels praat. Lukas 17:32:

Onthou wat met die vrou van Lot gebeur het!

Wat ek en jy moet sien is dat Lot se vrou deel was van die wat bevryding beleef het. Hulle was al uit die stad. Sy was saam met hierdie absoluut bevoorregte groepie. Maar wat gebeur? Sy kyk om. Nou die betekenis van die omkyk het nie te make met die feit dat sy nie die

verwoesting mag gesien het nie en toe tog kyk en daarom in 'n soutpilaar verander het. Soos 'n ou wat nie na 'n sweisvlam mag kyk nie, en dan kyk hy.

Nee, die terugkyk hier is eintlik 'n metafoor om te verwys na die feit dat Sy weer wou deel wees van die lewe van Sodom. Jesus maak dit duidelik in Lukas 17 in vers 33. Nadat Hy gesê het om te onthou wat met Lot se vrou gebeur het sê Hy:

*Elkeen wat sy lewe wil probeer behou sal dit verloor,
maar elkeen wat verloor sal dit behou.*

Jy sien sy wou haar lewe, die lewe wat geen lewe is nie, omrede dit 'n lewe is wat om jousef draai en nie om God en ander nie, Sy wou daardie lewe behou.

Nou voor jy dink God is darem vreeslik hard hier, onthou dat sy onverdiend deel gehad het aan hierdie bevryding en tog verwerp sy dit doelbewus. Sy draai haar rug op die barmhartige Verbondsgod.

So God is bevrydend teenwoordig in hierdie wêreld maar die wat Sy genade verag sonder berou - wel hulle kom onder Sy verskriklike oordeel.

En moenie te vinnig sê, “ja maar na die koms van Jesus is dit darem anders nie.”. Onthou jy wat met Ananias en Saffira in Handeling 5 gebeur het?

Het jy al raakgelees wat Paulus se in 1Korintiërs 11:30? Nadat hy gewys het op die ongerymdhede by die Nagmaal maak hy daardie uitspraak.

Daarom is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle. As ons onself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie. Maar nou word ons deur die Here geoordeel en

*getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld
veroordeel sal word nie*

h God is teenwoordig by die wêreld deur oordeel en seëning

Kyk na Genesis 19:23-25. Jy sien God het ingegryp en die goddeloosheid gestraf. God straf sonde. En Jesus maak dit duidelik in Lukas 17 dat dit weer sal gebeur op die oordeelsdag.

En miskien dink jy ja, goed maar is dit die enigste tyd en plek waar God die goddeloosheid van die dag gaan straf en oordeel? Is Hy glad nie intussen betrokke by die goddeloosheid van die wêreld nie.

Wel, wat sien ons in Romeine 1:18 e.v.? Sien jy? Hoe wys God se oordeel? Hoe wys dit Hy is juis betrokke? Juis deurdat Hy mense oorgee aan hulle sonde (Romeine 1:24 e.v.). So as jy jou televisie aansit en al die gruwels sien – weet dat jy besig is om te kyk na God se oordeel!

God wil egter ook hierdie wêreld seën. Hier is dit nog nie eksplisiet nie, maar jy sal onthou dat ons gesien het dat die dogters van Lot by hom kinders kry en die een was Moab, die Vader van die Moabiete uit wie Jesus uiteindelik gebore is. Jesus die een wat seën na die nasies sou bring.

h Waarom is God so teenwoordig by Sy mense en die wêreld

God is nie teenwoordig by Sy mense omrede hulle so oulik en sondeloos is nie. Ons weet nie baie van Lot nie, maar ons weet dat hy gulsig vir hom die beste deel van die land gekies het. Die punt is. As God Hom ontferm oor Lot is daar net een rede. Kyk na Gen 19:29!

*Toe God die stede in die vlakte verdelg het waar Lot
gewoon het, het God aan Abraham gedink en vir Lot*

*laat wegkom uit die plek waar die verwoesting
plaasgevind het.*

Dit is die enigste rede. God het aan Abraham beloftes gemaak om Sy God te wees, en daarom het God Abraham se gebed ter harte geneem en Lot gered.

***h* Wie en wat gebruik God in Sy teenwoordigheid in hierdie wêreld?**

Ons het gesien God sien die toestand aan van Lot omrede Hy dink aan Abraham. Wie was Abraham? wel Abraham was die verbondshoof van die Abrahamitiese verbond. God werk op grond van en deur hierdie verbondshoof en sy gebed. Die gebed waarna ons reeds gekyk het. En God werk in die wat verbind was aan hom deur die verbond. Lot was deel van die wat besny is.

En wat ons moet sien is dat dit ‘n klein minderheid was. God werk met een man op hierdie stadium. Abraham en die wat aan hom verbind is. Later sou Hy deur die volk Israel werk.

Maar belangrik: God gryp in jou lewe in om jou te verlos van beproewing en sonde en jou sondige begeertes – en die duiwel, omrede die verbondshoof van die Nuwe Verbond, Jesus, vir jou bid.

Onthou jy Jesus se gebed in Johannes 17?

Ek bid vir hulle..(Joh. 17:9)

Tydens Jesus se bediening op aarde het Hy op ‘n stadium vir Petrus gesê: “*die Satan het viriglik begeer om julle te sif maar ek het vir jou gebid....*”(Luk. 22:31 e.v.).

Ons as gemeentes sit die werk van Jesus voort. Ons is nou almal ook priesters vir mekaar en moet vir mekaar bid.

En wat ons moet vat is dit: God werk deur 'n minderheid. Sy verbondmense in hierdie wêreld. Vat dit.

h Nader aan jou lyf

Wonder jy nog of God jou situasie sien en ter harte neem? Israel het ook hieroor gewonder toe hulle in Egipte was en dan lees ons in Eksodus 2:23-25:

God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink. Hy het die nood van die Israëliete gesien en dit ter harte geneem.

En God het Homself reeds hier in Genesis 18-19 openbaar as die Een wat só is. Wat jy moet weet is dit:

Jou God hoor Elke woord wat jy uitroep ook die onuitgesproke gedagte, God hoor.

Jou God onthou! All die beloftes van God is Ja en Amen in Jesus Christus.

Jou God Sien! Hy sien wat is verby, Hy sien wat lê voor. Hy sien jou.

Jou God ken! Hy ken jou. Jou sonde, swakhede, mislukkings. Hy ken jou vyande, jou beproewinge, die dinge wat jou pad gaan kruis. Hy ken die pad waarop Hy jou gaan lei, en Hy gaan al hierdie die beproewinge tot jou verandering na die beeld van Christus laat lei. Moenie kyk na jou finansies en jou fisiese toestand en afleiding maak dat God nie teenwoordig is in jou lewe nie. Nee, ons het gesien: Hy is teenwoordig deur bevryding!

Maar as jy werklike vreugde wil beleef moet jy ter harte neem dat die God wat jou bevry ook die God is wat 'n verterende vuur God is wat oordeel.

Die oordeel maak ons bevryding en die seëning wat ons vir ander bring juis so kosbaar. As ons vergeet dat Hy 'n God is wat oordeel, sal ons nooit werklik die vreugde van bevryding ten volle beleef nie.

John Piper gebruik iewers 'n beeld en ek pas dit so aan:

Veronderstel jy gaan verken 'n onbekende gedeelte van die Drakensberge. Daar kom 'n storm op- die wind is so sterk, jy vrees dat jy en jou vriende afgewaai gaan word van die rots waarop julle staan. Maar dan ontdek jy 'n skeur in die rots waar jy kan skuil. Hier voel jy veilig maar die ontsaglike mag van die storm woed buite en jy kyk daarna met 'n soort bewende plesier soos dit swiep oor die kranse...

In die eerste plek was daar 'n vrees dat die vreeslike storm en gevaarlike terrein jou lewe kan kos. Maar toe vind jy 'n skuilplek en verkry die hoop dat jy veilig sal wees.

Maar nie álles in die gevoel wat jy vrees noem, het verdwyn nie. Net die lewensbedreigende deel het verdwyn. Daar bly nog die bewing, die ontsag, die wonder en die gevoel dat jy nooit blootgestel wil wees in so 'n storm nie.

Die vrees van God is dit wat oor is van die storm wanneer jy 'n veilige plek reg in die middel daarvan het. En in die plek van skuiling sê jy vir jouself. "Dit is geweldige, ontsaglike, vreeslike krag!"

O, die opwinding om in die middel van die geweldige krag van God te wees en tog beskerm te wees deur God self. Dit is wat ons hier sien. Wat 'n vreeslike ding om te val in die hande van die lewende God! – sonder hoop, sonder 'n verlosser. Dit is beter om 'n meulsteen om die nek te hê en in die diepte van die see gegooi te word, as om teen God te oortree. Wat 'n wonderlike voorreg om die guns van God te midde van Sy krag te ervaar.

Ek hoop jy sien wat ek bedoel. As ons vergeet dat God in hierdie wêreld oordeel, dan verloor ons die vreugde van Sy bevryding in hierdie wêreld

Gemeenskap rondom die vuur as die storm buite woed maak dit heerliker.

Kom ons neem dit ter harte dat God met ons in hierdie wêreld werk op grond van Sy getrouheid aan Sy Naam, Sy reputasie, Sy verbond in Jesus. Nie omdat ons oulik nie.

Maar kom ons neem ook ter harte dat Hy die Verbondsgod deur ons gebede wil werk in hierdie wêreld.

Hoofstuk 11 *Genesis 20: Abraham, Abimeleg en God se verrassende optrede: Wat jy moet weet*

h Om eers “reg te wees...

Ek en jy dink dikwels bewustelik of onbewustelik dat God afhanklik is van ons geloof, ons moraliteit, om deur ons te werk in die wêreld. Anders gestel: As ons geestelike lewens nie eers “reg” is nie, as ons geloof en toewyding nie op ‘n sekere standaard is nie help dit nie eers ons bid of reik uit nie – niks sal gebeur nie. Nou dit word dikwels verkondig en almal van ons is in ‘n mate daardeur beïnvloed. Die praktiese gevolg hiervan is dat baie van ons hoegenaamd nie bid of uitreik nie want ons wag tot ons eendag reg is.

h Wat ons geleer het uit Sodom en Gomorra

Ons het nou gekyk na Sodom en Gomorra en gesien dat die God op wie die wêreld sy rug gedraai het bewus is van dit wat aangaan en dat Hy intree en optree in hierdie wêreld wat dink Hy is nie betrokke nie. Ja, jy en ek, ons as gemeente kan weet: Hy sien, Hy weet alles en Hy is by jou betrokke. En wat ons werklike diep vreugde gee is as ons begin besef dat ons as Sy mense Sy guns, Sy betrokkenheid beleef te midde van die feit dat Sy oordeel ‘n werklikheid is en angswekkend is.

Maar baie belangrik, God is betrokke by Sy mense alleenlik op grond van Sy verbondsbeloftes (Gen. 19:26) Laastens het ons gesien Hy het Abraham as verbondshoof en Sy gebed gebruik in Sy werk in die wêreld, net soos Hy nou Jesus die verbondshoof en Sy werk in ons lewens gebruik en ons as nageslag van Abraham en ons gebede, gebruik.

En dit bring ons nou by Genesis 20.

h Abraham en Sara: Morele Geloofshelde?

Ek dink daar is dikwels 'n verwronge siening wanneer ons lees dat Abraham die Vader van die gelowiges in die Nuwe Testament genoem word. Ons dink hy en miskien in 'n mindere mate Sara, was hierdie ongelooflike geloofshelde wat 'n byna volmaakte verhouding met die Here gehad het.

'n Gedeelte soos Genesis 20 vang ons dikwels bietjie onkant. Wat gewoonlik gebeur is dat ons Abraham en Sara probeer verdedig deur te sê dat dit heel natuurlik is, ons álmal sou so gemaak het en dat dit darem amper die waarheid was...

Ek dink ons mis dan die krag van hierdie gedeelte.

Dit is duidelik al die tweede keer dat Abraham nie die waarheid praat oor Sara nie en elke keer is dit duidelik 'n teken van kleingeloof in God se beloftes. In hoofstuk 12 het Abraham dit reeds gedoen en nou doen dit hy dit weer. Natuurlik moet 'n mens in gedagte hou dat daar so praktyk was onder heiden konings van die dag dat hy 'n vrou van enige man vir homself kon neem en die man kon doodmaak. As jy egter 'n suster het word die suster geneem en jy word gespaar.

Abraham was bewus hiervan en daarom speel hy daardie kaart. Natuurlik was dit tegnies so dat Sara sy suster was, want hulle het dieselfde pa gehad maar nie dieselfde ma nie. Die punt is egter hulle was getroud. 'n Halwe waarheid, weet ons, is 'n leuen.

Natuurlik kan 'n mens verstaan dat die hele verbond en al die beloftes op die spel was en dat Abraham daarom self probeer ingryp het.

Maar ons mis die krag van hierdie gedeelte as ons hom onskuldig wil verklaar.

Nee, ons moet dit vat dat Abraham hier moreel en geestelik misluk as hy hierdie halwe waarheid bring. Want dit is juis wanneer ons daaraan vashou dat dit wat volg geweldig kragtig is.

h Word Abraham deur God vermaan? Die verassing!

So wat sê God vir Abraham? Hier is die verassing. Net na ons lees van Abraham se valse optrede, lees ons dat God aan Abimeleg verskyn. Nie aan Abraham nie! God sê niks aan Abraham nie. God sê aan Abimeleg hy gaan sterf as hy Sara vir homself neem (vers 3). En selfs al gee God toe dat Abimeleg dit in onskuld gedoen het, maak Hy dit duidelik dat as hy nie vir Sara teruggee nie, sal hy en almal wat by hom is sterf. En as ons na vers 17 kyk, waar ons lees dat God Abimeleg gesond maak, dan lyk dit asof Abimeleg reeds in vers 3 getref is met 'n siekte.

h God se siening van Abraham

God sê niks aan aan Abraham nie, maar let op wat sê Hy oor Abraham. Hy sê Abraham is 'n profeet. Nou dit is die eerste keer in die Bybel wat die term profeet genoem word. Die profete amp in Israel was nog nie op hierdie stadium ingestel nie, dit sou eers 450 jaar later kom. Maar Abimeleg sou wel verstaan het wat God bedoel, aangesien die ander volke in die Ou Nabye Ooste in hulle godsdiens sisteme wel profete gehad het. Dit was die ouens wat namens die gode gepraat het. Dit was 'n ontsaglike bevoorregte en hoë posisie.

So van die man wat nou net in kleingeloof 'n leun vertel het, sê God: Hy is 'n profeet. Maar dit is nie al nie, hy gaan iets doen wat die ander profete nie gedoen het nie, hy gaan vir Abimeleg bid. Gebed is op daardie stadium waargeneem deur die priesters in die ander godsdiens rondom Israel. So God sê van Abraham, die man oor wie ons baie twyfel na vers 1-2, dat hy as 'n priesterlik kan optree en deur sy gebed kan lewe gegee word (vers7).

Dit is wat God sê van Abraham, die ou wat lieg en sy eie planne maak.

Terloops, het julle al opgemerk dat God nooit iets negatiefs oor Abraham sê in die hele Bybel nie? Van Moses wel. En dit bring my by 'n interessante vers in Genesis.

Blaai gou na Genesis 26:5:

want Abraham het na My geluister en hy was gehoorsaam aan my bevel: my gebooie, my voorskrifte en my wette

Wat vreemd is, is dat die woord *tora* hier gebruik word. Die term wat gebruik is vir die hele wet van Moses. Abraham leef 450 jaar voor die *tora* gekom het. Hoe kon hy dit gehou het? Om te verstaan wat hier aangaan moet ons iets anders verstaan. Ons moet verstaan dat die hele Pentateug, die eerste 5 boeke eintlik een geheel is. Daar is 'n redakteur, of skrywer wat alles saamgestel het onder leiding van die Heilige Gees. En hy wil 'n boodskap oorbring. So wat wil hy hier sê? Wel, deur van Abraham te sê dat hy die *tora* van die Here nagekom het en dit nie van Moses te sê nie sê hy dít: *Die hou van die wet beteken om in God te glo*. Onthou julle Genesis 15:6? Abraham het in God geglo en dit is hom *tot geregtigheid gereken* (as in die regte verhouding met God). Ja, hierdie geloof was nog vol tye van gebrokenheid en selfs kleingeloof, maar die punt is Abraham het op 'n stadium in sy lewe sy geloof in God se beloftes geplaas en weggetrek. Lewe dus 'n lewe van geloof, soos Abraham, dan kan dit van jou gesê word dat jy die wet onderhou!

Hoe is dit moontlik? Weereens is die besnydenis die sleutel tot die verstaan hiervan. Onthou dat die teken van die besnydenis uitgebeeld het wat met 'n mens gaan gebeur as jy die verbond verbreek. Jy gaan afgesny word en jou nageslag gaan afgesny word van die verbond. Die enigste rede waarom Abraham deur God in die regte verhouding met Hom kon staan as iemand wat die wet onderhou, as profeet en as priester, is omrede dit waarin hy geglo het ten diepste was dat in sy nageslag, letterlik sy saad al die nageslagte geseën sou word. En wie was daardie saad? Wel vergelyk Galasiërs 3:16:

God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus

Maar dit is veral belangrik om te verstaan wat met hierdie nakomeling gebeur het. Blaai weer na Jesaja 53:8b

Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk

Omrede Jesus die straf, die vloek van al Abraham se se sonde sou dra, kon God só oor Abraham praat.

Ja, as ons na Abraham kyk, lyk dit nie of hy dit maak nie, God kyk na Hom en sê: “Hy is ‘n profeet en priester hy behaag my. Ek is gelukkig met hom.”

h God se verbondstrou en seëninge vir die nasies as fokus

So wanneer ons hierdie gedeelte lees moet ons nie verval in poging om Abraham en Sara se gedrag te verdedig nie, ook nie probeer om te sê, “ag dit maak nie saak of jy lieg nie.”

Wat ons moet raaksien hier is dit: God is getrou aan Sy verbond. As Abimeleg gemeenskap met Sara gehad het sou die verbondsbeloftes van God daarmee heen wees. En wat ons hier kry is God wat self Sy verbond in stand hou *ten spyte van Abraham*

En in Abraham en wat hier gebeur kry ons reeds ‘n prentjie van hoe Hy die nasies seën en gaan seën deur Abraham se saad. Jesus.

Die rede waarom God vir Abimeleg en sy mense kon seën is daarom nie soseer Abraham nie, maar Abraham se saad, sy nageslag naamlik Jesus.

Maar Hy gebruik Abraham in die proses as instrument soos Hy nou Jesus en Sy liggaam, ons, gebruik as instrument.

Kyk net weer na vers 17 e.v.

Abraham het toe tot God gebid, en Hy het vir Abimelek gesond gemaak, ook sy vrou en sy slavinne, en toe kon hulle weer kinders hê. Dit was nadat die Here elke vrou in die huis van Abimelek daarvan weerhou het om kinders te hê. Die Here het dit gedoen oor wat gebeur het met Sara die vrou van Abraham.

Hier kry ons 'n afbeelding, 'n prentjie van wat God wil doen vir die nasies soos verteenwoordig deur Abimeleg en sy mense. En interessant: God is die een wat verhoed het dat hulle kinders kon hê. Die feit dat hier sprake is van gesond maak, mag daarop dui dat God hulle almal een of ander siektetoestand laat ondervind het wat verhoed het dat die vrouens kon swanger word.

Ek dink wat ons moet raaksien is dat God Sy seëning aan die nasies openbaar *via* siekte en ellende. Anders gestel, Hy skakel dit in by Sy plan vir seëning, en dit is juis *via* hierdie dinge dat die nasies uiteindelik seëning ontvang, dat God Sy seëning sigbaar maak.

h Nader aan jou lyf

Ek vertrou jy is oortuig dat die siening, weerspieël in my aanvanklike stelling, foutief is. *God is nie afhanklik van ons geloof en moraliteit om deur ons te werk nie.*

Anders gestel: God kyk anders na ons as wat ons dikwels na onself kyk. God sien ons as profete en priesters en wetsgehoorsames. En Hy tree teenoor ons op in die lig daarvan. Ons is gelief en bemind vir Hom. Hy praat en dink nooit negatief oor ons nie, want dan sou dit beteken Hy is negatief oor Homself, God die Seun.

Glo ons dit?

Ek is oortuig daarvan dat as ons onself kan sien soos God ons sien, en dan in die lig daarvan optree, sal ons lewens en bruikbaarheid vir die koninkryk radikaal verander.

Jy sien ons kry die beeld wat ons van onself het dikwels van ons ouers, of ons portuurgroep of van vriende. Of ons meet ons aan ander. Erger nog, ons luister na die leuens van die duiwel wat sê dat as jy nie suksesvol en mooi en gewild is nie – dan is jy nie die moeite werd nie – dan maak jy dit nie, ook nie voor God nie.

En dit veroorsaak dat ons oorgee en nie meer omgee hoe ons lewe en bid en getuig nie – want ons maak dit in elke geval nie!

Wat ons dus moet hoor is nie dat ons gedrag en moraliteit nie saak maak nie. Nee, maar ons fokus moet verskuif. Ons moet ons vinger afhaal van ons pols en kyk na dit wat vas is, die saad Jesus se prestasie, Sy lewe in ons plek, en dit sal uiteindelik ook 'n invloed hê op ons gedrag.

Net 'n opmerking oor geloof. Genesis 15:6 sê “*Abraham het in God geglo...en dit is hom tot geregtigheid gereken.*” Hier het ons nou gesien sy geloof was wankelend. Hy probeer sy eie planne maak.

Wat sê dit vir ons?

Dit is dus nie die krag van ons geloof wat ons red nie! 'n Drenkeling in die see word gered as hy sy arms om die lewensredder slaan. Maar dit is nie die arms wat hom red nie maar die lewensredder- sy arms kan swak, en bewerig wees.

Net so: Ons geloof kan baie keer wankelend wees, en deur twyfel geteister word.

Die Redder red ten spyte daarvan!

Belangrik: Hoe God Abraham hanteer het, het uiteindelik daartoe gelei dat hy by Moria kon optree soos hy opgetree het.

As jy twyfel, wel kyk na jou doop, die teken dat wat God betref jy reeds geoordeel en reeds opgestaan het in 'n nuwe lewe.

En leef in die lig daarvan.

God wil genesing bring vir nasies en Hy wil ons as gebrokenes gebruik.

God sal getrou bly aan Sy verbondsbeloftes. Hy sal die nasies seën, deur die saad, Jesus. En saad is 'n kollektiewe naamwoord in Galasiërs 3, ons kan dus sê - die saad en almal wat aan hom behoort. Hy sal ons gebruik wat deur die geloof kinders van Abraham is.

Ons as gemeentes is geroep om genesing te bring, soos Jesus

Hy gebruik siekte, lyding en gebrokenheid om te sien in hierdie wêreld.

Dit is belangrik om te sien dat ons nie moet dink waar lyding en swaarkry en siekte is, God nie betrokke is nie. Dat Sy hand nie daarin is nie. Hy gebruik juis daardie dinge om seën te bring. In ons lewens en in die wêreld. Abraham het seën ervaar deur te sien dat God sy gebed gebruik en Abimeleg en sy familie het die seën van genesing beleef...

Dank die Here vir Sy onverdiende liefde en pleit dat Hy jou sal gebruik om genesing te bring.

Hoofstuk 12 *Genesis 21-22: Ons liefdevolle, gevoelvolle God in aksie*

h Die vraag na God se liefde en emosies

Hoe lief het God die Vader ons werklik? ‘Ek dink nie ek is verkeerd as ek sê dat baie van ons wonder oor die liefde van die Vader nie. Ja, ons sukkel minder met die liefde van Jesus, die Seun, maar God die Vader, die Skepper van Genesis 1-2, hoe lief het Hy ons werklik? Ja, ons weet Hy het Sy seun gegee –maar hoeveel het dit Hom werklik gekos? Hoe vol gevoel was God vir Sy seun?

En dit is belangrik om dit te weet veral wanneer ons deur *swaar tye* gaan. Hoe vol gevoel is God die Vader vir my? Ons wonder natuurlik ook veral daarvoor as dit lyk asof God net nie deurkom vir ons nie. Ons bid al jare vir iemand se redding of genesing en niks gebeur nie. Kan ek Sy beloftes vertrou? En wat van daardie dinge wat Hy doen wat vir ons na die teenoorgestelde van liefde en van Sy beloftes lyk? Die finansiële krisis wanneer ek dit die minste kan bekostig? Die terminale siekte van iemand wat op die kruin van bruikbaarheid vir die Here is?

Hoe lief het Hy ons?

Kom ons staan nader aan hierdie twee hoofstukke en kyk of dit ons help. My gebed is dat die Heilige Gees dit sal gebruik om jou te bemoedig en te versterk.

Ons gaan die twee hoofstukke saam hanteer en ‘n aantal stellings daarvoor maak.

h Die God wat Sy beloftes waarmaak

Die skrywer onder inspirasie van die Gees wil dit vir ons duidelik maak dat God Sy beloftes hou. Kyk na vers 1. “Die Here het aan Sara *gedink* soos Hy *beloof* het.” Hy *het* sy belofte aan haar nagekom.

Let op vers 2: “Dit het gebeur op die tyd wat God vir Abraham *beloof* het.”

Daar is nog iets wat hier gebeur wat dui op God se hou van Sy beloftes, iets wat miskien nie onmiddellik op die oppervlak raakgesien word nie.

Onthou jy in hoofstuk 13 word Lot as’t ware verwyder uit die prentjie as hulle veewagters begin twis en dan lees ons in Hoofstuk 13:11-12:

Lot het die hele Jordaanstreek vir hom gekies en hy het ooswaarts versit. So het die twee van mekaar geskei: Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die Jordaanstreek gewoon; tot by Sodom het hy gaan tent opslaan

Jy sien die belofte van die Land was vir Abraham en Sy nageslag. God sorg op hierdie wyse dat dit bewaarheid word.

En hier in Genesis 21 is Ismael ‘n struikelblok vir die verbondsbeloftes. Nie soseer Ismael *per se* nie, maar die vooruitsig dat hy en sy nakomelinge Isak se rol as Abraham se erfgenaam in die toekoms mag oorskadu, wat dan God se belofte dat die verbond deur Isak sal waar word, in die skadu sou stel.

So God bewerk dat Ismael verwyder word (Gen. 21:12).

Aan die ander kant is God natuurlik ook getrou aan Sy belofte dat nasies uit Abraham sal voorkom (Gen. 17:4) en deur Abraham en Sy se saad geseën sal word (Gen. 12:3). As Hy Hagar en Ismael red van ‘n gewisse dood. Die hele Ismaelitiese nasie (Arabië) se bestaan het hier aan ‘n garingdraad gehang wat vinnig besig was om deur te skuur.

Die God wat anders werk

So God maak Sy beloftes waar, maar Hy gaan totaal anders te werk as wat ons sou verwag.

Let op hoe oud Abraham was toe dit gebeur het. Die skrywer lê klem op die feit dat hy 100 jaar oud was!

Daar kan min twyfel wees dat Abraham en Sara geworstel het met die vraag: “Hoekom vat God so lank”, nie Dit blyk dan ook so te wees uit Sara se reaksie:

Sara het toe gesê: “God het gemaak dat mense vir my lag: elkeen wat van Isak hoor, sal vir my lag.” Sy het verder nog gesê: “Wie sou vir Abraham kon sê dat Sara seuns aan haar bors sal voed? Ek het in sy ouderdom 'n seun in die wêreld gebring. (Gen. 21:6-7)

Jy sien God maak Sy beloftes waar aan Abraham op so manier dat daar geen twyfel kan wees dat dit van Hom af is nie.

In God se optrede teenoor Hagar en Ismael is dit ook verstommend hoe God op die ‘nippertjie’ werk. Hy laat Hagar en Ismael, wat hier verteenwoordigend is van die nasies wat uit Abraham sou voortkom, toe om te kom op die punt waar Hagar wil sit en kyk hoe die nasies se laaste asem by wyse van spreke uitgeblaas gaan word in Ismael.

Die verstommendste van God se optrede woord natuurlik nou in hoofstuk 22 gevind.

God ver wag van Abraham om hierdie kind te gaan offer.

Onthou alles was nou as’t ware netjies in plek en Abraham het nou beleef dat God Sy beloftes waar maak. Isak is gebore, Ismael was uit die weg geruim, Abraham het begin om as’t wortel te skiet in die land, soos gesien uit die verbond met Abimeleg in Genesis 21:22-34. Ek wil nie nou daarvoor uitbrei nie.

En dan gooi God alles omvêr. Hy ver wag van Abraham om te doen dit wat die heidense gode dikwels vereis het, ‘n mense offer.

Waar verskillende dinge, hongersnood, kinderloosheid, Lot, Abimelek en Ismael struikelblokke was vir die beloftes van die verbond, is God nou hier self die struikelblok! Onthou Isak was die belofte. God bedreig Sy eie belofte. Hy wil dit vernietig.

h Die God wat belangriker is as Sy beloftes

Waarom? Waarom hierdie toets, proef, soos dit genoem word in 22:1? Behalwe vir die geweldige stuk openbaring van dit wat God uiteindelik vir ons in Christus gedoen het, is die eerste groot rede hiervoor bloot dit wat gevind word hier in die teks in Genesis 22:12:

Toe sê God: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien (vrees): jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.

Jy sien die gevaar was en is steeds om God se beloftes, dit wat God gee te verhoog en te aanbid as dit waaroor dit gaan en te vergeet dat dit in God se verbond in die eerste plek gaan oor God self. Ek wil vir jou 'n God wees (Gen. 17). Ek self is die groot inhoud van die verbond. Daarom is God bereid om selfs Sy beloftes te bedreig om dit te verseker.

h Die God met intense persoonlike ontferming

Dit is egter belangrik om nou weer versigtig terug te beweeg na die twee hoofstukke en te sien wie hierdie God is wat belangriker is as Sy beloftes.

Dink eers aan die gedeelte oor Hagar en Ismael. Let op: Hy het die kind hoor huil. Hy *praat* met Hagar: "Moenie bang wees nie." Hy sê aan haar om die kind op te tel en te *troos*. Sien jy die Vaderhart van God? Hier is die heidense vrou, haar kind is nie die een deur wie die verbondslyn voortgesit sou word waaruit die Messias gebore sou word nie. Maar hy is steeds onder die verbond sorg van God die Vader omrede God aan Abraham beloof het dat nasies uit hom sou voortkom.

h Abraham – Isak, God -Jesus: Wat jy moet weet

God se intense persoonlike ontferming, Sy absolute liefde vir my en jou te midde van Sy vreemde manier van werk, word natuurlik geweldig duidelik in Genesis 22. Veral as ons in gedagte hou dat wat Abraham hier met Isak doen ‘n afbeelding is van wat God met Jesus gedoen het.

Hoe Abraham oor Isak gevoel het en wat dit hom gekos het om na Moria te gaan, stem ooreen met wat God gevoel het en wat dit Hom gekos het om uiteindelik Sy seun, Jesus, te neem na ‘n ander berg. Golgotha.

Kan ons dit sê? Wel, kom ons kyk.

Kom ons kyk net eers na Abraham. Uit God se woorde aan hom is dit duidelik hoeveel dit vir hom gekos het.

“Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys.” (Gen. 22:2)

Die tog na die berg weerspieël in die oorspronklike Hebreeus die geweldige spanning. Selfs in die Afrikaan sal jy dit raaksien. Gaan lees die hele gedeelte rustig deur en let op die kort sinne wat spanning opbou!

Let veral ook op die feit dat dit vir Abraham 3 dae gevat het (Gen. 22:4).

Dit is belangrik want dit wys dat wat Abraham uiteindelik gedoen het nie ‘n vinnige besluitelose *reaksie* was op wat God hom gevra het nie maar wel ‘n *weldeurdagte besluit*. Dit moes geweldig baie van hom gevat het om tot hierdie besluit te kom.

Wat vra God van Abraham? Hy vra om aan Isak die vloek van verbondsverbreking waarvoor die besnydenis staan, te voltrek. Hy wat

Abraham is, moes Isak afsny van die verbond en daarmee saam die hele nageslag van Abraham en Isak.

Die ongelooflike is natuurlik dat God uiteindelik 'n ram voorsien in die plek van Isak.

Kan ons sê dat wat Abraham gevoel en deurgemaak het, God gevoel en deurgemaak het in wat met Jesus gebeur het?

Wel, kom ons kyk na die Nuwe Testament. Let eers op hoe word Jesus beskryf as God se seun. Sy enigste seun.

Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak (Joh. 1:18)

Dat God hierdie Seun lief het word op baie plekke genoem:

Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen. (Joh. 5:20)

Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matt. 3:17)

Vir die jaar waarin Jesus Sy openbare bediening voltrek het, het God as't ware tyd gehad om te besluit om Jesus te onttrek van dit waarvoor Hy gekom het. Maar Hy het nie. Dit was 'n weldeurdagte besluit – om die Een wat Hy so lief gehad het vir ons oor te gee. En hy laat Hom drie dae in die graf bly en die volle oordeel deurgaan vir ons.

As ons by Romeine 8 kom dan dink ek daar is min twyfel dat Paulus dit wat op Moria gebeur het in gedagte gehad het as hy skryf:

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al

die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?
(Rom. 8:32)

God spaar Isak, Hy spaar nie Sy seun die Een wat Hy so lief het nie. En Hy doen dit vir ons. Hy gee Hom oor om afgesny te word as verbondsverbreker in ons plek. Onthou jy Jesaja 53:8 b.?

Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.

Plaasvervangend! Hy sterf in ons plek as verbondsverbreker, ons ontvang Sy verbondsgehoorsaamheid!

Ek en jy, is deel van die Nuwe Testamentiese volk van God – Hy het dit vir my en jou gedoen. En vir mense van elke volk en stam en taal en nasie daarbuite.

h Nader aan jou lyf

Hou daaraan vas: God maak Sy verbondsbeloftes waar. Elkeen. Elke belofte is ja en amen in Jesus (2 Kor. 1:20) Maar let op, Hy doen dit langs die weg wat op die afgrond heen loop. En dit is nie net hier waar ons dit sien nie. Moses, die een waardeur God Sy volk uit Egipte ewig bevry om Sy verbond waar te maak, lê op 'n stadium in 'n mandjie binne in die Nyl, Egipte se groot god terwyl alle baba seuntjies doodgemaak word deur die koning en daardie koning se dogter ontdek hom en maak hom daar in die paleis groot. Baie jare alter speel Saul met sy spies en gooi na Dawid en mis hom met sentimeters, die Dawid aan wie al die beloftes hang - en so kan ons aangaan.

God werk anders en op die rand van die afgrond. Maar Hy het Homself gebind aan Sy beloftes, nou nie meer net aan Abraham nie, maar aan Jesus die verbondshoof van die nuwe verbond.

Uiteindelik maak God Sy beloftes wat aan Abraham gemak is aan ‘n kruis op Golgotha waar. Hy doen dit op ‘n manier wat juis lyk asof God ‘n streep deur alles trek. Sy eie seun, die lig, die hoop van die wêreld die uiteindelige nageslag van Abraham (Gal. 3:16) sterf die wreedste dood denkbaar deur die hande van die mense waarvoor Hy gekom het. Maar as God Hom laat opstaan uit die dood weet ons God het juis daar Sy verbondsbeloftes waar gemaak.

Onthou dat God uiteindelik wil hê dat ons aan niks anders sal vashou as Homself nie. So dit gaan dikwels vir jou lyk asof Hy selfs teen Sy eie beloftes werk in jou lewe; maar onthou Hy wil jou bind aan Homself!

En wie is Hy? Hy is die liefdevolle besorgde Vader wat bemoeienis maak met mense wat dit nie verdien nie. Hy hoor hulle geroep. Hy praat met hulle. Hy voorsien vir hulle, maar meer as alles Hy het vir hulle skuld betaal deur Sy geliefde, enigste Seun wat onderstreep dat Hy my en jou liefhet net so lief het as Sy enigste geliefde Seun.

Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet. (Joh. 17:23)

Die Ou Testament is die verhaal van hoe God getrou bly op die rand van die afgrond heen totdat Jesus kom in die Nuwe Testament. God het Hom gebind aan Sy beloftes aan Abraham en Hy kan dit nie verbreek sonder om nie meer God te wees nie.

Ek en jy leef in die bedeling na Jesus. God het Homself gebind aan Sy beloftes in en aan Jesus, die nakomeling van Abraham in Wie al die nasies geseën word. Hy maak dit waar langs die afgrond heen sodat ons aan Hom alleen, die liefdevolle Vader, sal vashou en aan niks anders nie. Hy sal dit doen. Ons sal uiteindelik aansit aan die finale bruilofsmaaltyd, die finale Nagmaalstafel.

En as ons daar sit sal ons weet Hy het al Sy beloftes van herstel, redding, genesing en geluk waargemaak. As Hy daar elke traan gaan

afvee. En dan sal ons verstaan waarom ons nie hier en nou beleef het dat Hy Sy beloftes waarmaak nie want Hy wou ons vasbind aan die bruidegom, Hy wou ons plek aan die tafel verseker ons plek op die nuwe aarde wat totaal vry is van die vloek van sonde.

En ons sal Hom aanbid. Die Een wat ons liefhet.

Hoofstuk 13 *Genesis 23-24:God se omvattende leiding vir Sy verbondsmense*

h God se betrokkenheid en leiding

Is God in die fyn besonderhede van my lewe betrokke? Lei Hy my in die fyn besonderhede van my lewe? Hoe lei Hy my? Moet ek tekens van Hom vra sodat ek kan weet wat ek moet doen?

Ek is seker dit is vra waarmee ek en jy al geworstel het.

Ek is oortuig dat Genesis 23 en 24 ons kan help met die beantwoording van hierdie vrae as ons dit verantwoordelik hanteer in die lig van die res van die Bybel.

Dit is egter belangrik dat ons onself net herinner aan 'n paar dinge wat ons nou al raakgesien het in Genesis.

- Ø Ons het gesien dat God *betrokke is by Abraham* en die wat aan hom verbind is, omrede God getrou bly aan Sy verbondsbloftes aan Abraham.
- Ø Ons het gesien hierdie God is betrokke *op grond van Sy verbond ten spyte van Abraham se sonde en gebreke*. Onthou jy? (*Na sy leuen aan Abimeleg spreek God Abimeleg aan en nie Abraham nie, en Hy noem Abraham 'n profeet wat vir Abimeleg sal bid om gesond te word!*)
- Ø Ons het gesien God maak Sy verbondsbloftes waar op die *rand van die afgrond heen*.
- Ø Ons het gesien dat wat God die belangrikste ag die feit is dat Sy mense *Hom* lief het meer as wat Hy vir hulle kan gee. Meer as Sy bloftes.
- Ø Ons het gesien hierdie God is die Een wat 'n Vaderhart het en besorg is en ons net so lief het soos Hy Jesus het.

Met dit in gedagte kom ons kyk na Genesis 23- 24. Wat ons hier kry is ‘n begrafnis en ‘n huwelik. Twee dinge wat deel is van die realiteit van die lewe van alle mense, maar dit is belangrik dat ons sal raaksien waarom die skrywer dit vermeld.

h Sara se graf: God se getrouheid aan die Landsbelofte

Wat ons moet raaksien in hoofstuk 23, wat handel oor Sara se begrawing, is dít: Die wat deel in God se verbond seëninge is *nie uitgesluit* van die gebrokenheid van die sondeval nie. Hulle word ook siek en sterf ook . Maar baie belangrik; wat ons hier moet raaksien is dat niks gebeur wat nie verbondsbetekenis het nie.

In hierdie gedeelte in hoofstuk 23 is dit duidelik dat die skrywer nie soseer wil klem lê op Sara se dood en Abraham se treur oor haar as wat hy wil klem lê op die koop van die land en die grot nie.

En dit is natuurlik te verstane want ‘n ontsaglike belangrike deel van die beloftes van die verbond het te make met ‘n land vir Abraham en sy nageslag. Nou natuurlik sou die hele land later Abraham se nageslag s’n word, en Abraham was ook gewillig om daarvoor te wag. Maar die dooies moet begrawe word. En dit is belangrik dat daar alreeds ‘n wettige stuk grond in Kanaän verkry moes word. Ja, die verbondsbelofte is nog nie heeltemal bewaarheid nie maar daar is al ‘n klein stukkie vervulling hier. In Genesis 21 het Abraham ook al ‘n put verkry.

Jy sien hierdie graf het Abraham en sy nageslag alreeds as’t ware *verbind aan die land*. As Josef sterf in Egipte (Gen. 49:24-25) laat hy sy seuns belowe om sy gebeente te vat na Kanaän en as ons die voorafgaande gedeeltes in Genesis 49 bestudeer is daar min twyfel dat ook hy hier begrawe sou word, hier waar Sara en Abraham en Isak en Lea en Jakob begrawe is.

God bly dus absoluut getrou aan Sy verbondsbelofte aan Abraham en selfs die dood van Sara word daarby ingeskakel.

h Isak se vrou: God bly getrou aan die belofte van 'n nageslag

Ons het nou al gekyk na verskeie sogenaamde struikelblokke in die pad van die waarmaak van God se verbond. Droogte, hongersnood, Lot, Ismael, God se opdrag om Isak te offer.

Aan die begin van hoofstuk 24 staan ons voor nog so struikelblok. Abraham se seun Isak moet 'n vrou verkry vir enige verdere waarmaking van God se beloftes. Hoe gaan Isak 'n vrou kry sonder om te vermeng met die Kanaänitiese volke rondom hulle wat die hele verbondsverhouding sou verongeluk. Aan die ander kant, 'n vrou vanuit Abraham se wêreld sou weer dieselfde geloof as Abraham moes kon openbaar, anders sou sy nooit tot hier na Isak kom nie.

So dit is geen eenvoudige saak nie. Ons moet onthou Abraham het op hierdie punt nog hoegenaamd nie 'n groot nasie geword nie. Die oorlewing van die verbondslin hang steeds aan 'n draadjie.

Dit is waarvoor ons te staan kom in hoofstuk 24. En wat ons hier sien is hoe God om ongelooflike wyse in hierdie situasie werk en Sy verbondsbeloftes waar maak. God oorkom die struikelblok weereens en sorg dat Sy beloftes waar word.

Dit is belangrik vir ons om te sien dat *net soos* die dood van Sara, wat deel van ons menslike ervaring is, ingeskakel word by die waarmaak van God se beloftes, net so word die huwelik van Isak, wat deel is van menslike belewing ingeskakel in die waarmaak van God se beloftes.

So ons wat binne die nuwe verbondsbedeling leef kan sekerlik ook weet dat elke aspek van ons menslike lewe deur God ingeweef word in die waarmaak van Sy nuwe verbondsbeloftes. En die verbondsbeloftes van die nuwe verbond word opgesom in Jesus self. Hy self is die groot seën van die nuwe verbond. Hyself, met alles wat Hy is in ons en vir ons, is die groot belofte. Dit sluit sondevergifnis, die Gees in ons binneste en vrye toegang tot die Vader sowel as ewige lewe in. Ons weet natuurlik

dat ewige lewe hier en nou al begin en juis ook bestaan uit die ken van Jesus (Joh. 17:3).

h Abraham se slaaf se “teken vra” metodiek, normatief?

Maar nou sit ons met ‘n vraag nie waar nie? In die proses waarin God ook die huwelik van Isak inweef in die waarmaak van Sy verbondsbeloftes, vind ons die slaaf van Abraham wat ‘n teken van God vra en in die lig van daardie teken optree. En die vraag is onmiddellik: Is dit normatief vir ons? Moet ons onder die nuwe verbond ook van God tekens vra om ons weg vorentoe te vind? Is dit die manier hoe die verbondsbeloftes onder die nuwe verbond tot verwerkliking kom?

Om mee te begin moet ek dit baie duidelik maak dat hierdie gedeelte verseker nie in die eerste plek gaan oor hoe om inligting van God te kry of oor hoe om nie inligting van God te kry nie. Dit is nie waaroor hierdie gedeelte in die eerste plek gaan nie. Net so min soos dit gaan oor prosedures vir die verkryging van ‘n vrou.

Wat ons moet onthou is dat die drie geleenthede in die Ou Testament (Gen 24), Rigter 6 (Gideon se vlies) 1 Sam 6 (Filistyne) waar hierdie metodiek van die gebruik van ‘n meganiese “teken” van God gebruik is, sekere karaktereienskappe vertoon.

- Ø Hulle is almal uit ‘n periode *voor* die instelling van die koningskap. Dus vroeg in die geskiedenis van God se openbaring
- Ø Dit word elke keer uitgevoer deur iemand wat geensins geestelik volwasse is nie. Ons weet min van Abraham se slaaf wat optree in die naam van sy meester se God, maar as ons dink hoe ver Abraham nog geestelik moes vorder kan ons net raai dat hierdie man nie juis ‘n geestelike volwassene was nie. Gideon, alhoewel hy wonderlik deur God gebruik is, het opgegroeï in ‘n familie met ‘n Baal altaar en Asjera paal in die agtertuin (Rigt. 6:25), en later het hy volgens Rigt. 8:27 die oorsaak van groot

afvalligheid geword. Wat die gedeelte in 1 Samuel betref: niemand sal die Filistyne as rol modelle wil gebruik as dit by geestelike dinge kom nie!

Kyk, dit is belangrik om te weet dat mense in hierdie vroeë stadiums min openbaring van God gehad het. Die feit dat hierdie tekens deur God gebruik is dui eerder op God se groot verdraagsaamheid en die feit dat Hy uiteindelik Sy verbondsbeloftes nakom ten spyte van die vra van hierdie tekens en die geestelike onvolwassenheid wat dit openbaar.

Soos openbaring toegeneem het, het die maniere van informasie kry van God ook verander. Gedurende die tyd van Moses is die sogenaamde *Urim* en *Tummim* gebruik. Dit was iets soos dobbelstene wat die hoëpriesters gebruik het om te hoor wat God sê sonder die inmenging van mense. Gewone mense kon dit egter nie gebruik nie.

Wanneer ons by die tyd van Dawid kom sien ons dat hy nie van meganiese tekens gebruik maak nie, maar verbale tekens van profete ontvang (2 Sam. 7).

Hierdie proses het dwarsdeur die *Ou Testament* voortgegaan. Die profete het verbale tekens, boodskappe gegee aan die leiers, of die leiers daarna gesoek het of nie.

Die gewone Israëliete, die ouens wat nie hoëpriesters of konings of profete was nie, moes behalwe vir die uitsprake van die profete aan hulle, in hulle alle daagse lewe besluite gemaak het. Hulle moes hierdie besluite met *wysheid* maak. Dit is waar die boek Spreuke en Prediker en Job inpas. Wysheid het begin met die vrees van die Here. Wat beteken het dat wysheid begin het met die leef volgens God se Ou Verbondsvoorskrifte. In die lig van daardie voorskrifte moes jy dan besluite neem oor hoeveel kamele jy gaan koop en waar jy jou tent gaan opslaan.

Dit bring ons by die *Nuwe Testament*. Wat sien ons daar wat betref inligting kry van God?

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.

Die skrywer onder inspirasie van die Gees sê dat God in die verlede baie keer en op baie maniere gepraat het, maar nou het Hy gepraat (verlede tyd) deur Jesus. Jesus is God se laaste woord. God mors nie met woorde nie en Sy laaste woord is so ontsaglik geweldig, daardie Woord is Hy in menslike vorm. Alles wat Jesus was en is en gesê en gedoen het is God se Woord aan ons. Sy omvattende laaste Woord.

Maar hoe lei God ons nou as dit by praktiese aangeleenthede kom?

Dit is interessant dat ons in Handeling 1:26 lees dat die apostels tot Jesus gebid het en geloot het wie in die plek van Judas apostel moes word. Jesus moes dus deur die loot iemand aanwys. En dit is die laaste verwysing ooit na so iets in die Bybel. Net daarna in Handeling 6, as daar diakens aangewys moet word, was daar 'n ideale geleentheid om weer die lot te werp. Dit gebeur egter nie. Die gemeente moes diakens kies. Beteken dit dat Jesus nie meer daarin betrokke was nie? Nee, hulle moes sekere kriteria gebruik. Iemand vol van die Heilige Gees en wysheid moes gekies word. Nou ons weet dit is Jesus wat die Gees gee. So hulle moes as't ware net reageer op dit wat Hy reeds gedoen het. Hulle moes wysheid toepas en sien wie openbaar die Gees se werking in hulle lewens en hulle moes gekies word.

h Is dit verkeerd om 'n teken van God te vra?

Die probleem is dat die persoon wat God vra om deur tekens te antwoord, God as't ware in 'n hoek probeer druk. Hy manipuleer God as't ware en uiteindelik kan ons eenvoudig nie weet of God die teken laat uitwerk het of nie. Hy is nie verplig om dit te doen nie. So ek kan baie maklik met my eie idee sit oor wat Gd wil of nie wil nie.

Dat God wel soms wonderbaarlike dinge laat gebeur nadat mense tekens gevra het, is ‘n teken van Sy genade nie van mense se regte geloof of metodiek nie!

Die klem in Gen 24 is weereens nie die metodiek nie, maar God wat Sy beloftes waarmaak!

h Hoe lei God ons nou in besonderhede van lewe?

Kom ons probeer dit wat ons reeds gesien het voeg by wat ons nou gesien het en ‘n paar riglyne daar stel:

- ✓ God lei, want Hy is betrokke by sy mense.
- ✓ God is betrokke en lei jou want Hy is getrou aan Sy verbondsbeloftes. Of jy getrou is of nie. So die feit dat hy lei hang nie af van jou vlak van geestelikheid nie.
- ✓ Hy lei in ooreenstemming met Sy verbondsbeloftes. Vir ons, die beloftes in Jesus Christus. Soos reeds gesê, dit is Jesus self. *Daarom* is Rom 8:28 baie belangrik.

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

Dit wys Hy gebruik *alle omstandighede*, alle gebeure, selfs sonde om ons te lei volgens Sy verbondsbeloftes. Onthou Hy lei op rand van afgrond heen!

Terloops, in Genesis 24, al het die slaaf die teken metodiek gebruik, is Rebekka, Laban en die uitgebreide familie deur omstandighede oortuig dat God inderdaad kommunikeer het.

- ✓ Ons as Nuwe verbondsmense is in ‘n *meer volwasse stadium* heilshistoriese (Heb. 1:1). Galasiërs 3:24 sê die volk was onder die toesig van ‘n kinderoppasser, nou het die tyd aangebreek waarin ons volwasse kinders is, (Gal 4) wat roep “Abba”, Vader.

- ✓ Ons het God se laaste finale Woord in Jesus, in Wie alles wat God ook in die Ou Testament gesê het hul eintlike betekenis verkry.
- ✓ Ons moet wysheid gebruik om alledaagse besluite te neem in die lig van God se laaste woord (1 Kor. 1:30)

Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.

In Kolossense 2:3 lees ons dat in Hom al die skatte van wysheid en kennis te vind is.

Gaan kyk hoe baie die woord wysheid in die Nuwe Testament voorkom as daar gepraat word oor hoe Christene in die praktyk moet optree.

h Laaste gedagte

Raak bewus dat God absoluut betrokke is by alles in jou lewe, elke fyn besonderheid. Van begrafnisse tot troues. Hy lei jou daarin en wil jou lei. Ja, Hy werk soms op die rand van die afgrond. Vreemd. Dit lyk soms of Hy teen jou is.

Maar Hy lei jou op grond van Sy verbondverhouding met jou in Jesus Christus. Alles werk mee, en jy kan as kind wat weet wat jou Vader wil, met wysheid praktiese besluite neem in lyn met wat Hy wil.

Hoofstuk 14 *Genesis 25-27: Sonde in verbondsmense: Wat jy moet weet*

h Die gebrokenheid van gelowiges

As daar een waarheid is waarvan 'n mens meer en meer bewus word soos jy ouer word, is dit die waarheid dat gelowiges gebroke is, vol sonde is en dat daardie gebrokenheid van generasie na generasie oorgedra word. Ja, verseker word die seënninge van God in Jesus ook van generasie na generasie oorgedra, maar die stukkendheid van gesinne en families oor generasies heen binne die kerk van Jesus Christus is een van die werklikhede waarvan ons nie kan wegvlug nie. Ons almal sal voorbeelde kan noem, en jy is waarskynlik deel van die statistieke.

Dink maar net aan die manier waarop jy konflik hanteer, of kritiek, of geld of hoe jy uitdrukking gee aan emosies – in hoe mate sien jy elke keer jou pa, ma of broers en susters daarin en waarskynlik het hulle in die doen van dieselfde dinge hulle pa en ma en broers en susters gesien.

Die wonderlike nuus is dat God Sy verbondsbeloftes waar maak deur sulke gebrokenheid heen, maar dat daar bo en behalwe daarvoor, heerlike hoop is vir ons wat nou onder die nuwe bedeling leef, ons wat leef as kinders van Abraham se saad, Jesus Christus.

h Strukturele opmerking

Genesis 25-27 kan vergelyk word met 'n toebroodjie. Die boonste deel is die inleidende gedeelte oor Jakob en Esau (vers 20-34) waar ons sien hoe Isak God smeek vir 'n nageslag, Weereens word die hele verbond, al die beloftes, bedreig deur onvrugbaarheid. Die Here los hierdie probleem op. Maar onmiddellik raak ons bewus dat dinge nie lekker is nie. Die onderste gedeelte van die toebroodjie (hfst. 27) vertel die verhaal van Jakob en Rebekka se bedrog en die skeiding en vyandskap tussen Jakob en Esau.

Die binneste deel, die vulsel van die toebroodjie vind ons in hoofstuk 26. Hier vind ons Isak aan wie die beloftes wat aan Abraham gemaak is, bevestig word terwyl ons in dieselfde hoofstuk lees dat Isak net so lieg oor Rebekka – en tog word hy uitermate geseën in die land.

Jy sien hierdie vulsel gee vir ons die sleutel tot die verstaan van die buitenste gedeeltes, dit gee vir ons hoop vir die verbondslyn wat nou deur Jakob moes loop.

h Boonste deel (Gen. 25:19-34)

Ons ken almal hierdie gedeelte van ons kinderdae af. Maar kom ons dink weer hieroor. Abraham die man aan wie God die verbondsbeloftes gemaak het, die man aan wie God gesê het “Ek wil vir jou ‘n God wees en vir jou nageslag. Ek gaan jou nageslag vermeerder soos die sterre aan die see, nasies sal uit jou voorkom. Ek gaan vir jou ‘n land gee en in jou nageslag sal al die nasies geseën word.”

Daardie man was nou dood.

Ons het gesien hoe God in Sy liefde en betrokkenheid selfs die dood van Sara en die huwelik van Isak inskakel om hierdie beloftes waar te maak. In vers 12-18, sien ons hoe God die beloftes aan Ismael waar maak. God het belooft nasies sal uit Abraham kom en dit gebeur.

Maar natuurlik was Isak die een deur wie die verbondslyn sou loop. Isak moes ‘n vrou kry anders was die verbondslyn en al God se beloftes daarmee heen. Hy het nou ‘n vrou gehad – wonderlik, vanuit sy eie mense, so die gevaar dat ‘n Kanaänitiese vrou die verbond kon vertroebel was uit die weg geruim en God het so deur omstandighede gewerk dat Rebekka dieselfde geloof as Abraham openbaar om na Isak te kom.

Maar nou is daar weer ‘n struikelblok, ‘n bedreiging vir die waar word van God se beloftes. Kyk na vers 21. Hierdie vrou was kinderloos. Krisis. Maar dan bid Isak en ja, die Here laat haar swanger word.

God bly getrou. Maar as die kinders gebore word is daar reeds tekens van probleme wat volg. Wat volg is 'n verhaal van karakter probleme en konflik.. Die twee kinders sou twee nasies wees en daar word alreeds aan Rebekka gesê dat die oudste die jongste gaan dien. Iets totaal ongehoords en vreemd. Maar ons het nou al geleer in Genesis dat God snaaks en anders werk. Maar dit is nie al nie. Die jongste se naam, Jakob, beteken bedrieër.

Maar tussen dit alles sien ons ook nog in vers 28 dat Isak vir Esau voorgetrek het en Rebekka vir Jakob!

In hierdie eerste deel van die toebroodjie is dit Esau, wat uitstaan as die twyfelagtige een. Nou vir ons lyk dit miskien nie so erg nie, mar om jou eersgeboorte reg te verkoop was om 'n streep te trek deur alles wat jy is en waarvandaan jy kom. Dit was iets uiters onaanvaarbaar.

Die skrywer wil vir ons baie duidelik maak hoe veragtelik Esau werklik opgetree het as hy beklemtoon: *“So het Esau sy eergeboortereg verag...”*

h Onderste deel (Gen. 27:1-46)

So die een wat as te ware uitstaan as die slegte een in die eerste deel van die toebroodjie, is Esau. Maar as ons nou kom by hoofstuk 27 raak alles nog meer gekompliseerd. Ons sien dat Rebekka saam werk met Jakob om Isak te bedrieg. Ewe skielik sien ons dat Jakob eintlik meer twyfelagtig is as Esau en 'n mens raak nou ontsettend bekommerd oor die feit dat hy die een moet wees waardeur die verbondslyn moet loop. Hy moes seën bring vir die nasies!

Ons ken die verhaal oor die bedrog van Jakob en Rebekka. Die enigste rede waarom Isak wel deur die plan bedrieg kon word is waarskynlik omrede hy redelik blind en doof en selfs seniel was. Hoe dit ookal sy, Jakob word geseën in die plek van Esau.

En dan kom daar die absolute haat van Esau (vers 41). Weereens het dit die verbondslyn bedreig.

Die konflik was so erg dat Rebekka in vers 45 die moontlikheid raaksien dat sy alewee op een dag kan verloor. En waar is God se beloftes dan?

Die opdrag van Rebekka aan Esau in vers 43 moet ook nie ongesiens verbygaan nie. Wat van die landsbelofte! As Jakob uit die land is wat van die landsbelofte aan Abraham?

Die twee buitenste dele van die toebroodjie laat ons dus in groot twyfel oor die verbondsbeloftes van God en ons is diep onder die indruk van die sonde van die rolspelers. Gaan God regtig deur Jakob Sy verbond voortsit?

h Vulsel (Gen. 26:1-34)

Kom ons kyk nou na die vulsel. Wat kry ons hier? Ons sien hier dat God aan Isak en Sy nageslag die verbondsbeloftes aan Abraham bevestig.

Maar in Genesis 26:5 raak 'n mens moedeloos want God gee inderwaarheid die rede waarom Hy hierdie beloftes aan Abraham gemaak het;

want Abraham het na My geluister en hy was gehoorsaam aan my bevel: my gebooie, my voorskrifte en my wette

Dit staan natuurlik in sterk kontras met wat ons nou net by Jakob gesien het. Wat is die kans dat Jakob hierdie lyn kan voortsit? Maar dan net soos ons moedeloos raak kom vers 6. Wat sien ons? Isak sê Rebekka is sy vrou. Net so. Hy gee voor wat nie so is nie. Hy is vals. Hy speel toneel. En dit is presies wat Jakob weer doen...

Maar wag, is dit nie presies wat Abraham gedoen het nie? Twee keer. En tog sê God van hom dat Hy God behaag het.

En dan onthou ons dat die enigste rede hoekom dit van Abraham gesê kon word is omrede ons alreeds in Gen 15:6 gelees het Abraham het in God geglo, en dit is vir hom tot geregtigheid, tot 'in die regte verhouding met God', gereken. En onthou deel van wat Abraham geglo het was dat daar uiteindelik 'n finale saad, 'n nageslag sou kom en Galasiërs 3:16 stel dit so

God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus.

Jy sien die enigste rede waarom God so positief oor Abraham kon praat is was weereens gelee in Jesus. Die Een wat sou kom en ook in die plek van Abraham die vloek van verbondsverbreking, dit wat die besnydenis uitbeeld, gedra het. Hy is afgesny, Hy is geoordeel in die plek van Abraham, maar ook Isak en Jakob en die hele verbondslyn tot by my en jou wat nou deel het aan die herbevestigde Abraham verbond,. Luister na Galasiërs 3:29.

En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.

Terug na hoofstuk 26. Het jy gesien hoe God Isak seën? Kyk na vers 12 en 28.

Isak het in daardie gebied gesaai, en daardie jaar het die saad honderdvoudig geskiet. Die Here het hom voorspoedig gemaak

Hulle het geantwoord: "Ons het baie duidelik gesien die Here is by jou...."

So wat is die punt? Wel, ons kan verwag dat God ook Jakob sal seën en seën deur hom bring ten spyte van wie hy is wat karakter betref.

Net 'n laaste opmerking. Die skrywer maak melding van 3 putte wat Isak grawe As jy 'n 1953 vertaling het sal jy sien die eerste put in vers 20 word Esek (Rusie) die tweede put Sitna (klagte) en die derde Rehoboth (ruimte) genoem.

Waarom doen die skrywer die moeite om die putte en hul name te vermeld? Omrede die putte 'n opsomming is van die Esau en Jakob verhaal. Daar was 'n rusie, 'n klagte van Esau teen Jakob en uiteindelik gee God ruimte, of as jy wil deur die skeiding tussen die twee word die konflik deur God opgelos vir die huidige.

So ek hoop jy sien hoe die vulsel van die toebroodjie ons help om perspektief te kry.

h Wat die toebroodjie ons leer: Genade en sonde deur verbondsgenerasies heen

Eerstens leer die toebroodjie vir ons dat God se genade en Sy verbondstrou deur generasies heen loop. God bevestig Sy verbond aan Abraham weer aan Isak en later doen Hy dit aan Jakob. Maar ons sien ook dat saam met die seëninge en die trou van God, loop sonde.

Ag, 'n mens sien dit. Abraham lieg twee keer oor Sara. Isak lieg oor Rebekka en hulle huwelik is vol leuens. Jakob lieg vir feitlik almal, sy naam beteken selfs bedrieër. En uiteindelik het 10 van Jakob se kinders gelieg oor Josef se dood.

So daar was 'n patroon van leuens.

Maar daar is ook 'n patroon van voortrekkery. Dit is redelik duidelik dat alhoewel Abraham Isak ook liefgehad het, hy veral lief was vir Ismael en hom voorgetrek het. Isak het weer vir Esau voorgetrek. En Jakob later vir Josef en toe vir Benjamin.

Die broers in die verbondslin? Verwydering deur die generasies heen. Vyandskap. Isak en Ismael, Jakob en Esau, en later Josef en Sy broers.

Mens sou oor die huwelike seker ook dinge kon sê maar kom ons los dit.

h Die wonderlike hoop vir Nuwe Testamentiese geseëndes

Vir ons wat in die Nuwe Verbondsbedeling leef wil die toebroodjie nog meer hoop gee. Ons kan nie net weet dat God getrou bly ten spyte van ons sonde en gebrokenheid nie. Ons kan nie net ons verheug dat God ons op grond van die werk van Jesus, anders sien as wat ons onself sien en ander ons sien nie. Ons kan nie net ons daarvoor verheug dat God ook met ons nageslag wat Christene is, sal wees en werk nie.

Nee, ons kan ons ook daarin verheug dat patrone van sonde wat deur generasie heen kom, verbreek en beëindig kan word onder die Nuwe Verbond bedeling.

Luister: Deel van die goeie nuus vir die wat kinders van Abraham is (Galasiërs se term vir gelowiges) is dit: Jou biologiese familie waarvan jy afstam bepaal nie jou toekoms nie.

God bepaal dit. Jou bestemming is nie dit wat in die verlede gebeur het nie.

Die mees betekenisvolle taal in die Nuwe Testament vir die beskrywing van 'n Christen is dat hy/sy iemand is 'wat aangeneem is in die familie van God.' Dit is 'n radikale nuwe begin.

Wanneer jy jou geloof in Jesus plaas word jy geestelik weer gebore in die familie van Jesus in. Anders gestel, jy gaan oor vanaf duisternis na lig.

Aanneming in die Romeinse tyd was baie meer radikaal as wat dit vandag is. Ek wil nie daarop ingaan nie, maar wat Paulus ons wil laat verstaan deur daardie term te gebruik is dit: Ons is nou in 'n nuwe permanente verhouding met 'n nuwe Vader.

Ons kry 'n nuwe naam (Christen), ons kry 'n nuwe erflatingskap (vryheid, hoop, heerlikheid, die hemelse bronne) en nuwe broers en susters (ander Christene - Ef. 1).

By geleentheid het Jesus se broers en susters by 'n huis gekom waar Hy geleer het en Hom na buite geroep. Jesus het vir die skare wat by Sy voete gesit het gesê: “Wie is my moeder en my broers?” En Hy het rondom na hulle gekyk en gesê: hier is my moeder en broers Wie ookal die wil van God doen is my... (Mark 3:33-35).

Die kerk, die gemeente is die gelowige se “familie.

Dit was ongelooflik belangrik in die antieke wêreld waarin Jesus Homself bevind het om jou pa en ma te eer. En Jesus het dit gedemonstreer, selfs terwyl Hy aan die kruis gehang het. Onthou julle: Hy het die versorging van Sy ma aan Johannes opgedra.

En tog was Jesus duidelik en helder in Sy lering oor wat die hoogste loyaliteit van die gelwoige behoort te wees (Mark 10:37).

Juis daarom is deel van Christen wees, of as jy wil dissipelskap, die aflê van sondige patrone en gewoontes van jou biologiese familie om getransformeer te word om te lewe as lede van Christus se familie.

Dit is die Christelike lewe. God se bedoeling is dat ons groei tot volwasse mans en vrouens wat verander word deur die inwonende teenwoordigheid van Christus, die saad van Abraham.

Ja, ons eer ons ouers, ons kultuur en geskiedenis. Maar ons gehoorsaam God.

h Nader aan jou lyf

Elke dissipel, ek en jy, moet kyk na die gebrokenheid en sonde van sy of haar familie en kultuur. Ongelukkig het min van ons die moet om eerlike te kyk na die inpak van ons natuurlike familie en ander gebeure in ons geskiedenis op ons huidige lewens.

Miskien het jou familie sukses gedefinieer op grond van beroep, of opleiding of geld. Miskien was daar onderliggende boodskappe dat as jy geliefd wil wees, voor gesorg wil word, of aanvaar wil word, moet jy sekere dinge doen. Sekere gedrag openbaar. En dit het jou siening van jouself bepaal.

In God se familie het sukses veel meer te make met getrou wees aan God se doel en plan vir jou lewe. Ons word geroep om eers die Koninkryk van God te soek en Sy geregtigheid (Matt. 6:33). Alle ander dinge, beloof Hy sal vir ons bygevoeg word. God verklaar bo alles dat ons goed genoeg en geliefde is in Christus (Luk 15:21-24).

Dissipelskap het alles te make met die uitwerk van hierdie waarhede in ons alledaagse lewens.

Ongelukkig is dit dikwels so dat ons onder die oppervlak niks fundamenteel anders doen as wat ons families gedoen het nie.

God wil egter hê dat gemeentes plekke sal wees waar ons weer opnuut groot word op Christus se manier.

God wil hê gemeentes moet plekke wees waar mense vry kom.

Hoofstuk 15 *Genesis 28-29: God se beloftes: Hoe lyk die regte reaksie daarop?*

h *Ons stryd*

Ons as Christene het 'n geweldige worsteling en stryd om te glo, te vat, dit wat God vir ons sê oor wie Hy is en wie Hy vir ons wil wees. Die meeste mankemente in die christelike lewe het te make met die feit dat ons dit nie vat nie.

Meer nog, dit is asof ons nie *hoor* wat die Here vir ons reeds gesê het nie. En daarom reageer ons nie. Daarom preek ons dit nie vir onself nie, en reageer ons nie met danksegging en instemming nie. En daarom verander ons praktiese lewens nie.

Ons dink baie keer bewustelik of onbewustelik dat iets nuuts en ongewoon, 'n vreemde, nuwe beleving met die Here, of visioene, ons sal verander.

Ander dink weer hulle sal verander as hulle met wilskrag sekere beloftes aan die Here maak.

Ons vergeet die waarheid wat Paulus in Galasiërs 3 vir die Galasiërs se: Luister na Gal 3:1-3

Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as 't ware aan die kruis kon sien hang! Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?

Jy sien die Gees van God wat lei tot verandering en krag in jou lewe word werksaam in jou praktiese lewe – *deur geloof* in God en wat God sê Hy vir jou is en vir jou gedoen het in Jesus Christus.

Anders gestel; God verander ons nie soseer deur gesigte en openbaringe en al my voornemens nie, maar Hy verander my deur en in my daaglikse lewe soos ek Hom vat op Sy woord. Hoekom? Want dan word Sy Gees werksaam in my lewe!

Ons sukkel om te glo God is orals teenwoordig en wil my orals verander deur vertrouwe op Sy woord, dit wat Hy in en deur Jesus sê.

Ons gaan nou kyk na Jakob. ‘n Man wat God in ‘n droom ontmoet, wat ‘n buitengewone beleving het, ‘n man wat geweldige beloftes aan die Here gemaak het.

Wat kan ons hieruit leer as Nuwe Testamentiese Christene? Kom ons staan nader.

h Die vluggende Jakob en sy gebrek aan geloof

Ons het nou al gesien hoe Jakob deur misleiding en valsheid daarin slaag dat Isak hom seën en nie vir Esau nie.

So Jakob kry wat hy wil hê deur valsheid en misleiding. Hy dink hy is baie skerp en oulik.

Kom ons gaan net vir ‘n oomblik terug na hoofstuk Hoofstuk 27:41.

Esau het vir Jakob gehaat oor die seën wat sy pa aan hom gegee het, en Esau het by homself gesê: “My pa se dood is nie meer ver nie, dan maak ek my broer Jakob dood.”

Esau beloof dat as sy pa Isak sterf sal hy Jakob vermoor. Rebekka hoor van hierdie bedreiging en stuur Jakob weg na familieledede, nadat hy nog

‘n seën van Isak verkry het. Hierdie keer het Isakegter gewet dat dit Jakob was met wie hy praat. Alhoewel Rebekka en Jakob natuurlik nie vir Isak sê dat hy eintlik gaan vlug vir Esau nie, net dat hy ‘n vrou gaan soek.

Wat belangrik is om te sien is dit wat Isak nie vir Jakob gee nie. Ja, Isak roep God se seën oor Jakob uit – maar hy gee hom niks anders nie!

Nie ‘n bruidskat; nie diensknegte, nie kamele. Geen armbande of ringe nie.

Gaan kyk maar hoe Abraham sy dienskneg weggestuur het om ‘n vrou vir Isak te kry. Al hierdie dinge het hy saamgestuur.

Waarom doen die welvarende Isak dit nie? Ons weet nie. Die skrywer sê nie vir ons nie, maar ek dink tog die skrywer wil hê ons moet raaksien dat Isak dit doelbewus doen. Hy het gewet God sal Sy belofte waarmaak, en waarskynlik het hy in sy jongste seun gesien daar is min bewys van geloof in God. Ek meen wat hy nou net gedoen het wys dat daar nie juis geloof was nie. So Isak stuur hom weg – net met die belofte van God. Niks anders nie.

As ons by Gen 28 :11 kom het Jakob al ‘n hele ent gevorder in sy vlug vanaf die huis. Wat ons hier kry is ‘n man wat alleen is, in die donker is en nie weet of Esau hom volg nie – hy kan enige oomblik agter ‘n bos uitspring en ‘n mes teen sy keel druk. Jakob het nie ‘n GPS nie. Daar is nie ‘n *Engen Garage* waar hy rigting kan vra nie, ja hy het nie eers ‘n kussing nie.

Maar Jakob raak tog aan die slaap. En dan droom hy. En wat sien hy? Ons ken dit van ons kinderdae af. Iets soos ‘n leer waarop engele gelyk op en af klim.

Waarom gee God so ‘n droom aan Jakob? Omrede God ontsaglik barmhartig en Vaderlik en liefdevol is teenoor hierdie bedrieër - op grond van Sy belofte aan Abraham!

En Hy kom so na Jakob waarskynlik om te wys dat Hy wat God is, aktief is. Hy is nie ver weg nie iewers daar bo nie. Hy is aktief hier op aarde. Hoekom juis vir Jakob? Waarskynlik omrede Jakob *opgetree het asof God nie betrokke is* nie. Sy optrede toe hy die seën van Isak probeer kry het dui daarop. Hy het nooit vir God geraadpleeg nie. Waarskynlik het hy nog gedink dat God wel Abraham se God is en was en Isak se God, maar hy het nog nie self beleef dat God sy God is nie.

So, as God vir hom hierdie prentjie gee van Sy boodskappers wat heen en weer beweeg leer God vir Hom dit: *Ek is betrokke in hierdie wêreld om My doelwitte te volbring, my verbondsdoelwitte. Dit hang nie van mense se optrede af of Ek My verbondsbeloftes waar maak nie.*

En wat Jakob nou beleef is ‘n lewende bewys dat God oral teenwoordig en werksaam is by sy mense – selfs in hierdie verlate plek waar Jakob met sy kop op ‘n klip slaap.

h *Bet –El: God se beloftes!*

God wys nie net wie Hy is deur die droom nie, *God praat::*

Eerstens, identifiseer Hy Homself:

"Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak."(vers 13)

Asof God sê: *"Jakob jy het my seëning gesoek, maar jy het My nie gesoek nie . Maar hier is Ek."*

Tweedens herhaal God die landsbelofte

"Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee..."
(vers 13b)

Asof God sê: *"Selfs hierdie plek waar jy vrees vir jou lewe, selfs hierdie plek waar jy jou kop op ‘n klip gesit het, sal Ek vir jou en jou nageslag gee. Ja, selfs al vlug jy nou weg uit hierdie land."*

Derdens herhaal God die belofte van ‘n nageslag,

“...en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide (vers 14)

Asof God sê: “Jy is onder die indruk jy gaan nou ‘n vrou soek en moet een vind. Jy sal verseker een vind, en jy sal ‘n groot nageslag hê wat hierdie land sal besit.”

Vierdens herhaal God die belofte dat sy nageslag tot seën vir die nasies sal wees.

“...en in jou en jou nageslag sal al die volke/geslagte van die aarde geseën word (verse 14b).

Asof God sê “Dit sal my belofte aan Eva en aan Abraham vervul. Die uiteindelijke verlosser sal uit jou nageslag gebore word.”

Vyfdens. Hy belof dat Hy Jakob se God sal wees: Verse 15a *Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. “En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan,..” (verse 14b).*

Asof God sê : “Ja Ek is die God van Abraham, en Isak maar ek is ook die God van Jakob. Ek is met jou en sal by jou bly –oral.”

Laastens belowe God dat Hy self sal verseker dat al die beloftes aan Jakob vervul sal word. *“Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het” (vers 15b).*

Asof God sê, “Jakob vertrou My dat Ek in beheer is, dat Ek nie ver is nie. Ek is betrokke in hierdie wêreld. Ek sál My beloftes vervul. Ek sal jou in die proses beskerm en sorg dat My doelwitte in en deur jou sal geskied. Jy sal terugkom na hierdie land. Jy sal ‘n vrou kry. Jy sál ‘n familie hê. Jy sal die nasies seën. Glo my!”

Wat God vir Jakob vra is om geloof te hê in Sy genade wat in die toekoms gaan duidelik word. Ja, alles lyk nou baie moeilik vir hierdie sagte seun van ‘n ryk man – Maar God sal daar wees vir Hom.

n Jakob se reaksie: Geloof?

So hoe reageer Jakob as hy wakker word?

Hy sê: “*waarlik die Here is in hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.*”

Dit klink baie geestelik. Maar het Hy dit nie geweet nie? Is dit nie presies wat God belooft het nie?

God het dan nou net belowe dat Hy *orals* is waar Jakob gaan! Hy is nie net die God van hierdie plek of Berseba of Jerusalem nie. Hy is die God van die skepping. Onthou julle? Die hele skepping is Sy tempel!

So Jakob het nie gehoor wat God gesê het nie.

In vers 17 sê Jakob nog iets wat vreeslik geestelik klink. Hoe skrikwekkend/geweldig is hierdie plek.

Jakob, dit is nie die plek wat so geweldig is nie, dis God!

Jakob sê dan dat daardie plek niks anders is as die huis van God nie en dit is die poort van die hemel.

Weereens: Daar is niks unieks aan hierdie plek nie. Dink net aan Jesaja 66:1

So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete.

Hoe dit ookal sy, Jakob noem die plek *Bet-el*, huis van God.

Dit is interessant dat aanbidding in die tyd van Samuel hier uitgevoer is. Maar na die dood van Salomo het Koning Jerobeam ‘n afgod in hierdie plek opgerig. Hosea verwys na die plek as “huis van boosheid.”

Die punt is, dit is nie die plek wat so ontsaglik is nie!

God is ontsaglik.

Die eed wat Jakob aflê is net so interessant (verse 20-22). Hy maak 4 voorwaardes en 3 beloftes ,

“As:

- 1) God met my sal wees.
- 2) My sal beskerm.
- 3) As Hy in my behoeftes voorsien.
- 4) As Hy my in vrede na Isak se huis sal terugbring (beskerm van Esau).

Dan

- 1) Sal Hy my God wees.
- 2) Sal hierdie klip God se huis wees.
- 3) Sal ek Hom ‘n tiende gee van alles wat ek kry.

Dit klink weereens goed. En Jakob is reg. Hy moet reageer op God se openbaring.

Maar uit sy voorwaardes sien ons hy hoor al weer nie wat God gesê het nie. Dis ook betekenisvol dat hy glad nie verwys na die beloftes wat God maak nie. Die beloftes van ‘n nageslag, land en dat nasies deur hom geseën sal word, daarna verwys hy nie eers nie, dit gaan alles oor die hier en nou en onmiddellike behoeftes.

Dink net aan Jakob se voorwaardes

- “U sal my God wees.” Aarde Jakob het God nie reeds gesê Hy is jou God nie! As Hy iets sê dan is dit ‘n feit. Jou hoef nie iets te doen om Hom jou God te maak nie.
- “Hierdie klippilaar sal U tempel wees” – Jakob kan nie dit verseker nie. Hy kan weer hier aanbid en hy sou dit doen. Maar God het later in die geskiedenis gewys hoe leeg hierdie belofte is deur toe te laat dat hierdie einste plek die sentrum van afgodsaanbidding in Israel word.
- Ek sal U ‘n tiene gee van alles” – Asof God behoefte het aan Jakob se tiende.

Jakob se voorwaardes is om dit lig te stel, absurd. Dit is interessant om hom te vergelyk met Abraham. God beveel Abraham – gaan uit jou land. Jakob beveel God. God toets Abraham. Jakob toets God.

Maar goed. Voor ons te hard is op Jakob. Ek is bevrees baie van die geloftes wat ons aan God prewel lyk nog erger in die lig van God se beloftes.

Wat is verkeerd hiermee?: Luister bietjie na Psalm 50:9-15:

Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My. Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke? Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.

In die middel van hierdie gedeelte waar die Here sê dat Hy nie iets van ons wil hê, nie al ons beloftes en voornemens nie, sê Hy: “Betaal jou geloftes aan die Here.”

Die frase: “betaal jou geloftes aan die Here,” staan tussen twee gedeeltes: “Lof is die offer wat jy aan God moet bring” en “Roep My aan in die dag van benoudheid.”

Die gelofte wat by God se verbondsmense pas is dus bloot dit: *Om God te loof/dank en om God aan te roep.*

Jy sien Jakob se gelofte aan God moes langs hierdie lyne beweeg het. Hy moes God aangeroep het en gedank het vir dit wat God nou net vir Hom gesê het!

Wat ek en jy nou met raaksien is dat Jakob se visioen en sy geloftes nie juis tot verandering in sy lewe gelei het nie.

h *Het Jakob verander? (Gen. 29)*

Dit is interessant om te kyk na die verskil tussen Jakob en Abraham se dienskneg wat amper 100 jaar voor Jakob by dieselfde put gekom het.

- Daardie slaaf het gebid dat die Here hom die regte vrou sou wys.
- Gevra dat God die vrou haar karakter sal laat wys deur daardie spesiale daad van gasvryheid.
- Hy het God gedank toe dit gebeur het.
- Hy het God voor haar hele familie gedank.

As jy na Jakob kyk, hier by die put, is daar niks hiervan nie.

En dit is ook fassinerend dat Jakob presies ontvang wat hy so maklik uitgedeel het. Hy het sy pa mislei, nou mislei sy skoonpa hom.

In die proses van misleiding het Jakob, die jonger seun voorgegee om die ouer een te wees. Hier het die ouer suster voorgegee om die jonger suster te wees en so word Jakob mislei.

So Jakob het nie verander nie. En sy gedrag dra vrugte. En ag ons praat nou nie eers van al sy slim plannetjies waarvan ons verder lees en wat wys dat hy nie verander het nie.

Die ongelooflike is egter dit: Jakob moes met Lea getrou het. Dit was een van Lea se seuns, Juda wat die voorvader van Jesus geword het.

So God lei Jakob ten spyte van die feit dat Hy God nie aanroep en soek in sy besluite nie. Ten spyte daarvan dat hy God nie dank vir al Sy beloftes nie.

h Bet El en Jesus: Wat ons moet leer

Wat wil die Here hê moet ons sien? Ons wat nou binne die nuwe verbond lewe.

Wel, ons moet eerstens kyk na Jakob en sien dat Sy belewing en geloftes hom nie verander het nie.

So die Here wil nie hê ons moet soos Jakob wees en optree nie.

Aan die ander kant moet ons sien hoe ongelooflik die Here is. Hoekom kon die Here voortgaan met hom? Op grond van God se belofte aan Abraham, wat onder meer van 'n eintlike saad/nageslag praat, waarvan Galasiërs 3 uitdruklike sê dit is Jesus.

God kan voortgaan met Jakob as gevolg van Jesus.

Dit is baie interessant as 'n mens na Johannes 1: 50-51 kyk.

Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit. En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens

Wat God vir Jakob gesê het en wat hy nie werklik gehoor het nie, word hier bevestig. Jesus self is die leer, die een deur wie die seëninge van God en Sy boodskap na ons kom. In Jesus word al die beloftes wat God maak 'n waarheid. Jesus self is die plek waar God woon en Hy is natuurlik nou orals deur Sy Gees.

Hebreërs 1:1-2 Bevestig dat Jesus God se laaste woord aan ons is.

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.

Hoe verander ons? Hoe moet ons leef? Van een beleving na die ander? Een gelofte en voorneme na die ander?

Nee, luister weer na Hebreërs 12:1-3:

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

So moenie wees soos Jakob nie. Staan verstom oor die God van Jakob in Jesus.

En reageer.

Maak 'n eed – nie soos Jakob nie maar,

- om God te dank vir Sy voorsiening in Jesus,
- om God elke uur en dag te vertrou ten spyte van jou omstandighede,
- om God aan te roep in jou moeilikhede,
- om Hom daaglik te soek deur Sy woord.

Preek vir jouself: God is so *groot* in Jesus: Ek hoef nie in beheer van my lewe te wees nie. God in Jesus *gee om* – ek hoef nie bang te wees nie. God *is goed* in Jesus – ek hoef dit nie op 'n ander plek te soek nie. God is *genadig* in Jesus – ek hoed nie myself heel tyd te bewys nie.

Dit verander jou *in* jou omstandighede!

En onthou die oomblik as jy jou vertrou in Jesus plaas raak die Gees werksaam (Gal 3:1-3)

As jy moedeloos is met jouself, met die feit dat jy eerder soos Jakob is en God se beloftes nie hoor en vat nie, of jy voel dalk soos Jakob die aand by Bet –el, alleen en moeg. Onthou God se barmhartigheid teenoor jou bly steeds daar al dank jy Hom nie. Hy ontferm Hom steeds o.g.v Sy getrouheid aan Sy beloftes, Sy beloftes oor wie Hy vir jou is en sal wees in Jesus.

Hoofstuk 16 *Genesis 32:Om aan God alleen vas te klou*

h *Christen wees beteken nie jy het arriveer nie*

As daar een ding is waarvan ons almal bewus is, is dit van die feit dat as jy ‘n Christen is, dit nie beteken jy het gearriveer nie. Anders gestel; as God jou geroep en gered het op grond van wat Jesus gedoen het, is jy wel vrygespreek en geregverdig voor God maar wat jou hier en nou lewe vir God en bruikbaarheid deur God betref –wel dit gebeur nie outomaties nie. Baie Christene lewe steeds wat die praktyk betref sonder God.

Ja, hulle is baie keer baie geseën met baie dinge. Maar hulle sien nog nie God, Jesus self, as die ware seën nie. Dit verg ‘n ingrype van God om hulle te bring tot ‘n nuwe lewensveranderende vasklou aan Hom. Om te kom by die punt waar ons saam met Paulus kan uitroep. *“Wanneer ek swak is dan is ek sterk!”*

En dit is omtrent hierdie lewensveranderende vasklou aan God waaroor die Heilige Gees vir ons baie leer uit die lewe van Jakob.

h *Die onveranderde Jakob*

Ons weet Jakob is die een deur wie die verbondslyn geloop het. God het Jakob gekies. Maar ons het gesien hoe lyk Jakob. Hy het uit ‘n ouerhuis gekom wat ietwat twyfelagtig was. Daar was voortrekkery en valsheid. En hy wat Jakob is se lewe is gekenmerk deur leuens en voorgegee, en misleiding. Sy naam beteken immers bedrieër – en dit is wie hy was.

Ons het gesien dat selfs die visioen wat Jakob gekry het hom nie verander het nie. Ons het gesien dat Jakob by daardie gebeure nie werklik gehoor het wat God vir hom gesê en beloof het nie, nee hy kom met voorwaardes en beloftes na God wat draai om die hier en nou en sy

voorspoed. Waar God Abraham beveel het beveel Jakob vir God, waar God vir Abraham getoets het, toets Jakob as't ware God.

Jakob het nie verander nie.

Kyk, die Here het hom geseën, wat betref kinders en rykdom. Luister net na Genesis 30:43.

Die man het al hoe ryker geword. Hy het baie kleinvee, slavinne, slawe, kamele en donkies gehad.

Maar luister ook na 31: 20:

Jakob het ook vir Laban die Arameër bedrieg deur hom nie te vertel van sy vlug nie

So Jakob die bedrieër het nog nie werklik verander nie. En vers 19 wys ook dat alles nie wel is in Jakob se huishouding is nie....

Laban was weg om sy skape te gaan skeer. Toe steel Ragel haar pa se afgodsbeeldjies.

Die konflik wat Jakob se lewe van die begin kenmerk en die karakter probleme, is steeds daar en ons sien ook dat Jakob, soos Galasiërs 6: 7 dit stel, maai wat hy saai - as Laban hom bedrieg.

En dit bring ons by Genesis 32. Ek dink die Heilige Gees wil hê ons moet sien dat wat hier gebeur het, 'n transformasie 'n verandering in Jakob teweeg gebring het.

Kyk weer na vers 28:

Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou."

Nou ‘n naamsverandering het gedui op ‘n karakterverandering. Tot nou toe is Jakob se lewe gekenmerk deur dit waarvoor sy naam gestaan het.

Kom ons staan nader aan hierdie 2 hoofstukke.

h Die konteks

In Genesis 32 bevind Jakob hom weer in die land Kanaän, nadat hy twintig jaar met sy oom Laban in Sirië spandeer het. Jakob is nou getroud met twee vrouens en is die pa van 11 kinders. Hy het baie vee en kamele en ander materiële dinge versamel en nou het God gesê die tyd het aangebreek dat hy moet teruggaan na Kanaän.

Maar Jakob kom bewierig. Hy weet voor sy ware siel dat hy sy rowwe, ruwe tweelingbroer Esau, in die gesig sal moet staar. Ons weet almal wat die vorige keer gebeur het toe hulle bymekaar was, hoe Jakob Esau bedrieg het en die eersgeboortereg as’t ware van hom gesteel het. God het Jakob die eersgeboortereg beloof – sy ma het dit geweet en dit hom meegedeel, maar Jakob was nooit een wat toegelaat het dat God dinge op sy manier uitwerk nie. Nee, op slinkse wyse bedrieg hy sy broer en sy pa en verkry sy eersgeboortereg. Uiteraard was Esau nie gelukkig hiermee nie en Jakob moes vlug. So Jakob is op pad terug – na hierdie broer. En op tipiese wyse stuur hy ‘n paar boodskappers vooruit om die klimaat aan te voel. En die boodskapper kom terug met nuus wat niks goeds voorspel nie. Vers 6:

Die boodskappers het na Jakob toe teruggekom en kom sê: “Ons het by u broer Esau aangekom, maar toe was hy al op pad na u toe met vier honderd man by hom.

Natuurlik is daar niks eksplisiet in die nuus wat suggereer dat Esau hom wil kwaad aandoen nie, maar Jakob maak onmiddelik die afleiding dat Esau nie met 400 man sou kom as hy nie kwaad bedoel het nie. Hy is paniekbevange en verdeel onmiddellik sy groep in twee, met die gedagte dat indien Esau die een groep oorval, het die ander nog ‘n kans

om weg te kom. Jy kan die karakter van die man sien. ‘n Man vol van sy eie *schemes*.

h Die merkwaardige visioen: Wie is altyd daar?

Op die grens van die land bemoedig God Jakob met ‘n merkwaardige visioen (32:1) Ons het nie vreeslik besonderhede daarvoor nie, maar dit lyk asof Jakob iets beleef het soos Elisa later sou beleef.

Jakob noem die plek Mahanaim, "DIE TWEE KAMPE," waarmee hy waarskynlik verwys na die groep mense wat saam met hom trek en die onsigbare groep engele wat ook saam met hom trek.

Nou liewe aarde, ‘n mens sou verwag dat Jakob veilig en vol vrede sou voel as hy nou sy broer moet ontmoet – maar inسته daarvan is hy in vrees en bewing en seker dat hy gevaar, indien nie vernietiging in die gesig staan.

En dan bid Jakob, kom ons kyk na hierdie gebed.

h Die gebed: Reg maar betekenisloos

Dit is werklik ‘n ongelooflike gebed, ‘n soort model gebed. En ek wil hê ons moet vinnig na die inhoud van hierdie gebed kyk. Genesis 32:9-12

Daarna het Jakob gebid: "Here, God van my voorvader Abraham, God van my vader Isak, U wat vir my gesê het om terug te gaan na my land en my familie toe en U sal goed doen aan my,

ek is al u gunsbewyse nie werd nie, ook nie die trou waarmee U my versorg het nie. Toe ek destyds deur die Jordaan is, het ek net my kerie gehad, en nou het ek hierdie twee groot groepe.

Red my tog uit die mag van my broer Esau, ek is bang vir hom. Hy kan dalk kom en my doodmaak, en ook die moeders en kinders.

U het my tog beloop: Ek sal beslis goed doen aan jou, Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see, wat nie getel kan word nie."

Eerstens fokus die gebed op die wese en grootheid van God (Gen. 32:9).

Nou volgens die Nuwe Testament is dit die manier waarop ons altyd moet bid. Jy begin nie met jouself en jou probleme nie, maar met God (Matt. 6:9).

Dit is hoe Jakob begin. Dit is 'n geweldige stap vorentoe in Jakob se gebedslewe as jy dit vergelyk met die gebed in hoofstuk 28, 20 jaar gelede toe hy op pad is Sirië toe. (Gen 28:20-22). Nou het Jakob geleer om met God te begin en met die *belofte van God*.

En dan erken hy sy eie onwaardigheid.
(Gen. 32:10)

Wat 'n wonderlike nederige stelling.

En dan kom Jakob met sy versoek. Dit is spesifiek en definitief, soos dit in alle ware gebed moet wees (Gen. 32:11a).

En dit kom met 'n openlik erkenning van sy vrees.
(Gen. 32:11b)

Nou dit is 'n ongelooflike manier om te bid. Daar is 'n erkenning dat hy in die moeilikheid is en hulp nodig het. Verder meer stel hy dit duidelik en definitief.

En dan herinner hy God aan die groot belofte van God, die verbond
(Gen. 32:12)

Hierdie is 'n perfekte, vomaakte gebed. Dit is teologies absoluut korrek. Pragtige taalgebruik.

MAAR uit ‘n praktiese oogpunt ’n totale vermorsing van tyd...

Die volgende deel in hierdie hoofstuk wys dat Jakob waarskynlik nie ‘n woord van alles wat hy gebid het, geglo het nie. Nie in sy hart nie. Ons kry nou ‘n beskrywing van hoe hy planne maak om die hele situasie met Esau te hanteer (Gen. 32:13-15).

Dit is ‘n geweldige duur present wat Jakob vir Esau voorberei. En die verhaal gaan verder en vermeld dat Esau die diere in kuddes opgedeel het. Die idee was dat hy een vooruit sou stuur en net soos Esau goed beïndruk was daarmee sou die volgende een kom, en net soos Esau se mond daarvoor water sal die volgende een kom, en nog een... Jakob het alles uitgewerk. Dit was ‘n baie slim sielkundig-ontwerpte plan om sy broer te beïndruk, om sy gevoelens van vyandskap te oorkom en homself dus so van sy broer se woede te bevry.

Daar is nie die geringste aanduiding hier dat hy verwag het dat God iets gaan doen in antwoord op sy gebed nie.

Ek is bewus dat sommige mense en selfs kommentatore sal sê dat Jakob hier maar net “bene” vir sy gebed gegee het. Nou ja, dit is ‘n goeie beginsel ons kan nie net bid dat die Here vir ons moet voorsien terwyl ons glad nie werk nie. Daar is normale aktiwiteit wat van ons verag word as ons bid, natuurlik.

Maar dit is nie wat hier aan die gang is nie. Dit is nie wat die skrywer ons wil leer nie.

Daar is vir my drie aanduidings dat dit nie die geval hier is nie.

1) Dit gaan hier oor Jakob en Esau. En hierdie name is hoogs betekenisvolle heilshistoriese name. Jakob is deur die Skrif die simbool van God se uitverkore man, die man van geloof, wat geestelike sensitiwiteit het en God vertrou. Esau aan die ander kant is altyd die man van ongeloof, die man van die vlees, die self-gesentreerde

materialistiese man wat sy eie vaardighede vertrou en nie hulp van enige ander bron aanvaar nie

En omdat dit so is dink ek wat ons hier kry is juis ‘n aanduiding, wat die Heilige Gees deur die skrywer vir ons gee, dat Jakob hier juis nie gedoen het wat hy veronderstel was om te doen as die uitverkore nie.

2) In die volgende hoofstuk word dit duidelik vir ons uitgewys dat toe Jakob en Esau uiteindelik mekaar ontmoet, was Esau hoegenaamd nie beïnvloed deur Jakob se present nie. Ons word vertel dat Esau na Jakob gehardloop het en sy arms om hom gegooi het, hom gesoen en verwelkom het. En daar is geen aanduiding wat deur die skrywer vir ons gegee word dat Esau nie van die begin af dit wou gedoen het nie. Om waarheid te sê daar in hoofstuk 33:8 kyk Esau na hierdie kuddes diere en sê ten diepste: *“Wat op aarde is dit? Waaroor gaan dit alles, is jy oraait?”* En Jakob verduidelik dan wat hy wou doen. Dit is dus baie duidelik dat al hierdie pogings om sy broer se woede af te keer geen invloed gehad het nie.

Dit was bloot die manipulasies van ‘n hart wat nie op God vertrou het nie, wat probeer het om voordeel te trek uit sielkundige manipulerings.

3) Maar daar is ‘n finale rede, meer duidelik en deurslaggewend as die ander twee. En dit is die feit dat God iets radikaals gedoen het na Jakob se gebed. Ons lees ‘n baie interessant ding in vers 24:

Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei.

h Die aard van die geveg: Geestelik nie fisies

God tree in ‘n geveg met Jakob (Gen. 33:28, 30). In Hosea 12:3 lees ons dat ‘n engel met Jakob gestoei het. Soos dikwels in die Ou Testament verskyn God in die Ou Testament in die vorm van ‘n Engel. Wat ons moet sien is dat alhoewel dit wat hier gebeur in terme van ‘n fisiese geveg gegee word, dit baie duidelik bedoel was om as ‘n geestelike

geveg verstaan te word. Jakob is hier ongeveer 97 jaar oud. Geen kompetisie vir 'n bo-natuurlike wese, 'n engel, God self in menslike vorm nie. In vers 25 sien ons hoe maklik hierdie wese fisiese beskadiging kan aanrig.

As die stoeier nie in staat is om Jakob te oorwin nie, is dit geestelik gesproke. En die rede hiervoor is dat Jakob nie *geestelik* oorgee het nie. Eers as die man dreig om te gaan, sien ons dat Jakob sê hy sal hom nie laat gaan as hy hom nie seën nie. Die seën was ten diepste niks anders as 'n naamverandering nie. Jakob se versoek om seën is daarom hier niks anders as 'n vraag na verandering nie.

Die oowinning oor God is dan ook juis oorwinning, nie soseer omrede God oorgegee het nie, maar omrede Jakob oorgegee het. By God oorwin jy deur te verloor. Nou nou meer hieroor.

***h* Wie is jy werklik Jakob?**

Ek wil hê ons moet sien dat Jakob hier gekonfronteer word met 'n uiters belangrike vraag – 'n vraag waarmee elkeen van ons gekonfronteer moet word. Of jy al 'n christen is of nie.

Kom ons dink aan die situasie hier. Sy hele lewe lank het Jakob probeer om welvaart en status te verkry. Vir die laaste 20 jaar het hy gewerk vir sy vrouens, familie en besittings. En God was genadig teenoor hom – en het hom alles gegee. Maar nou in hierdie krisis oomblik is Jakob absoluut alleen. Sonder besittings, sonder sy vrouens, sonder familie.

Deur sy hele lewe het hy homself gesien in verhouding tot ander. Hy was Abraham se kleinseun wat probeer het om God se seëning van sy oupa te beërwe. Hy was sy ma se gunsteling, gehoorsame seun. Hy was sy pa se nie-gunsteling, wat probeer het om sy pa se seëning op slinkse wyse te verkry. Hy was Laban se kleinseun, wat met planne probeer het om te kry wat hy geglo het hom toekom.

Maar nou het die vraag ontstaan: “Wie is jy Jakob? Wie is jy regtig? Wie is jy as jy alleen is voor God?”

Dit is God se vraag aan Jakob. “Wie is jy?” En die enigste regte antwoord is natuurlik: “Ek is Jakob... ‘n bedrieër!”

Dis al. Dis al wat Jakob is voor God. Maar Jakob is nog nie by die punt om dit te verbaliseer nie.

h Wat het jy regtig nodig Jakob?

Ons sien dat Jakob die hele nag worstel, stoei met God. Die hele nag gebruik hy sy groot fisiese krag om God teen te staan. Hy druk homself sodat hy kan staande bly en kan wen.

En wat doen God? Hy tik hom op sy heup - en die geveg is oor!

Was dit nodig vir God om so lank te wag om Jakob mank te maak? Kon God enige oomblik wen?

Natuurlik. Al Jakob se teenstand, en stoei het geen verskil gemaak nie. God maak Jakob mank. Hy kan nie langer staande bly nie. Hy is aan die einde van sy bronne.

So wat doen Jakob? Hy gryp God vas en laat Hom nie los nie.

Selfs al breek die dag en Esau is op pad – Jakob los nie vir God nie.

Selfs al mag dit sy laaste dag wees en die dag begin breek - Jakob los nie vir God nie.

Jy sien uiteindelik het Jakob gesien dat GOD SELF die enigste seën is wat tel. Soos Abraham op Moria moes leer. Uiteindelik sien Jakob dat God nie ‘n middel is om ander doelwitte te bereik nie. God is die doelwit.

So wat Jakob eintlik hier sê is dit: “*Here ek begeer U bo alles!*”

h Wie is Jakob nou?

Wat gee God vir Jakob? Waarmee seën Hy hom? Hy gee Jakob ‘n nuwe naam, ‘n nuwe identiteit. Jakob het fundamenteel verander- en sy naam sou daardie verandering reflekteer.

Wat beteken “Israel”? Op die oog af, in die lig van vers 28 lyk dit of dit beteken. Hy het God oorwin.

Sommige kommentatore wys egter dat in ander name met dieselfde soort konstruksie is God altyd die onderwerp van die werkwoord, nooit die voorwerp nie. Daniel is byvoorbeeld nie: “Hy oordeel God” nie, maar “God oordeel.” Samuel is nie; “Hy hoor God” nie, maar “God hoor.” (Onthou: God in Hebreeus is El.)

En verder, dink mooi. Het Jakob met mense geworstel en oorwin? Nee, hy is ‘n groot mislukking. Hy het sy verhouding met sy ma verloor, sy verhouding met sy pa is opgemors, sy verhouding met sy broer is ellendig, die wil hom vermoor – so lyk dit. Insteede daarvan om te heers oor Esau, is hy nou bereid om te buig voor hom. Deur Laban is hy verneuk om te vat wat hy nie wou hê nie. Hy is ryk maar dit was God se genade.

So Jakob het nie regtig oorwin wat mense betref nie. Wat van God? Het hy God oorwin? Nee, God het hom op die heup geslaan, *doef* – en alles was oor.

So hoe moet ons vers 28 verstaan? Wel ek stem saam met die ouens wat reken die skrywer gebruik hier ironie, wat hy seker is sy lesers kan sien. In die Goddelike logika wat buite ons begrip is, is Jakob se verloor eintlik sy oorwinning. Uiteindelik gee Jakob oor. Hy wen deur te verloor en is nou in staat om voort gaan in nuwe krag as God se man.

Jakob het sy hele lewe geworstel met mense en verloor. Hy het die hele nag met God gestoei en verloor. En soos Jakob dit alles besef, het hy die bankrotskap gesien van al sy pogings om met mense te veg en met God. Uiteindelik het hy gesien dat God self die ware skat is, seën is. Jakob red sy lewe deur dit te verloor. So hierdie neerlaag is Jakob, Israel se oorwinning.

Die laaste ding wat ons van Jakob sien is die hinkende Jakob op pad om Esau te ontmoet. As jy Jakob sou vra: “Waarom hinke pink jy so? Wat gaan aan? Sou hy moes antwoord: “Ek is deur God geseën. Ek, Jakob is nou mank, maar ek is geseënd. Ek is nou Israel, Ek weet God oorwin.”

In hoofstuk 33:5,11 sien ons iets van hierdie verandering. Kyk hoe praat Jakob nou!

Jakob het geantwoord: "Dit is die kinders wat God in sy liefde aan my gegee het. Aanvaar tog my geskenk wat vir u gebring is, want God was goed vir my en ek het oorgenoeg.

As iemand wat swak is in afhanklikheid word Jakob 'n nasie (Israel) sodat die wêreld geseën kan word. Dit is hoe God die wêreld wil seën. Die tragiese is natuurlik dat Israel weer misluk het hierin. God stuur uiteindelik vir Jesus, wat die rol van Israel oorneem. Jesus stuur weer vir ons, Sy liggaam (die kerk), om die seën na die wêreld te bring.

h Nader aan jou lyf

✓ Teologies korrek maar los van God

Jakob se gebed wys dat 'n mens by bidure en by selgroepe vreeslik korrek kan wees in jou gebede, maar tog eintlik net leef op ander ouens se geestelikheid. Vir jouself is dit nie werklik nie, die praktyk wys jy glo nie wat jy bid nie. Jy leef nie in 'n noue bewustheid van God se teenwoordigheid nie. Ons het gesien God wys vir Jakob Hy is oral in die onsigbare realm en tog het hy nie opgetree asof dit so is nie. En jy?

✓ Erken wie jy is as jy alleen is voor God

Die enigste manier om te kom tot 'n radikale verandering wat betref jou afhanklik van God, jou vaskleef aan God, is om weer te erken wie jy werklik is. Hy weet dit in elk geval. Dit is belangrik om dit te sê en te erken voor die Here.

✓ Jou worsteling en behoefte is God

Die grootste waarheid wat ons in die lewe kan leer is dat ons eintlike worsteling, die worsteling met God is. Die worsteling om weer ons regmatige plek voor God in te neem, naamlik die plek van totale vasklou aan Hom alleen.

✓ God se seëning en jou wonde

As daar een ding is wat ons sukkel om te aanvaar is dit die feit dat God se seëning dikwels gepaard gaan met ons verwonding. As Hy ons swak maak, dan is ons geseënd – hoekom? want dan is ons van Hom en Hom alleen afhanklik, dan klou ons aan Hom en Hom alleen vas. En dit is wat geseënd ten diepste behels. Om aan God in Jesus alleen vas te klou en te besef Hy en Hy alleen is die groot seën.

✓ Jou bruikbaarheid en krag lê in jou nuwe identiteit van swakheid (2Kor. 12:9-10)

Paulus het presies by die plek gekom waar Jakob gekom het. Die plek waar ons moet kom. 'n Lewe van vasklou aan Hom uit swakheid. Dan is ons sterk en bruikbaar.

Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. 2Ko 12:10 Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

Hoofstuk 17 *Genesis 34-35: Kan jy God se gunste koop?*

h Watter tipe verhouding?

In watter tipe verhouding staan jy met die Here? Staan jy met God in 'n verhouding soos 'n man en vrou in 'n getroue huwelik met mekaar staan, of gebruik jy God soos 'n man 'n prostituut gebruik? Jy betaal vir sekere gunste?

Ek weet dit is 'n skokkende voorbeeld, maar ons is dikwels in ons geestelike lewens besig met hierdie skokkende realiteit.

h Wat het dit met Genesis 34-35 te doen?

Ek is oortuig die skrywer wil hier waarsku dat Jakob en sy familie die gevaar in die gesig gestaar het dat hulle God soos 'n prostituut kan gebruik. En ons weet dit was presies wat later in Israel se geskiedenis gebeur het.

Wat die waarskuwing hier nog meer skokkend maak is die feit dat die Here van Sy kant getrou gebly het aan die verbond en dat Hy selfs die kwaad en die sonde van Jakob se nageslag ingeskakel en gebruik het. Hy het dit ten goede laat meewerk in die vervulling van Sy beloftes. En ten spyte daarvan het hulle die gevaar geloop om Sy gunste te koop.

Nou as jy hierdie gedeelte lees sal jy dalk sê: “waar op aarde kom jy hieraan?” Wel, ek wil dit waag om te sê dat hierdie gedeelte op twee vlakke gelees moet word, en dat die skrywer dit so bedoel het.

So kom ons kyk eers na wat hier 1) op die oppervlak gebeur en dan kyk ons 2) dieper. Die dieper angel. En die dieper angel het weer twee kante.

a) God wat die kwaad ten goede gebruik en b) Die waarskuwing om God nie soos 'n prostituut te gebruik nie.

h Op die oppervlak

Ons sien hier hoe Dina, Lea se dogter, by die dogters van die omgewing gaan kuier en dan word sy verkrag deur Sigem, die seun van die Gamor wat die leier daar was. Nou Sigem het Dina liefgekry en wou haar as vrou vir homself neem. En hy vra sy pa om hom hiermee te help in vers 4.

Gamor, Sigem se pa, het met Jakob hulle gaan praat en maak in vers 8-9 die voorstel dat Sigem met Dina trou want dan kan hulle 'n familie word wat natuurlik die voordeel inhou dat die Israëliete kan deel in die grondgebied.

In vers 11 sê Sigem vir Jakob dat as hulle instem, sal hy betaal wat hulle ookal van hom vra. Om die waarheid te sê hy sê hulle kan die vergoeding so groot maak as wat hulle wil.

Jakob se seuns, wat natuurlik na hulle pa aard, gee nie 'n reguit antwoord nie en maak die voorstel dat hierdie mans hulle moet laat besny, want sien, sê hulle, ons kan nie ons dogters laat trou met julle as julle nie besny is nie.

So as julle dit nie doen nie sal ons wegtrek (vers 17).

Gamor en Sigem gaan daarop terug na die mans van die stad vanaf vers 18, en wys vir hulle op al die voordele as hulle hul laat besny want dan kan hulle een volk word (vers 22) kyk net na vers 23:

Hulle kuddes, al hulle vee, hulle besittings, word ons eiendom as ons instem, en dan sal hulle by ons bly

En jou wrintie - almal stem in! (vers 24)

En dan gebeur die skrikwekkende in vers 25. Jakob se twee seuns Simeon en Levi vat hulle swaarde en terwyl hierdie ouens in pyn is, maak hulle almal wreedaardig dood. Trouens, hulle plunder ook nog alles wat in die stad is en vat van die vrouens en kinders as gevangenes.

Vanaf vers 30 wys Jakob hulle op die konsekwensies van hulle optrede. Die Israelite sou nou gehaat wees en kon maklik nou deur die ander nasies verslaan word.

En dan maak die seuns die volgende uitspraak in vers 31, wat net so in die lug bly hang voor hoofstuk 35 begin: **Toe antwoord hulle:**

“Hy moes nie ons suster soos 'n hoer behandel het nie!”

En met hierdie vers wat in die lug hang begin hoofstuk 35 waar God aan Jakob sê hy moet weer na Bet-el gaan. Jakob beveel dat al hulle afgodsbeelde en ooringe begrawe moet word. Hy rig dan 'n altaar op en in vers 13 ook 'n klip pilaar en hy gooi 'n drankoffer en olie uit.

En dit is die oppervlak gebeurde...

h Die die dieper angel

God wat die kwaad ten goede gebruik

As 'n mens bietjie dieper kyk na hierdie gebeurde sien jy onmiddellik 'n paar dinge. Jy sien weereens dat daar 'n paar hindernisse is in die pad van die waarmaking van God se verbond. En jy sien dat God weereens vasbeslote is om dit te oorkom.

Tweehonderd jaar het verloop sedert Genesis 12. Die familie van Abraham het geweldig gegroei en hulle is weer in die land van die belofte!

Ons praat van *hindernisse*. Ons het tot nou gesien hoe God ten spyte van die problematiese karakter van Jakob en Esau voortgegaan het met

Sy verbond. Wat ons hier moet raaksien is dat wat by Jakob in 'n sekere sin blote leuens en plannetjies was het nou gegroei tot absolute geweld en brutaliteit by sy seuns. Verseker word baie van Jakob se eienskappe voortgesit in sy seuns, 'n mens dink net aan die misleiding van Genesis 34:13. By die Josef verhaal sal ons meer daarvan sien.

En die verrassende in hierdie hoofstuk is dat God die goeie kan voortbring en Sy verbond kan bevestig in en deur hierdie gedrag!

Ons het gesien dat wat as 'n persoonlike tragedie in Jakob se familie begin, as Dina misbruik word, verander in 'n ernstige bedreiging van die verbond. Kyk net weer na Gen 34:9-10. En weer vers 22.

Kom ons word familie van mekaar. Dan kan julle dogters met ons trou en ons dogters met julle. Dan bly julle hier by ons. Ons land is tot julle beskikking. Bly net hier of trek rond en kry julle eie grond hier by ons."

Hierdie mense sal egter net by ons kom bly en saam met ons een volk word as al ons mansmense besny word soos dit by hulle is.

Hier kry ons 'n aanbod tot ondertrouery. Verseker sou dit korttermyn voordele inhou op ekonomiese en sosiale gebied.

Maar op die langtermyn sou dit die verbond vernietig! Die hele verbondsvolk sou daarmee heen wees.

Ons het gesien hoe Simeon en Levi se optrede 'n finale stokkie voor hierdie moontlikheid van ondertrouery steek.

Moenie 'n fout maak nie. Hulle optrede was totaal onaanvaarbaar. Tog deurkruis God dit en gebruik dit om Sy verbondsbeloftes te hou.

As jy dit vreemd vind, dink só: As God net deur Christelike, godvresende gedrag in hierdie wêreld kon werk is daar nie baie wat Hy kan doen nie want hierdie is 'n sondebesmette wêreld.

Belangrik: God is nie verantwoordelik vir die sondige optrede van Jakob se seuns nie, maar Hy deurkruis dit as't ware en maak van die negatief daarvan 'n positief. Hy gebruik dit om die verbond te beskerm.

Terloops, onthou jy die vrees wat Jakob uitspreek in vers 30 dat juis a.g.v. hulle optrede die volk nou vernietig kan word.

Wel, kyk gou na Genesis 35:5:

Toe Jakob-hulle wegtrek, het God die mense van die stede in daardie omgewing so bang gemaak vir Jakob en sy seuns dat hulle nie agtervolg is nie

God hou sy verbond deur die kwaad heen!

Die waarskuwing om God nie soos 'n prostituut te gebruik nie

Die skrywer wil op dieper vlak iets méér hier sê. Hy wil vir ons wys dat te midde van God wat uit die kwaad goed kan laat voortkom is daar 'n groot gevaar.

Om dit raak te sien moet ons die vraag vra: “Waarom is hoofstuk 34 voor hoofstuk 35?” En: “Waarom eindig hoofstuk 34 só?”

Toe antwoord hulle: “Hy moes nie ons suster soos 'n hoer behandel het nie!”

Hierdie stelling hang as't ware in die lug met geen kommentaar verder nie.

As hierdie vraag van die seuns in 'n stelling verander word klink dit min of meer só:

“Hulle het geen reg gehad om ons suster te behandel soos iemand wie se gunste te koop is nie”

Hierdie stelling loop as't ware oor in hoofstuk 35 waar Jakob sy beloftes aan God betaal vir al Sy gunste. Onthou jy in hoofstuk 28:20-22, die eerste keer by Bet- El, stel Jakob voorwaardes en maak beloftes aan God. As God vir Hom deurkom, dan sal God Sy God wees, hy sal vir God 'n heiligdom oprig en hy sal sy 10des gee.

Alhoewel dit nie eksplisiet gesê word nie, word die laaste twee geloftes waarskynlik hier nagekom. Hy bou 'n altaar en waarskynlik het hy hier 'n 10de van alles geoffer – onthou daar was nog nie 'n tempel waarheen jy jou 10de kon vat nie.

Jakob betaal sy 10des – en vir die oplettende leser is die uitdagende vraag dus: ***Hanteer Jakob en sy familie God dalk as prostituut?***

Kyk, hulle het van Hom gekry wat hulle wou gehad het – in ooreenstemming met die vroeëre gelofte van Jakob by Bet - el in hoofstuk 28.

Hulle het van God gekry:

- Beskerming
- Voorsiening
- Terugkeer na die land

En nou het hulle die prys daarvoor betaal. Die 10des!

Die vraag is: “Is dit nie wat Sigm gedoen het nie?” Hy was gewillig om die bruidsprys te betaal en besnydenis te ondergaan (soos die 10de) om die *voordele van die verhouding* te verkry.

Wat die vermoede bevestig dat ons hier op die regte spoor is as ons op hierdie trant dink, is dit:

Hoofstuk 35 begin met Jakob wat sy familie oproep om ontslae te raak van die afgodsbeelde by hulle! (35:2). Nou dit is waarskynlik hoe Jakob die eerste deel van sy gelofte nakom – U sal my God wees.

Maar dit is insiggewend dat hier die heel eerste keer direk van afgode sprake is, behalwe vir die verwysing na Rebekka se huisgodjies in hoofstuk 31. Hier word ook verwys na ooringe. Opgrawings toon dat daar waarskynlik afgodsbeelde op die ooringe aangebring is.

Wat 'n mens maklik kan mis is egter die feit dat hierdie afgode begrawe is (vers 4). Nie vernietig nie. En dit is nie dieselfde ding nie. Om die waarheid te sê die Hebreeuse woord wat hier gebruik word het te maak met wegsteek. Dit is dieselfde woord as wat gebruik word in Jos 7:21-22 as Agan die goed wat met die banvloek getref moes word wegsteek.

Jy sal weet in die latere profete is Israel eksplisiet beskuldig dat hulle God soos 'n prostituut behandel het omrede hulle met afgode geheul het.

So die gevaar is dat God betaal word om Sy gunste te verkry, maar daar is ook ander gode by die volk, wat nie vernietig word nie, maar net weggesteek word. Die gevaar is dus dat die volk nie getrou aan God alleen is soos 'n man teenoor sy vrou moet wees nie.

As die onderliggende boodskap, die onderliggende waarskuwing hier teen die hantering van God soos 'n prostituut is, is, is dit ontsaglik ernstig. Hoekom?

Want in die hele Jakob verhaal laat God mense ondergaan dit wat hulle aan ander gedoen het.

Wat is my punt? Wil God dalk hier sê dat Israel dieselfde behandeling gaan ontvang as wat Simeon en Levi die mense van Sigem laat ondergaan het?

In daar dalk in die verwysing na besnydenis 'n sinspeling daarop dat *Israel se besnydenis* nie ernstig bedoel is nie? Is dit nie maar net as noodsaaklike ongemaklikheid ondergaan, sodat die langtermyn voordele van God se guns en beskerming geniet kon word nie. Dit alles terwyl ander gode ook gekoester is. As dit só sou wees, wel dan sou

hulle onder 'n oordeel kom wat baie erger is as wat die hierdie mense ondergaan het.

En is dit nie wat in Deuteronomium 28: 15-68 baie duidelik uitgespel word nie? Gaan lees dit gerus self.

h Nader aan jou lyf

God kan nie gekoop word nie. Hy kan nie gekoop word deur jou bywoning van eredienste en gee van bydraes en Bybelstudie en bywoning van kursusse nie. Nie deur jou bid voor ete, en jou vroeg opstaan in die oggende vir stiltetyd nie. Hy sit nie met 'n boek en skryf dit op en dink aan maniere hoe Hy jou kan terugbetaal hiervoor nie.

God het nie behoeftes waarin ons kan voorsien nie. God skuld ons niks en niks wat Hy kan gee, kan van Hom gekoop word nie.

Nee, Hy skuld ons niks en ons kan nie in Sy behoeftes voorsien nie, *maar* alle eer en aanbidding en ons geld en tyd – kom Hom toe! Hy is dit waardig. As jy dit nie aan Hom gee nie, steel jy dit as't ware van Hom.

Sien jy die verskil?

Die Reformasie het die groot waarheid besef dat God se vergifnis nie gekoop kan word nie: Dit is wat Luther op 31 Oktober 1517 uitstip in sy 95 stelling: Vergifnis kan nie gekoop word nie!

Niks van God se gawes/geskenke aan ons kan gekoop word nie.

Hoe voel God as ons dink ons kan Hom betaal vir wat Hy ons gee? Stel jou voor 'n kind van 6 jaar skryf 'n tjek uit en gee dit vir sy ma. "Hier is iets vir elke dag se verblyf in die huis, en al die etes en die klere...." Die ma sal verpletter wees.

Luister mooi: God kan nie betaal word vir Sy gunste nie en ons word nie beloon vir ons dien van Hom nie.

Ons staan *nie in 'n besigheids verhouding* met God nie! Hoor ons dit?

Hoekom gee Hy ons ontelbare seëninge en die grootse seën, Homself en 'n verhouding met Hom, in Jesus, God wat mens geword het. Hoekom? Omrede Hy ons liefhet! Nie omdat ons 'n teenprestasie lewer en Hy iets ouliks in ons sien nie, net so min soos daar iets oulik was in Jakob en sy nageslag!

Ons gee ook nie hierdie dinge sodat Hy meer kan gee nie!

Moet asseblief nie God as't ware dophou en kyk hoe Hy presteer as dit kom by teruggee nie! Ons kan God nie bevordering gee op grond van Sy prestasie nie.

“Ek het hierdie week getrou Bybelstudie gedoen – ah hierdie week sal dit seker beter gaan met die finansies nie,” of “ek het darem weer 'n slag onthou om te bid voor ek gaan slaap – nou sal dit beter met my skoolwerk gaan. Ek meen ek het al die tyd gemors om darem te bid vir my toets, Hy moet my laat deurkom!”

“Dit gaan sleg met my finansies, ek gee seker nie genoeg vir die werk van die Here nie... Ek moet tog onthou om dit reg te stel. Bietjie langer stiltetyd sal ook seker beter optrede van God se kant teenoor my tot gevolg hê. Ek sal graag wil sien hoe die Here dan reageer..”.

Onbewustelik doen ons dit. Kom ons stop dit. Dit grief die Here.

Jy kan nooit jou *skuld betaal* of vergifnis *bekostig* nie. Jy kan niks by Hom koop nie. Kom ons kry dit in ons koppe! Jou skuld is te groot - jy kan nie betaal nie.

En jy kan nie betaal vir dit wat Hy in jou plek betaal het op daardie Vrydag meer as 2000 jaar gelede op die heuwel Golgota nie.

Hoekom gee ons tyd energie krag en geld vir die Here? Nie omdat ons Hom iets skuld nie, nie omdat ons kan betaal nie -nee omrede ons Hom liefhet!

Maar hier is die uitdaging – het ons Hom *alleen* lief ? En wys dit deur ons tydsbesteding, ons gedagtes, ons woorde ons geldbesteding – of deel ons Hom met ander gode. Probeer ons Sy gunste kry, terwyl ons ons ook ander gode liefhet? Prostitusie.

Die gode kan baie vorme aanneem. Die nuutste is heerlike gemaklike godjies wat in ons hand pas!

Besef ons wat ons aan God doen? Wat ons sê? “U is nie meer belangrik as...” En vir Wie sê ons dit? Ons sê dit vir die Een wat ons kwaad, hierdie ontrou, op Hom geplaas het en Hy is in ons plek daarvoor veroordeel. Hy het Sy lewe, Sy bloed gegee om in ‘n getroue huweliksverhouding met ons jou te staan. Dit is jou en my God.

Kom ons bely ons afskuwelike sonde van ‘n besigheidsverhouding, ‘n prostituut verhouding met Hom. Dank God dat die vloek waarvan Deuteronomium 28:15 e.v. praat op Jesus neergekom het sodat ek en jy die seën van die nuwe verbond kan ontvang. Die seën van Jesus self in ons - die Heilige Gees (Gal. 13:13 e.v.).

Hoofstuk 18 *Genesis 37-40: Lesse geleer by Josef: (1) God werk stadig en soms pynlik*

h Wag en sukkel?

Ek dink nie ek is verkeerd as ek sê dat die gemiddelde moderne westerse mens, ja selfs ons wat onself Christene noem, hou nie van wag en sukkel nie.

Ons wil 10 minute 'n dag oefen en binne 'n week lyk soos 'n liggaamsbouer – sonder enige seer spiere.

Ons wil 10 maklike stappe vir 'n suksesvolle huwelik hê, sonder enige konflik.

En 5 stappe om probleme met jou tieners op te los sonde enige trane of gebed.

Ons wil 'n maklike gróót gedrukte Bybelstudiekursus van 'n week volg en absolute oorwinning oor sonde hê, sonder enige afskaling van iets anders in my lewe.

En daarmee saam, as ons nie elke dag voel God is *by* ons nie en as dinge bietjie skeef loop, as ons drome nie uitwerk nie, kom ons tot die konklusie: Hy is nie by ons nie.

Nou hierdie mentaliteit lei tot groot frustrasie in ons geestelike lewens, want sien God werk juis anders, soos ons nou al Genesis gesien het.

- In Genesis 3:15 beloof Hy aan die vrou daar sal Een kom wat die slang se kop gaan vermorsel. Dit sou vir duisende jare nie gebeur nie.

- Aan Abraham is ‘n groot nageslag belowe. Hy was 100 toe Isak gebore is en toe word hy nog gevra om hom te gaan offer ook. Die belofte dat al die nasies in sy nageslag, saad geseën sou word is nog steeds nie vervul nie. Meers as 4000 jaar later.

h Ons probleemvrye lewensideaal van kitsoplossing bots met die God wat ons in Genesis leer ken

In die gedeelte waarna ons nou kyk sien ons dit: Josef is ‘n slaaf in Egipte, as slagoffer van sy broers se jalousie en haat. Net soos Josef begin om weer die leer te klim as man wat toegewyd is aan God word hy onregverdiglik beskuldig en beland hy in ‘n tronk.

Was God by Josef?

Is God *by jou* as jy vir oënskyklik geen rede nie, swaarkry of siek word?

Kom ons kyk na hierdie gedeelte en probeer iets raaksien van God se tydskaal en werkswyse.

h Die groter prentjie

Ons het gesien hoe daar vanaf Genesis 12 gedurig uitdagings is vir die waarmaking van God se beloftes aan Abraham. Struikelblokke wat oorkom moes word.

Onthou jy? Kinderloosheid, hongersnood, vrouens wat in ander mans se harems beland, kinders by byvroue en noem maar op. God oorkom dit elke keer wonderbaarlik.

In die latere hoofstukke is die uitdaging: Kan God hierdie nageslag van Abraham gebruik vir Sy doelwitte in die wêreld? Jy kom diep onder die indruk van die karakter probleme in Isak, Rebekka en Jakob sowel as Esau. En ons het gesien wat doen Simeon en Levi!

Ons het egter nou gesien dat God die verkeerde daad van Simeon en Levi gebruik, deurkruis om die verbond te bewaar. Die volk van ondertrouery te bewaar. Onthou jy God bly getrou, die gevaar was dat hulle God soos 'n prostituut sou behandel.

Nou as ons kom by Josef se geskiedenis word ons weer gekonfronteer met die verbonds familie waarin daar erge probleme is. En die vraag is: “Gaan God met hulle voort? Moet hulle die lig vir die wêreld wees, hulle kom nie eers met mekaar klaar nie. Gaan God hulle bewaar?”

In Genesis 37 sien ons hoe die ouer broers die jonger broer haat en uiteindelik in 'n put gooi en verkoop! Dis die verbondsfamilie – God se mense!

As 'n mens wonder wat gaan van Josef nou word word dit onderbreek met hoofstuk 38 se rowwe verhaal van Juda en Tamar. Hierop wil ek nie nou ingaan nie. Die hoofstuk eindig vreemd met twee kinders wat gebore word en die jonger een wat met krag vorentoe kom en eerste gebore word. (Gen. 38:27 e.v) Nou die funksie van hierdie vreemde opmerking voor Genesis 39 berei ons die lesers voor om te verwag dat iemand soos Josef, die jonger een, wel bo kan uitkom bo die ouer een Juda wat tot op hierdie punt gedomineer het. Maar hoe kan en gaan dit gebeur? Gaan God betrokke wees?

Dit bring ons by hoofstuk 39 en ons vrae: “Is God teenwoordig by mense wat deel is van *sulke* gebrokenheid? Werk Hy in en deur sulke families?”

h God is by Josef en seën Hom (Potifar se huis)

Blaai gou na hoofstuk 39: 2!

Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly.

Ah, dit is hoe ons daarvan hou! God moet by ons wees en ons suksesvol maak – en hoe gouer Hy dit doen hoe beter. En hierdie sukses moet duidelik wees vir ons en almal om ons.

Wel, Josef was voorspoedig en hy was suksesvol.

Maar selfs dit het waarskynlik nie oornag gebeur nie hoor. Ja, die skrywer noem dit vinnig en gebruik net ‘n paar woorde – maar ek wil dit waag om te sê dat daar reeds hier ‘n langer pad was. Kyk,

- Josef mag dalk ‘n bietjie Egipties geken het, opgetel het toe hulle met handelaars te doen gehad het, maar om ‘n opsigters pos in Potifar se huis suksesvol te bedryf het verseker vereis dat hy hiërogliewe onder die knie moes kry! Harde werk! Lang ure!
- En dink aan die aanpassings wat hy moes maak om ewe skielik ‘n slaaf te wees – onthou hy het onder begin!
- Hou ook in gedagte dat Josef 17 jaar oud is teen hierdie tyd. Dink daaraan: Al die versoekings wat deel is van hierdie ouderdom, weggeruk van sy familie, taal, kultuur, en godsdiens omgewing.
- Hy is nou tussen ouens wat nie eers weet van JAHWE se bestaan nie. Tog hou hy vas aan God, en word selfs sterker in sy geloof deur God se genade.

Maar goed, wat ons moet raaksien is dat God se seëning, God se gee van voorspoed vir Josef ook nie soos ‘n outomatiese bank masjien gewerk het nie. Druk die kaart in en dadelik word die geld uitgespoeg nie.

Nee, God gee ons die begeerte en stel ons in staat om getrou te wees in wat ons doen terwyl ons op Hom fokus – en Hy werk deur *daardie* getrouheid van ons.

Terug na die verhaal: Potifar het op 'n stadium agtergekom dat God Josef seën. Hy het selfs agtergekom dat God, wat hy nie geken het nie, hom seën deur Josef (Gen, 39:5). Potifar maak hom dan ook nommer twee in sy huishouding. So nou is Josef, alhoewel nog 'n slaaf, in 'n posisie van geweldige gesag en groot voorregte.

As 'n mens in gedagte hou wat sy situasie was op die punt toe sy broers hom verkoop het, is hierdie ongelooflike sukses. Josef besef dit is net deur God se genade.

h God is by Josef – maar dinge loop skeef (Potifar se huis)

Ons word nie ingelig oor hoe lank Josef die kruin gery het in Potifar se huis nie. Wat die skrywer en die Heilige Gees wil hê ons moet raaksien is dat dit nie so gebly het nie, en dat hierdie posisie waarskynlik juis dit was wat bygedra het daartoe dat hy in die moeilikheid gekom het. Ons ken die storie...

Josef reageer betekenisvol in verse 8-9:

*Maar hy wou nie en hy het vir sy eienaar se vrou gesê:
"Meneer steur hom aan niks vandat ek hier is nie. Wat hy besit, het hy onder my sorg geplaas. Daar is niemand wat in hierdie huis meer gesag het as ek nie. Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!"*

Hier is nogal 'n paar belangrike waarhede wat Josef besef en ons leer ook hier iets omtrent hoe ons met sonde moet omgaan:

Josef besef sy

- Verpligting teenoor die bo hom - Potifar in sy geval.
- Die groot voorregte wat hy op daardie stadium geniet.
- Die absolute verkeerdheid van hierdie sonde.

- En dat sonde ten diepste nie iets is teen mense wat jou benadeel nie – nee dit is teen God.

Wat Potifar se vrou betref. Omrede sy nie 'n verhouding met die Here gehad het wat haar teruggehou het nie, gaan sy voort om elke dag by Josef aan te hou om saam met hom bed toe te gaan. Josef probeer sy bes om haar te ontduik, maar as al die ander slawe uit is vat sy die kans. En ons weet hoe hy letterlik van haar losskeur en vlug. 'n Stuk van sy kleed bly in haar hand agter.

Josef se optrede verskil nogal baie van sy broer Juda

- Josef het geweet hy gaan moeilikheid kry as hy nie met hierdie vrou slaap nie – en hy weier steeds.
- Juda sien 'n vrou, dink dit is prostituut en hy gaan steeds en slaap by haar. Hy sou niks verloor het om net verby te loop nie. Maar hy gee in en uiteindelik weet ons dit was sy skoondogter.

Terug by Potifar se vrou. Ons ken die verhaal. Sy is woedend dat iemand haar toenadering kan weier. Sy beskuldig hom by haar man en natuurlik is die afgeskeurde kledingstuk haar bewys. Nou ons weet nie regtig of Potifar haar geglo het nie. Kyk na vers 19. Dit lyk nogal of hy bietjie skepties was oor sy vrou se storie want normaalweg sou 'n slaaf gesterf het en nie in die tronk beland het nie.

Hoe dit ookal sy; Josef is in die tronk.

Onthou jy vers 2? Die Here was met Josef en Josef was voorspoedig.

Hy is nou in die tronk. Was God nog steeds met Josef, in so mate dat ons selfs kan sê God bestuur dit so dat hy in die tronk is, soos God bestuur het dat Josef suksesvol was en nog verder terug in tyd, sy broers in die veld opgespoor het?

Het God vir 'n oomblik aan die slaap geraak by die kontrole kamer van die kosmos en in daardie tydjie het Potifar se vrou opgetree met die uiteindelige gevolge dat Josef in die tronk beland?

Antwoord? Nee. Potifar stuur Josef uit eie keuse na die tronk, maar dit gebeur nie buite om God nie. God was in die tronk situasie net soos Hy, volgens Jesus, daar is en in beheer is as ‘n mossie op aarde val.

Jy voel dalk op die oomblik of jy in ‘n tipe tronk is. Dalk fisies, dalk emosioneel. Dalk in ‘n verhouding. En jy vra: Waar is God? Is Hy bewus hiervan? Voel Hy iets?

Josef het waarskynlik dieselfde gevoel. Ek twyfel of Josef gesê het. “Ag wat God is in beheer, so hierdie tronk storie is eintlik heel lekker.” Ek twyfel.

Kyk ons moet weet: God het nie met Josef gepraat nie. Hy het nie in ‘n droom aan hom verskyn en verduidelik wat Hy doen nie.

Om die waarheid te sê, ons is in ‘n baie beter posisie as Josef om te weet wat aangaan.

Wat het hy gehad om aan vas te hou?

- Stories van God se getrouheid – Abraham, Isak en Jakob.
- ‘n Droom as jong seun.

Ons? Wel die volle openbaring in Jesus (Heb. 1:2) Ons weet hoe God werk in Jesus en daarom in Sy kinders.

Terug na Josef. God is by Josef – verseker, maar Sy planne is nie sigbaar en duidelik vir Josef nie. En meer nog God se planne bereik nie vervulling oornag nie. Josef moet wag vir God se perfekte tydsberekening. En hy het.

h God se teenwoordigheid en seëning in die tronk

Lees Genesis 39:20b-23

Terwyl Josef daar in die tronk was, was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind,

sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het. Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik, en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, want die Here was by hom. Wat Josef ook al aangepak het, die Here het dit laat slaag.

Klink dit bekend? Dit is feitlik dieselfde woorde wat gebruik word om Josef se vooruitgang in Potifar se huishouding te beskryf.

Weereens gaan Josef 'n nuwe situasie binne. Weereens bevind Josef homself aan die onder kant – 'n nuwe ou in 'n tronk is heel onder.

Maar – weereens is die Here met hom. Selfs in die tronk wys God vir Josef Sy onveranderlike liefde. Hy seën Josef. En weereens werk Josef toegewyd. Hy kerm en kla nie. Verseker verstaan hy nie alles nie – maar hy vertrou God is aan die werk en hy maak homself bruikbaar, of stel homself tot beskikking van die ander ouens in die tronk.

En dit gaan nie ongesiens verby nie. Die tronkbewaarder sien dit. Josef se talent, vaardighede en toegewydheid. En uiteindelik maak hy Josef sy assistent.

Let egter op dat Josef geen begeerte het om in die tronk te bly nie. Selfs al het hy 'n posisie daar bly dit steeds die tronk. So hy wag en bid en hoop.

En op 'n dag verander die omstandighede dramaties. Senior ouens in Farao se diens word in die tronk gegooi. Ons ken die verhaal. Die skinker en die bakker. Josef moet 'n ogie oor hulle hou want iets het gebeur wat Farao agterdogtig gemaak het oor hulle. En in daardie tyd was vergiftiging baie algemeen en hierdie twee ouens was in die posisie om dit te doen. Farao vat geen kansie nie en gooi hulle in die tronk.

Josef sien hier 'n geleentheid om uit die tronk te kom! (vers 14-15). Ek meen as hierdie senior ou, die skinker net met die koning oor hom sal praat.

So Josef pleit dat hierdie ou hom sal onthou.

Ons weet hoe alles uitdraai soos Josef verklaar het. Die bakker is daarmee heen en die skinker word herstel.

Jy kan jousef voorstel hoe opgewonde Josef moes wees: “Uiteindelik! Nou gaan dit gebeur.” (Dink net hoe lekker gaan dit wees om sy pa weer te sien en Benjamin).

So God was met Josef selfs in die tronk. God het hom aansien gegee en geseën in daai tronk. Hy het God se liefde daar beleef. Maar hy is steeds hier. Gaan God hom nou uithaal en gaan hy terugkeer na die bekende lewe wat hy gehad het?

h God se teenwoordigheid en leiding in die tronk

Die woorde van Genesis 40:23 sny diep.

*Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink
nie, hy het van Josef vergeet.*

Die eerste frase van hoofstuk 41 is nog harder...

Twee jaar later het die farao 'n droom gehad

Josef se hoop het opgevlam. En jy weet hoe dit is as jy hoop gekry het oor iets en daardie hoop word dan verydel. Dit is eintlik dan beter dat jy geen hoop gekry het nie. Ek kan my indink hoe hy elke dag as hy sleutels oor knars en voetstappe hoor, gevoel het hoe sy hart vinniger klop met hoop.

Maar elke keer is dit net 'n lugspieëling. Niks. Dae, weke, maande, jare.

Hy is steeds in die tronk. Onskuldig onthou.

Verseker het Josef vra gevra. “Hoekom het God hom hoop gegee net om dit weer te verpletter?”

Vrae wat ons nooit kan beantwoord nie. Wat ons wel aan kan vashou en wat die skrywer wil hê ons moet aan vashou is dit: *God was in dit alles by hom, al het gebeure op die teenoorgestelde gedui.*

Dieselfde God wat hom aanvanklik sy broers laat kry het. ‘n Mens mis maklik die opmerking in hoofstuk 37:17. Het jy al gedink wat sou gebeur het as hy hulle nie gekry het nie? God was daar en ons ken die einde van die Josef verhaal – maar meer daaroor in die volgende hoofstuk.

God is in alles teenwoordig.

h Nader aan jou lyf

Jy is dalk op die oomblik in die posisie van Josef. Of jy was al vir korter of langer tydperke in sy posisie. Vasgevang in ‘n tronk situasie. ‘n Vreemde, bedreigende, verwarrende situasie. Fisies, geestelik, emosioneel. Ons wat al jare wag op gebede wat nie beantwoord word nie, of beleef het dat dit gelyk het dit word beantwoord net om te vind ons het verniet opgewonde geraak oor iets wat soos verhooring gelyk het.

Kan ons geloof hê in God se teenwoordigheid? Kan ons weet God is by ons?

Ja verseker. Hy is by ons as dit goed gaan en as ramspoed ons tref. Nie net omrede Romeine 15:4 waar is nie. Jy ken nou al daardie vers wat onderstreep dat die Josef verhaal bedoel is om ons te vertroos.

Maar ons kan ook weet dat God by ons is omrede Josef verseker ‘n tipe van Jesus is.

Dink bietjie. Jesus is ook verraai, verkoop deur die naaste aan Hom. Dit het ook gelyk asof Jesus wanneer Hy aan die kruis hang deur God verlaat is. Maar ons weet. Waar is God besig met Sy grootse werk? Waar was Hy werklik teenwoordig? Daar aan die kruis!

Ons weet uit die Nuwe Testament dat Jesus die eerste nuwe mens is, en dat ons die pad stap wat hy gestap het. En let wel dit is die Geesvervulde lewe. Jesus was met die Gees vervul toe Hy verkoop en verraai en aan die kruis gehang het.

So wat is die bemoediging vir ons in die Josef verhaal?

Byt net vas julle swaarkry sal verbygaan en nie te lank wees nie? Nee! God gaan binnekort vir julle rykdom en beroemdheid gee? Nee!

Vir ons wat nie hou van sukkel en swaarkry nie, ons wat kitsantwoord en oplossing wil hê. Leer uit Josef se verhaal eers net dit:

God werk stadig en is teenwoordig in en deur moeilikhede en probleme. Dit is waar jy Hom kry.

Hy is by jou juis in hierdie dinge. Hy het jou lief al gebeur die vreeslikste met jou. Al is jy deel van 'n gebroke familie, gebroke gemeente...

Ek weet dit klink so gewoon. Ek weet jy weet dit waarskynlik. Maar glo jy dit? Wys jou reaksie dat jy dit weet, as dinge skeefloop en as God nie dadelik vir jou deurkom nie? Ek los jou om daaroor te gaan dink.

Hoofstuk 19 *Genesis 41-47 (Gen 45:5-8): Lesse geleer by Josef: (2) Hoe God ‘n minus in ‘n plus verander.*

h *Is God verantwoordelik?*

Kom ons neem nou die Josef verhaal verder onder die loep en vra die vraag: “Is God verantwoordelik vir sonde, swaarkry en lyding? Hoe strook dit met Sy liefde, heiligheid en almag? Raak my lyding Hom of is Hy net *by my*, maar emosieloos, koud? En waarheen is Hy op pad met my swaarkry, is daar enige sin in?”

Dit is sekerlik sekerlik die grootste kwelvraag in die Christelike geloof: Die verhouding tussen God en die kwaad, sonde en lyding.

Dit is natuurlik die hele leerstuk van die sogenaamde *voorsienigheid van God* waarvan ons praat. As ons van voorsienigheid praat gaan dit natuurlik nie oor God wat voorsien in die sin dat God vir ons sorg nie. Dit gaan oor die feit dat God dinge *vooruit* sien. Wat met voorsienigheid bedoel word, word gewoonlik ook net uitgedruk deur die geloof in God se soewereiniteit. Dat hy doen wat Hy wil, soos en wanneer Hy wil.

h *Totius se gedig*

Die bekende Afrikaanse digter Totius, het na die tragiese dood van een van sy kinders, ‘n gedig, getiteld “Die Godsbesluit”, op papier gesit. In hierdie gedig sê hy ten diepste dat hierdie *voorsienigheid van God* hom laat dink aan die wag -‘n –bietjie-bos voor die “onheilswoning” waar sy kind gesterf het.

*“Wanneer ek nader kom dan sien ek dorings krom en
reg;
'k sien takke inmekaar gedraai
en deurmekaar gevleg.
En wil ek in die blare gryp
of aan die takke breek,
dan tas ek in 'n doringnes wat vreeslik haak en steek.*

*Bo al u donker bome, o Heer,
Groei my 'n enk'le reusboom uit
Dit is die wag-'n bietjie- bos
van u besluit
Van ver so skoon, so groen, so blink...
Maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat 'n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit
Dan gryp ek in die dorings vas*

In die Genesis 45:5-8 kom ons te staan voor die troosryke maar terselfdertyd uiters geheimenisvolle waarheid van God se vreemde werking in die lewens van sy mense. Kom ons kyk hierna³.

h Alles sonder meer die wil van God?

Die vraag wat onmiddellik by 'n mens opkom is dit: “Beteken die voorsienigheid van God, soos na vore kom in die gelese verse, dat alles sonder meer die wil van God is? Gebeur daar in hierdie wêreld nie ook baie dinge teen Sy wil nie? Is dit Sy wil dat 'n jong kind in 'n swembad verdrink, dat 'n onskuldige vrou verkrag word?, of is dit *teen* Sy wil? En wat van die sonde?”

³ Van die insigte in hierdie hoofstuk is verkry uit 'n preek en lesings van wyle Prof. WD Jonker, onder wie ek bevoorreg was om te kon studeer.

Dink aan ons gelese gedeelte. Die sondige haat in Josef se broers se harte wat die oorsaak was dat hulle hom eers in 'n put gegooi en daarna verkoop het; die sondige wellus in die hart van Potifar se vrou wat Josef in die tronk laat beland het waar hy kennis gemaak het met die farao se skinker, wat uiteindelik aanleiding gegee het tot sy onderkoningkap van Egipte – was hierdie sonde God se wil?

Is sonde dan nie per definisie teen God se wil nie? Ek meen wys die kruis nie juis vir ons dat sonde teen Sy wil is nie? Dat Hy anders is as die sondige mens nie?

Jy krap waarskynlik nou jou kop. Hierdie dinge is net nie so eenvoudig nie. Wanneer 'n mens stoei met die vraag *waarom God dan nie die kwaad verhoed nie*, is daar basies 4 moontlikhede waarby jy kan uitkom:

- 1) God kan nie (Maar dan is Hy mos nie almagtig nie?)
- 2) Hy wil nie. (Maar dan is Hy mos nie regverdig en goed nie?)
- 3) Hy kan nie en Hy wil nie (Maar dan is Hy mos beide onmagtig en kwaadwillig?)
- 4) Hy kan en Hy wil. (Maar waarom lyk die wêreld dan soos wat dit lyk?)

Voel jy ook hoe steek die dorings?

h Josef: Sy pynlike pad

Ons moenie dat die gelukkige einde van Josef se verhaal ons verlei om te vergeet van die smart wat daaraan voorafgegaan het nie. Dit is 'n lang en pynlike pad wat lê tussen die velde van Dotan en die onderkoningkap van Egipte- lank en pynlik genoeg om van Josef 'n verbitterde, siniese mens te kon maak.

Van skeptisisme en sinisme vind ons egter geen spoor by Josef nie. Hoe weet ek dit? Wel, nie net op grond van Genesis 45:5-8 nie, want daar

gaan alles al weer baie goed met hom. Nee, sy optrede gedurende die moeilike dae laat blyk dat Josef nie sy rug op God en sy wêreld gedraai het nie.

Ons het dit in die vorige hoofstuk gesien. Josef bly geïnteresseer en betrokke by sy medemens. Hy dien Potifar na die beste van sy vermoë. Bevind hy hom in die gevangenis dan is hy een twee drie die tronkbewaarder se regterhand. Wanneer sy medegevangenes, die skinker en die bakker, die nag hul ontstellende drome gehad het, merk Josef dadelik dat haper iets en wil hy weet “Waarom lyk julle vandag so bedruk?” (Gen 40:7) Nadat hy die Faraos se drome uitgelê het, is hy dadelik gereed met praktiese noodlenigings voorstelle met oog op die dreigende droogte.

h Josef: Waarom sy wêreld nie in duie stort nie

Hoe op aarde is dit moontlik? Waarom stort Josef se wêreldjie nie in duie onder die harde houe van die lewe nie? Ek dink Genesis 45:5-8 verklap die geheim.

Diep in sy hart het Josef geweet, ten spyte van allerlei twyfel vrae wat hom seker ook maar geteister het: God self is op een of ander wyse betrokke by wat met my gebeur. Ook in die donker was God digby. Ons het dit in die vorige hoofstuk gesien in **Gen 39:21**. Onthou jy? God het Josef Sy troue liefde selfs in die tronk laat ondervind.

En dit het Josef laat beseef, te midde van vertwyfeling: die situasie is onder beheer. Dinge kan nie hand-uit ruk nie. Hand uit (hoofletter) nie.

En toe sy broers die dag kom koring koop, toe pas die legkaart skielik:

God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom.

Dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God (Gen 45:7,8)

En die Heilige Gees wil hê ons moet dit sien!

h God se stuur en die broers se verkoop

Let egter op dat hoewel Josef sy broers troos, hy hulle hoegenaamd nie verontskuldig nie. Dit is wel nie hulle wat hom na Egipte gestuur het nie maar God, maar hulle het iets anders met hom gedoen: hulle het hom verkoop.

In Genesis 45: 4 sê hy uitdruklik dat hulle hom verkoop het en hy herhaal in vers 5. Let wel: Josef sê nie dat God hom verkoop het nie. Sy broers het hom verkoop, maar God het hom gestuur.

Maar hy het vir hulle gesê: "Kom na my toe!" en toe hulle nader kom, sê hy: "Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.

En laasgenoemde is geen verontskuldiging vir eersgenoemde nie. Wat hulle gedoen het was TEEN God se wil. Kyk na **Genesis 50:20!**

Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het. (83 vertaling) Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou. (53 vertaling)

Ons kan sê God dink die kwaad ten goede.

Hoewel God se daad hulle kruis en dit histories selfs saamval met hulle daad, is dit tog twee totaal verskillende dade. “Verkoop” is heeltemal iets anders as “stuur.”

Daarom moet ons daarteen waak om reglynig alles wat gebeur toe te skryf aan God se wil.

In 1 Tessallonisense 2:18 kla Paulus dat hy telkens tevergeefs gepoog het om die gemeente te besoek. Die rede daarvoor skryf hy nie aan God se wil toe nie, maar hy verklaar: *Die satan het ons verhinder*. Ons moet dus versigtig wees vir simplistiese konklusies en raad.

h Nie net verskillend maar teenoorgestelde

Wat God doen en wat Josef se broers doen is nie net verskillend nie, maar ons moet selfs sê dit is twee teenoorgestelde dade.

Die agtergrond van hulle daad is haat; die agtergrond van sy daad is liefde.

Die doel van hulle daad is om hom smart te berokken; die doel van sy daad is redding. Hulle daad is ‘n onheilsdaad, sy daad is ‘n heilsdaad.

h God deurkruis die minus met ‘n plus

God se daad kruis nie net hulle daad nie; Sy daad deurkruis selfs nie net hulle daad in die sin dat Hy dit uitkanselleer nie; Sy daad deurkruis hul daad in die sin dat hy die minus van hulle daad deurkruis tot ‘n plus

Jy sê jy verstaan nie? Wel ek ook nie. Hier word ons trotse denke se nek gebreek. Ons verstand steier hier. Maar hier word ons ook verlos van angs. Spekulasie het nie hier ‘n plek nie. Aanbidding en ‘n loflied is hier meer toepaslik

Wat jou omstandighede ookal mag wees, moet tog nooit dink God verkoop jou nie. Hy verkoop nooit nie, Hy koop. (1Kor. 6:20). As jy

twyfel, kyk na Golgotha. Daar het God die minus van sonde deurkruis tot die plus van Sy genade.

Kom ons lig nog enkel dinge uit wat ons moet raaksien in God se soewereine werking.

h God gebruik juis dit wat Sy verbondsbeloftes bedreig vir die waarmaak daarvan

Dit is fassinerend om te sien hoe Josef sy broers as't ware toets in hoofstuk 42-44 voor die onthulling in Genesis 45:1-15. Hoekom? Wel doelbewustelik wil hy sien of hulle karakter verander het. En wat die skrywer onder leiding van die Gees wil hê ons moet sien is dit: God het nie net die struikelblok van hulle karakter oorkom deur hulle te transformeer nie, maar Hy oorkom ook die struikelblok wat deur hulle misdade teenoor Josef (in jalousie) in die pad van die verbond gerol is *deur daardie selfde kriminele dade te gebruik om Sy plan te volbring.*

h God se verbondsmatige werking behels rentmeesterskap en verantwoordelikheid

Dit is uiters belangrik om te verstaan dat God nie net Sy verbond in stand hou en waar maak deur alles heen nie, maar ons moet verstaan Hy werk altyd verbondsmatig, bedoelende dat Hy ons as sy bondgenote ernstig opneem. Met ander woorde Hy hanteer ons nie soos poppe of stokke nie. Nee, ons maak keuses en ons dra die konsekwensies. En dit geld vir ons wat in die nuwe verbondsverhouding met die Here staan as die vervulde Abrahamverbond, maar dit geld ook in 'n sin vir alle mense wat of hulle dit wil weet of nie as rentmeesters op hierdie aarde geplaas is.

Kom ek stel dit so: God bind Homself by wyse van spreke aan Sy verbondsverhouding met Sy mense. As Hy elke keer gaan keer en

ingryp as ons deur dwaasheid en sonde ellende oor ons bring dat sou Hy nie meer verbondsmatig optree en ons eerlik as bondgenote en rentmeesters hanteer nie.

Daar is dus geen plek vir fatalisme as ons dink oor die soewereiniteit van God nie. “Ag wat ek gaan oor die straat hardloop – as God wil hê ek moet sterf sal ek indien nie, sal ek nie....”

God wat Homself bind aan Sy verbond met mense sluit fatalisme uit. Ag, dink maar net aan God en Moses se argument en gesprek in Eksodus!

h Wat lyk soos God se straf is dikwels ‘n verborge seëning

Blaai gou na Genesis 42:28 en Genesis 43:23. Sien jy dit? Reeds by hierdie geleentheid het die broers tot die konklusie gekom dat God hulle wil straf as hulle die silwerbekers in hulle sakke vind, maar Genesis 43:23 maak dit eksplisiet duidelik: Wat hulle sien as ‘n handeling van God *teen* hulle is uiteindelik ‘n verborge seëning!

En dit is maar presies wat Genesis 45:5-8 weer beklemtoon.

h God se doelwit: Die waarmaking van Sy verbond

Ons het nou reeds daarna verwys, dat God se einddoel totaal anders was as die van die broers. Maar kom ons kyk weer daarna.

Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red. Gén 45:6 Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. Gén 45:7 God het my voor julle uit gestuur

*om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly,
om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die
dood sal ontkom. (Gen. 45:5-7)*

Dit is fassinerend om te sien hoe Josef in Genesis 37:14 gestuur is om te gaan omsien na die welvaart van sy broers. Weereens mis 'n mens dit maklik. Onthou sy broers is die verbondsnageslag. Op daardie punt is dit onmoontlik om te antisipeer op watter groot skaal dit uiteindelik waar gemaak gaan word. Luister net na hoofstuk 47:11-12:

*Josef het sy pa en broers in Rameses laat woon. Hy het
vir hulle in die beste deel van Egipte eiendom gegee
soos die farao hom beveel het.*

*Hy het sy pa en broers, sy hele familie met kinders en
al, van kos voorsien.*

En ja, uiteindelik was Josef soos ons weet instrumenteel om die hele bekende wêreld van daardie tyd te seën deur aan hulle voedsel te gee in die hongersnood. 'n Geweldige afbeelding van waarmee God besig is.

Ons moet hieraan vashou: Die God waarmee ons te doen het staan vir lewe, staan vir redding, staan vir verlossing. Of kortom, Hy maak Sy verbondsbeloftes waar in en deur *alles*. Sy verbond wat gesluit is om te red, om te verlos, om heel te maak, om die vloek van die sondeval om te keer. Hy staan dus teen die vloek vir seën.

En nou weet ons die uiteinde van Sy verbondsbeloftes is die seën van al die nasies deur die saad van Abraham.

Dit is hoekom Hy die volk aan die lewe hou deur die sondige dade van die broers heen.

Onthou: Jesus Christus en wat met Hom gebeur is die sleutel tot die verstaan van waarna God op pad is met lyding.

Hy is die Een in wie die verbond waar gemaak word. Hy vervul die hele “Ek wil vir jou ‘n God wees” kant van die verbond. Hy vervul die hele

“jy moet my mens wees” kant van die verbond in ons plek. As ons kyk na Sy sterwe en opstanding sien ons duidelik hoe God werk en wie Hy is.

God se einddoel met jou, ja alles wat met jou gebeur IS JESUS CHRISTUS. Hy is die eindpunt van God se verbondsbeloftes. Die hele punt van die verbond naamlik ‘n verhouding met God word in Hom verkry!

h Opsommende gedagtes

Kom ons staan terug en probeer opsom wat ons in die laaste twee hoofstukke geleer het:

- Dit is belangrik dat die voorsienigheidsgeloof van die Christen, of as jy wil die soewereiniteit van God, nie te doen het met die deterministiese afwenteling van ‘n voorafbepaalde wêreldplan, of met die noodgedwonge aanvaarding van toevallige en planlose handeling van ‘n willekeurige God nie.
- Voorsienigheidsgeloof het te make met die *heilswil* van die lewende God wat uiteindelik in Christus Jesus, die saad van Abraham, getrou bly aan Homself en daarom ook aan sy skepsele. Sy bondgenote.
- Ons glo in God se voorsienigheid nie omdat wêreld gebeure soseer daarop dui dat alles mooi en goed en duidelik uitwerk nie.
- Ons glo in God se voorsienigheid omrede ons die Skrifgetuienis het omtrent hoe Hy werk hier in die Josef verhaal en spesifiek omrede Jesus gesterf en opgestaan het.
- En Hy ly en sterf, maar Hy staan op verheerlik, nuut tot in alle ewigheid.

- Dit beteken nie dat ons nou nou al die ‘waaroms’ en die ‘waarheens’ ken nie, maar wel dat ons die verbonds God ken God wat in Jesus Christus, *Vader* geword het.
- En omdat dit so is kan die Christen se voorsienigheidsbelydenis saamgevat word in die woorde van die apostel Paulus: “*En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is*”(Rom 8:28).
- Wat is die ten goed? Ons weet: Gelykvormigheid aan Sy Seun. Jesus. Die uiteidelike verbondsbelofte! Hy wil jou soos Jesus maak, Een wat ly en sterf maar verheerlik is, en in die lyding ander liefhet!
- Hierdie Skrifwoord bevestig natuurlik ook dat God daarvoor sorg dat hierdie heilswil nie verydel word nie. Daarom is Hy in beheer van ‘alles’, en laat dit ten goede meewerk. In hierdie alles gaan dit om meer as net al die dinge wat oor die pad van die gelowige kom.
- Dit bring tot uitdrukking dat die beheer van God ‘n totale karakter het. Met die oog op die heil wat Hy wil, is God in die mees allesomvattende sin teenwoordig en werksaam - ook *teen* dit wat sy wil probeer weerstaan.
- Hierdie troosvolle teenwoordigheid word deur Christus in Matt 10:29-30 uitgelig. Let tog op dat die teks nie sê dat God die mossie op die aarde laat val nie, maar wel dat Hy *daarby* en in *beheer* van die situasie is
- Omdat hierdie God **PERSOON** is, is my en jou posisie wat teenoor Hom staan , anders as wat ons posisie sou gewees het teenoor ‘n onpersoonlike noodlotsmag.

- Teenoor so 'n mag waarin alles reeds vooraf bepaal is, verloor jy alle vryheid. Teenoor die lewende God behou jy jou vryheid.
- Nooit word jy die magtelose en gemanupileerde slagoffer van 'n vasgelegde plan nie, maar elke oomblik staan jy vry en verantwoordelik in verhouding tot die God wat van jou as God se saakwaarnemer op aarde gehoorsaamheid vra.
- Maar belangrik, selfs waar jy die weg van *ongehoorzaamheid* kies, bly God in beheer van die situasie. Jou en ander se weerstand en die gevolge daarvan deurkruis Hy op so 'n wyse dat dit Sy doel dien. Sy doel van heil en uiteindelijke seen.

As jy op hierdie oomblik worstel en sukkel met hoekoms en waaroms. Hou vas aan hierdie waarhede.

Hou vas daaraan dat God goed is. Vertrou God. Hy sal Sy verbondsbeloftes waarmaak en daardie verbondsbeloftes hou seen en heil vir jou in. Dit is ten diepste JESUS CHRISTUS IN JOU nou en dieselfde posisie as Jesus eendag as Hy weer kom.

Hoe lank dit gaan vat voor jy dit beleef, dit kan ek nie antwoord nie. God se tydskema is duidelik nie ons sin nie.

Maar kyk na Jesus en vertrou God.

Hoofstuk 20 *Genesis 50: Slawe van die God wat gans anders is*

h Slaaf wees?

Ek wil begin met ‘n 2 stellings:

- 1) Christen wees het alles te make met slaaf wees van God.
- 2) Baie Christene verstaan nie wat dit beteken om slaaf van God te wees nie omrede hulle nie weet wie God is nie.

Ek is oortuig dat die Heilige Gees uit hierdie laaste verse van Genesis hierdie waarheid en hierdie probleem wat ek nou verwoord het, belig.

Anders gestel, ek is oortuig dat die skrywer onder leiding van die Gees eerstens vir die volk Israel en op ‘n volgende vlak vir ons, wil laat verstaan dat om aan God te behoort beteken slaaf wees van God. Slaaf wees van ‘n God wat totaal anders is as wat ons gewoonlik dink.

Ek wil waag om te sê dat die toets of jy Genesis verstaan het, hierin lê. Verstaan jy wat dit beteken om slaaf van die gans andere God te wees?

h Die verse in perspektief

Kom ons kyk net vinnig na wat ons hier sien in vers Genesis 15-20. Op hierdie stadium is Josef se hele familie in Egipte. Hulle bly in die beste deel van die land met oorvloed. Kyk gou weer na Genesis 47:11-12

En Josef het vir Jakob en sy broers woonplekke aangewys en aan hulle besitting in Egipteland gegee, in die beste deel van die land, in die landstreek Raämses, soos Farao beveel het. En Josef het sy vader en sy

*broers en die hele huis van sy vader met brood
onderhou ooreenkomstig die getal van die kinders*

Terloops, in die res van die bekende wêreld van daardie tyd het daar hongersnood geheers.

Maar nou was Jakob dood en onmiddellik, maar verstaanbaar, dink die broers dat Josef hulle nou gaan vergoed vir die kwaad wat hulle gedoen het. Let op: Hulle voorsien dat Josef hulle as vyande gaan behandel.

En hulle stuur 'n brief, 'n boodskap aan Josef waarin hulle vader sou pleit dat Josef hulle sal vergewe. Maar net in geval Josef nie heeltemal hierby sou inval nie besluit hulle om hulleself as slawe tot beskikking van Josef te stel – dit is darem beter as om vyande te wees.

En dan maak Josef hierdie veelseggende uitspraak in vers 19 wat belig word in vers 20:

Maar Josef het hulle geantwoord: Moenie bevrees wees nie; want is ek in die plek van God? Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou. Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.

Wat sê Josef ten diepste hier? Wat wil die skrywer van Genesis hê moet ons sien? Wel dit: Die broers moet verstaan dat *Josef* wel so sou kon optree soos hulle gevrees het, maar hy is nie God nie.

Met ander woorde God is anders as Josef. Anders as 'n mens in 'n magstposisie. En dan maak Josef dit duidelik hoe is God. Hy wil goed doen. Hy wil 'n volk aan die lewe hou. En hy het dit gedoen al wou hulle kwaad doen. Dit is wat God wil doen. So hulle moet weet dit is in

elke geval nie Josef wat hulle aan die lewe gehou het en nou in staat is om hulle te vergeld nie. Nee, God is aan die werk hier. En Hy is anders. Kyk na die verse in Genesis 50:24-25:

Josef het vir sy broers gesê: "Na my dood sal God na julle omsien en Hy sal julle uit hierdie land uit laat trek na die land toe wat Hy met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob." Josef het die seuns van Israel met 'n eed laat beloof: "Wanneer God na julle omsien en julle laat trek, moet julle my liggaam van hier af saamvat."

h Die diep gewortelde probleem: God is soos ons

Die tuin

Josef se broers se woorde ontbloeit die probleem wat van die begin in Genesis duidelik is. God skep die wêreld as Sy Kosmiese tempel, Sy huis, waar Hy wil woon, saam met mens in 'n intieme verhouding. Die betekenis van slaaf wees van God moet hier gekry word.

Onthou 'n slaaf in hierdie tyd was iemand wat geheel en al behoort het aan Sy eienaar en Sy eienaar kon doen met hom wat hy wil. In die tuin sien ons hoe lyk God se slawe. Alles is vir hulle gegee. Hulle kon dit net ontgin. Hulle wandel met God.

Maar die tragedie? Die mens betwyfel dat God net goed bedoel. Hy luister eerder vir die slang se verdraaiing van God se woorde. En ten diepste is die probleem natuurlik dat die mens gedink het God is soos hy. As hy God was sou hy bang wees die mens word soos hy, soos die slang suggereer. As hy God was sou hy beperkend wees en nie wou hê daar moet vryheid wees om van al die bome te eet nie.

Babel

Onthou jy die toring van Babel? Ek het genoem dat die toring niks anders was as die *ziggurat* wat algemeen onder die heidene van die tyd was nie. Nou so 'n *ziggurat* was toegewys aan spesifieke gode. Daar was 'n bed en tafel bo vir die god. Dit was nie die tempel vir die god nie, nee die tempel was langs die *ziggurat*. Dit was eintlik 'n trap vir die god na bo en onder. Dit was daar om die god te versterk op sy pad. 'n Halfweg stasie.

So bo aan die Ziggurat was die hek van die gode, onder die tempel. Die hele kompleks was dus daar om *dit gemaklik te maak vir die god om af te kom en op te gaan, aanbidding daar te kry in die tempel en dan hulle te seën daarvoor.*

So wat is die oortreding, wat is die sonde? Wel onthou die Een vir wie hierdie *ziggurat* gebou is, is die ware God. Die God van Genesis 1- tot 3. Die Een wat alles en die mens geskep het vir Homself. Wat die hele kosmos as Sy tempel het. Wat totaal anders is as die mens maar tog in verhouding met die mens wil wees.

Wat die mense hier doen is nie om meer soos God te wees, soos Adam en Eva nie. Nee, hulle *maak God soos hulle.*

Hier is iets meer as afgodery. Hier is 'n *degradering van die aard van God* deur Hom voort te stel as *een wat behoefte het.*

Hoe meer God soos 'n mens raak, hoe makliker natuurlik om te glo.

Maar soos ek genoem het toe ons hierna gekyk het - dan het beide net menslike apteite. En dan kan sedelose kriminele 'n sedelose kriminele god aanbid.

Hierdie probleem was Josef se broers se probleem, Israel se probleem later en dit is steeds die probleem waarmee ons worstel.

h Die doel van die verbond: Hoe is God?

Die hele doel van die verbond wat God met Abraham sluit is om weer vir ons, gevalle mense, te wys hoe God is. Dat God anders as mense is. En dit is hierdie God wat wil hê ons moet Sy slawe wees, maar slawe soos Abraham God se slaaf was – niks anders as ‘n vriend in ‘n heerlike vaste, veilige, eed-gesweerde, huweliksooreenkoms waarin God belowe om Sy God te wees nie, en hy uit dankbaarheid en met vreugde God se mens moes wees.

Maar hoe is hierdie God? wel hierdie God is anders as ons.

God kies die wat mense nie sou kies: Hieruit blyk Sy grootheid en andersheid.

Dwarsdeur Genesis sien ons hoe God die jongste of die geringste of die onverwagte, kies.

Hy kies Abraham, iemand uit ‘n gesin wat afgode aanbid het volgens Josua 24:2. Hy kies die jongste **Jakob en nie Esau**. En wie was Jakob nie! Hy kies Josef die tweede jongste seun om uiteindelik die volk te bevry.

Maar uiteindelik kies Hy ook Juda, die oudste met sy twyfelagtige lewe om die een te wees wat die stam in die toekoms gaan wees waaruit Jesus gebore sou word. Nie Josef. Efraim word bo Manasse gekies...

God kies *jou* nie omdat jy so oulik is nie... Glo jy dit werklik?

God bly getrou aan Sy beloftes deur Sy mense se swakhede en sonde heen

Ek hoef nie weer hieroor uit te brei nie. Dit is dwarsdeur Genesis sigbaar. Elke moontlike struikelblok tot die waarmaking van Sy beloftes, word deur God oorkom. Of dit nou hongersnood of onvrugbaarheid of persoonlikheid probleme en leuens was of selfs

haglike dinge soos moord en doodslag. God het in en deur dit getrougebly aan Sy beloftes.

Hy sal al die Nuwe Testamentiese beloftes aan Sy kinders waar maak deur jou swakhede heen.

h God bewaar Sy mense veilig!: 'n Kykie na Openbaring

Wat ons uiteindelik sien as die broers en Jakob deur Josef in Egipte onderhou word is dit: God se mense is veilig, ja self binne in die vreemde en die gevaarlike. En God het dit reeds gewys as die aartsvaders se vrouens veilig bewaar word selfs in die harems van vreemde konings. Hy het dit gewys toe Hy Lot van Sodom bewaar het, toe Hy Jakob wonderbaarlik van Esau bewaar het en Josef by Potifar en in die tronk bewaar het.

En dit is wat Israel later intens sou beleef as God hulle uiteindelik bevry uit Egipte en bewaar in die woestyn tot in die beloofde land

Daar is 'n fassinerende gedeelte in Openbaring 7 wat hierdie waarheid dit duidelik maak vir ons, wat nou leef.

Die rede hoekom ek hierna kyk is omdat die broers van Josef, die 12 stamme van Israel wat deur Jakob geseën word in Genesis 49, hier gevind word.

Blaai na Openbaring 7:1-4:

Daarna het ek vier engele by die vier hoeke van die aarde sien staan. Hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat daar geen wind op die land en op die see en teen enige boom sou waai nie. Ek het ook 'n ander engel van die ooste af sien kom met die seël van die lewende God. Hy het met 'n harde stem geroep na die vier engele aan wie mag gegee is om die land en die see te tref, en het vir hulle gesê: "Moenie die land

en die see en die bome tref nie. Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël." Ek het die getal gehoor van dié wat gemerk is: daar was honderd vier en veertig duisend. Hulle was uit elke stam van die volk Israel:

Johannes sien sien hier 'n prentjie van hoe God mense verseël. Nou die hele gedagte van seël of verseëling is dat jy iets veilig maak, bewaar. Soos 'n konfytpotjie wat jy verseël. En Johannes sien hierdie verseëling te midde van die visioene van seëls wat oopgemaak word (hfst 6) en trompette wat geblaas word (hfst 8), wat maar net uitbeeld al die swaarkry ellendes wat in alle tye vanaf Christus se eerste koms tot Sy wederkoms gebeur. Die seëls en trompette kom wel in Johannes se gesig na mekaar maar dit dek dieselfde tydperk. Die tydperk vanaf Jesus eerste koms tot wederkoms, die tyd waarin ons leef. Terloops as jy al daardie dinge gaan lees wat byvoorbeeld in die trompette gebeur dan sien jy geweldige ooreenkomste met die 10 plae, dit herinner onmiddellik daaraan.

Nou te midde daarvan sien Johannes dat God mense só verseël. Veilig maak. En weereens in die werklike lewe vind die verseëling voor of te midde van al hierdie dinge plaas. As jy tot geloof kom vind hierdie verseëling, hierdie veilig maak plaas (Ef. 1:13)

Maar wie is hulle? Johannes *hoor* dit is 144000 uit elke stam van Israel en as hy kyk dan *sien* hy mense uit elke stam en volk en taal en nasie. Dis dieselfde groep mense. So hierdie mense is niemand anders nie as die kerk van Jesus Christus van alle tye, ek en jy, maar in hierdie visioen van Johannes wat vol beelde is, word hulle die stamme van Israel, God se mense, God se verbondsvolk genoem. Ons weet in die Nuwe Testament word ons die Israel van God genoem in Galasiërs 6. Hierdie groep word weer in Openbaring 14:1 gevind, luister.

Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe.

Ons as God se Nuwe Testamentiese verbondsmense word dus nie die ellendes van die wêreld gespaar nie. Maar ons is veilig te midde daarvan!

Die Lam Leeu uit die stam van Juda (Gen. 49:8-9; Openbaring 5)

Hoekom is ons so veilig? Omrede God die Seun, wat as mens uit die stam van Juda kom, na ons gekom het! Blaai gou na Genesis 49:8-9.

Juda, dit is jy vir wie jou broers sal eer: jy sal jou vyande onderwerp en jou broers sal voor jou buig. Jy is 'n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap. Jy rek jou uit, jy gaan lê rustig soos 'n leeu, soos 'n leemannetje wat deur niemand opgejaag word nie

Wat sê dit vir ons? Dit sê ons die Leeu uit die stam van Juda het gekom vir mense soos Juda – soos ek en jy. En wie is hierdie Leeu? Wel blaai na Openbaring 5:5-6,9!

Toe sê een van die ouderlinge vir my: “Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.” Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is.

Toe sing hulle 'n nuwe lied: “U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U

geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie

Ons as nuwe verbondsmense is gekoop deur Sy bloed en ons is veilig in hierdie wêreld juis omdat Hy die seëls oopbreek. Die geskiedenis met al sy rampe en ellendes is onder Sy beheer! En Hy is die leeu en die lam. Die Een met absolute krag (leeu) maar die Een wat medelye het met swakheid (lam).

Dit is ons God. Dit is die God wie se “slawe” ons is!

h God wil ‘n vaste tuiste gee vir Sy mense

Kyk weer na Genesis 50:24:

Josef het vir sy broers gesê: “Na my dood sal God na julle omsien en Hy sal julle uit hierdie land uit laat trek na die land toe wat Hy met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob.

Nou ons weet dit het gebeur. God het weer ‘n land, ‘n plek gegee vir sy mense soos Hy beloof het. Maar daardie land was net in mikro vorm ‘n afbeelding van wat in Eden was en van wat sou kom. Ons kan seker wees ons God is op pad daarheen. Luister na Openbaring 21:3:

Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

Hier kry ons die verbondsformule wat dwarsdeur die Ou Testament en weer in Hebreërs 8 voorkom. Luister ook na Openbaring 22:1-5.

Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. Tussen die

hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien. Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees. Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

God gaan eendag saam met ons in Sy huis, die nuwe skepping woon. Maar Hy wil hê ons moet nou al geestelik gesproke in Sy huis wees.

h Nader aan jou lyf

Ek vertrou jy het weer duidelik gesien wie is jou en my God.

Ek hoop jy verstaan dat om sy slaaf te wees, iets anders is, heerlik wonderlik. Is jy al Sy slaaf? Of is jy nog die slaaf van 'n God wat soos 'n mens is, soos jy is?

Onthou jy die verhaal van Jesus van die verlore seun. Daarin beklemtoon Jesus vir eens en altyd hoe God is, maar ons verkeerde denke kom ook daar duidelik na vore.

Toe die jongste seun besluit om terug te gaan, het hy besluit hy sal sê sy pa moet hom maar soos een van diensknegte maak. Net soos Josef se broers teenoor Josef.

Maar onthou julle? Die pa het sy lang storie totaal geïgnoreer. Sy pa het lankal vir hom uitgekyk en na hom gehardloop (iets ongekend vir 'n Joodse man) en hy het hom oorlaai met die beste. Hy wou feesvier met sy seun. Want iemand wat soos hy redeneer in effek sê is dit: *“Wel, ek kon dit nie op my eie maak nie. Ek sal God om vergifnis vra, in die hoop*

dat ek 'n minimale straf sal ontvang en dat ek toegelaat sal word om te oorleef op die voorwaarde van harde diens.”

God bly dus 'n harde, verdoemende God. Hierdie God laat my skuldig voel en bekommerd en roep my op tot selfdienende verskonings. Sien sulke onderwerping aan God skep nie ware innerlike vryheid nie, maar is die broeiplek van bitterheid en gegriefdheid. Dit is slawediens in die verkeerde sin van die woord! Die Vader se optrede wys ons dat sy denke verkeerd was.

Ons sukkel in ons geestelike lewens omrede ons dink kind van God wees is slaaf wees van 'n God wat soos ons is.

Hy is nie.

Glo jy al werklik jy is geliefd?

So seker soos Jesus gehoor het “Dit is my geliefde Seun”, kan ek en jy dit nou hoor op grond van wat Hy gedoen het.

Glo jy dit? Of probeer jy nog jouself geliefde maak? Dink aan al die beloftes in die Bybel en jy sal weet wat jou deel is as geliefde van die Vader.

Tog, oor en oor verlaat ons hierdie geestelike huis. Ons vlug vir die hande van seën en hardloop geestelik gesproke na ver plekke op soek na liefde. Op een of ander manier word ons doof vir die stem van wat ons Geliefde seun noem... ware bondgenoot.

Ons verlaat geestelike gesproke elke keer die huis waarin ons in 'n ware verbondsverhouding met God kan staan, wanneer ons geloof verloor in die stem wat ons “geliefde” noem en die stemme volg wat aan ons 'n variteit van maniere voorstel om die liefde te wen wat ons ten diepste begeer.

Ek en jy word geestelik gesproke weer die verlore seun en soos Josef se broers, elke keer wanneer ons soek vir onvoorwaardelike liefde op die

plek waar dit nie gevind kan word nie. Hoekom hou ons aan om die plek van ware liefde te ignoreer en elders daarvoor te soek?

Kom nou!

Ek en jy is slawe van God, ja, ons met alles wat ons is behoort aan Hom en Hy kan met ons maak wat Hy wil.... maar dit is die heerlikste plek waar jy kan wees.

In die huis van hierdie God van Genesis!

Bronne geraadpleeg:

König, A.1982. *Hy kan weer en meer: Gelowig nagedink oor die skepping*. NGKB. Pretoria.

Pickney, C. *Sermons on Genesis*.

Walton, H. 2000. Genesis. In: *The NIV Application Commentary*. Zondervan. Grand Rapids. Michigan.

Walton, H. 2009. *The lost world of Genesis one*. IVP. Downers Grove.

